

'N ONDERSOEK NA ASPEKTE VAN 'N SISTEMIESE

BESKRYWING VAN AFRIKAANS

deur

PIETER DANIËL VAN DER WESTHUIZEN

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Universiteit van Natal

Durban 1986

ERKENNING

Hierdie verhandeling is deel van 'n navorsingsprojek oor Sistemiese Taalkunde wat deur die finansiële ondersteuning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) moontlik gemaak is. Die menings wat hierin uitgespreek word, en die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is egter uitsluitlik die van die skrywer en moet nie as die van die RGN beskou word nie.

VOORWOORD

Behalwe vir nege maande onafhanklike navorsing in 1983 aan die Universiteit van Londen, is die werk aan hierdie verhandeling vanaf April 1981 tot Desember 1985 onder die leiding van prof. T.J.R. Botha in die Departement van Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Natal, Durban, uitgevoer.

Die studie is die oorspronklike werk van die skrywer en is nie in hierdie of in 'n ander vorm by enige van die ander universiteite ingedien nie.

Verwysings na ander studies en ondersoeke word in die verhandeling erken.

BEDANKINGS

My dank en waardering aan die volgende persone:

Prof. T.J.R. Botha vir sy aansporing en leiding;

Prof. M. de Villiers wat vir so baie van ons die taalkundewêreld
ooggemaak het;

Neil Smith, Dick Hudson, Robin Fawcett, Margaret Berry en Chris Butler
vir hulle hulp en gasvryheid tydens my besoek aan Engeland in 1983;

My ouers vir hulle belangstelling en ondersteuning;

Johan en Birdie Potgieter vir die tikwerk en sketse.

SAMEVATTING

Soos die meeste wetenskappe bestaan die Taalkunde uit verskeie denkskole met uiteenlopende benaderings. Die Sistemiese Skool bestaan uit 'n groep taalkundiges wat veral daarin geïnteresseerd is om taal binne die sosiale konteks te bestudeer. Hulle het daarom 'n *interpersoonlike* benadering. Hierdie benadering in die Britse Linguistiek het sy ontstaan gehad by die werk van Malinowski in die twintigerjare. Dit was egter veral M.A.K. Halliday wat sedert die sestigerjare 'n besondere rigting daaraan gegee het deur dit in 'n meer wetenskaplike teoretiese raamwerk te plaas. In die jare sewentig het Sistemiese Taalkunde al hoe meer in 'n generatiewe rigting ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het tot verskeie generatiewe modelle gelei. Uiteindelik het daar ook 'n "breuk" in die skool ontstaan toe Fawcett na 'n *intrapersoonlike* uitgangspunt oorgeskakel het, en op dié wyse nader aan party van Chomsky se opvattinge beweeg het.

In die eerste drie hoofstukke van hierdie verhandeling word die historiese agtergrond van die ontwikkeling van Sistemiese Taalkunde kortlik geskets. Verder is daar 'n uiteensetting van die spesifieke variasie van die "Skaal en kategorie"-model wat in hoofstukke 4 en 5 gebruik word vir die beskrywing van aspekte van die Afrikaanse grammatika. Hierdie beskrywing toon aan dat die "Skaal en kategorie"-model ten opsigte van die beskrywing van die oppervlaktegrammatika nie veel nuuts by te dra het tot die beskrywings van Afrikaans wat reeds binne ander teoretiese raamwerke bestaan nie. Die beskrywings van die dieptegrammatika in hoofstuk 5 toon egter dat die sistemiese benadering in hierdie opsig 'n aanwinst kan wees. Die dieptebeskrywing toon interessante onderliggende verskille tussen stelling en bied ook 'n groot veld waarbinne waardevolle navorsing oor Afrikaans gedoen kan word.

Die laaste hoofstuk van die verhandeling bevat 'n evaluering van die "Skaal en kategorie"-model, asook aspekte van Sistemiese Teorie in die algemeen. Praktiese toepassings van Sistemiese Taalkunde word ook genoem, en navorsingsmoontlikhede ten opsigte van 'n sistemiese beskrywing van Afrikaans word aangedui.

Sistemiese Taalkunde het swakhede maar ook groot moontlikhede. Die besondere blik wat die sistemici op die taalfenomeen het, maak hulle benadering egter, na my mening, 'n baie vrugbare benadering tot taalnavorsing en taalbeskrywing. Weens die groeiende invloed wat Sistemiese Taalkunde in die Engelse Taalkunde

het, mag dit nie langer geïgnoreer word nie. Hierdie verhandeling wil dan ook, onder andere, 'n bydrae wees tot die bekendstelling van Sistemiese Teorie aan die Afrikaanse Taalkunde.

SUMMARY

Modern linguistics consist of several schools of thought with diverse approaches. The Systemic School consists of a group of linguists who primarily study language within the social context. They thus have an *interpersonal* approach. This approach within British Linguistics originated in the work of Malinowski in the twenties. In the sixties it was M.A.K. Halliday in particular who gave direction to this approach by placing it within a more scientific theoretical framework. In the seventies Systemic Linguistics developed in a generative direction. This development led to several generative models, and, eventually, to Fawcett's divergence from the existing school to an *intrapersonal* approach which approximated some of Chomsky's views.

The historical background and development of Systemic Linguistics is outlined briefly in the first three chapters of the thesis. The specific variation of the Scale and Category model that is used in chapters 4 and 5 to describe aspects of Afrikaans grammar is also explained. This description of aspects of Afrikaans grammar indicates that, in respect of surface grammar, the Scale and Category model does not contribute much to the existing descriptions of Afrikaans within other theoretical frameworks. In respect of the deep grammar, on the other hand, the systemic approach has been shown to be a gain. It illustrates interesting underlying differences between clauses, and offers a wide field of research into Afrikaans.

The last chapter of the thesis is an evaluation of the advantages and weaknesses of the Scale and Category model, as well as aspects of Systemic Theory in general. Practical applications of Systemic Grammar are indicated, and research possibilities in respect of a systemic description of Afrikaans are identified.

Systemic Linguistics has its strong points and weak points. Because of their specific view on the language phenomenon, the systemicists' approach is, in

my opinion, a very fruitful way to study language. Because of the growing influence of Systemic Linguistics on English Linguistics, it can no longer be ignored. This thesis, amongst other things, attempts to contribute to the introduction of Systemic Theory to Afrikaans Linguistics.

		<u>Bladsy</u>
1.	DOELSTELLINGS EN WETENSKAPLIKE ORIËNTASIE 1
1.1	<u>DOELSTELLINGS</u> 1
1.2	<u>TAALWETENSKAPLIKE ORIËNTASIE</u> 1
1.2.1	Inleiding 1
1.2.2	Kritiese opmerkings oor die Generatiewe Taalondersoek 2
1.2.3	Taalwetenskap in 'n ruimer sin 3
1.2.3.1	Taalondersoek moet eksplisiet wees 5
1.2.3.2	Taalondersoek moet sistematies wees 6
1.2.3.3	Taalondersoek moet objektief wees 7
1.2.4	Samevatting 8
2.	'N HISTORIESE SKETS VAN DIE SISTEMIESE BENADERING 12
2.1	<u>INLEIDING</u> 12
2.2	<u>ONTWIKKELING VAN SISTEMIESE TAALKUNDE</u> 12
2.2.1	Malenowski 13
2.2.2	Firth 15
2.2.3	M.A.K. Halliday 16
2.2.3.1	Vroegste werk 16
2.2.3.2	"Skaal en kategorie"-grammatika 17
2.2.3.2.1	Eenheid en rang 18
2.2.3.2.2	Struktuur en delikaatheid 19
2.2.3.2.3	Klas 22
2.2.3.2.4	Sisteem 23
2.2.3.2.5	Eksponensie 23
2.2.3.3	Die onderskeid tussen dieptegrammatika en oppervlaktegrammatika 23
2.2.3.4	Die ontwikkeling van 'n funksionele model 24
2.2.4	Sistemiese generatiewe grammatika 26
2.2.4.1	Teoretiese klemverskille 26
2.2.4.2	R.A. Hudson 26
2.2.4.3	R.P. Fawcett 27
2.2.4.4	M.A.K. Halliday 28

	<u>Bladsy</u>
2.2.4.5	Hoe "werk" 'n sistemiese generatiewe grammatika 28
2.2.4.6	Taal as sosiale semiotiek 33
2.2.4.7	Slotopmerkings 35
3.	<u>MODELSKETS EN TERREINAFBAKENING</u> 36
3.1	<u>INLEIDING</u> 36
3.2	<u>DIE LINGUISTIESE SISTEEM</u> 36
3.2.1	Die funksionele komponent 36
3.2.2	Die oppervlaktegrammatika 38
3.3	<u>TEKS</u> 38
3.4	<u>SITUASIE</u> 39
3.5	<u>REGISTER</u> 41
3.6	<u>KODE</u> 42
3.7	<u>SOSIALE STRUKTUUR</u> 42
3.8	<u>SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HALLIDAY SE MODEL VAN TAAL AS SOSIALE SEMIOTIEK</u> 43
3.9	<u>TERREINAFBAKENING</u> 44
3.9.1	Die woord "grammatika" 44
3.9.2	Grammatika in die sistemiese model 45
4.	<u>'N BESPREKING VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKAANSE OPPERVLAKTEGRAMMATIKA</u> 47
4.1	<u>KETTINGVERHOUDINGS EN KEUSEVERHOUDINGS</u> 47
4.2	<u>REALISASIE, VULLING EN KOMPONENSIE</u> 47
4.3	<u>METODOLOGIE</u> 50
4.4	<u>DIE STRUKTUUR VAN AFRIKAANSE WOORDE</u> 50
4.4.1	Vrye en gebonde morfeme 53
4.4.1.1	Agtergrond 53
4.4.1.2	Stamme 53
4.4.1.3	Stam en woordkorrelaat 54
4.4.1.4	Onselfstandige stamme 55
4.4.1.5	Wortels 56
4.4.1.6	Stampartikels 56
4.4.1.7	Diskontinue stamme 57

	<u>Bladsy</u>	
4.4.1.8	Voegsels 58
4.4.1.9	Voor- en agtervoegsels 58
4.4.1.10	Die kategoriale semantiese en/of grammatiese waarde van voor- en agtervoegsels 58
4.4.1.11	Fleksie en afleiding 60
4.4.1.12	Ander tipes voegsels 62
4.4.1.13	Die alkantvoegsel 62
4.4.1.14	Die intervoegsel 62
4.4.1.15	Die invoegsel 63
4.4.2	Die sistemiese opvatting 63
4.4.2.1	Verskille ten opsigte van die stam 63
4.4.2.2	Die basis 63
4.4.2.3	Ander elemente 64
4.4.2.4	Slotopmerkings 67
4.5	<u>DIE STRUKTUUR VAN AFRIKAANSE WOORDGROEPE</u> 69
4.5.1	Die naamwoordgroep 69
4.5.2	Die tipes naamwoordgroep 70
4.5.2.1	Die bepaalde voornaamwoorde 71
4.5.2.2	Die onbepaalde voornaamwoorde 71
4.5.2.3	Die vorm van die voornaamwoorde 73
4.5.2.4	Slotopmerkings 73
4.5.3	Die substantiefgroep 74
4.5.3.1	Die soortnaamwoordmodifiseerder(s) 75
4.5.3.1.1	Die enkelvoudsoortnaamwoordmodifiseerder(s) 75
4.5.3.1.2	Die meervoudsoortnaamwoordmodifiseerder(s) 76
4.5.4	Die massanaamwoordmodifiseerder(s) 76
4.5.5	Rangverskuiwing by die naamwoordgroep 76
4.5.6	Verduideliking van terme 78
4.5.6.1	Die lidwoordparadigma (lwp) 78
4.5.6.2	Die telwoorde (tw) 78
4.5.6.3	Die deelbepaling (dbp) 79
4.5.6.4	Die adjektiefgroep 79
4.5.6.5	Die substantiefgroepkwalifisering 79
4.5.6.5.1	Voorsetselgroepe 79
4.5.6.5.2	Adjektiefgroepe gekoppel deur "en" 80
4.5.6.5.3	Los voorbeelde 80

		<u>Bladsy</u>
4.5.6.6	Voorbeelde van ontledings 81
4.6	<u>DIE WERKWOORDGROEP</u> (Wg) 82
4.6.1	Die leksikale werkwoord (1) 84
4.6.2	Die medewerkwoorde (MW) 84
4.6.3	Die tipes leksikale werkwoord 86
4.6.3.1	Die intransitiewe werkwoord 86
4.6.3.2	Die transitiewe werkwoorde 86
4.6.3.3	Die koppelwerkwoord 87
4.6.4	Voorbeelde van ontledings 89
4.7	<u>DIE ADJEKTIEFGROEP</u> 94
4.7.1	Tipes adjektief 94
4.7.2	Graadtrappe 94
4.8	<u>DIE VOORSETSELGROEP</u> 95
4.8.1	Enkelvoudige en komplekse voorsetsels 96
4.8.2	Semantiese verskille 97
4.9	<u>STELSTRUKTUUR</u> 97
4.9.1	Inleiding 97
4.9.2	Stelstruktuurelemente 99
4.9.3	Die volstel 100
4.9.3.1	Inleiding 100
4.9.3.2	Die struktuurelemente van die bewerende volstel 100
4.9.3.3	Die predikator en die komplemente 103
4.9.3.4	Die intensiewe komplemente 104
4.9.3.5	Ekstensiewe komplemente 106
4.9.3.5.1	Die komplemente wat volg op monotransitiewe werkwoorde 107
4.9.3.5.2	Komplemente wat volg op voorsetselwerkwoorde 108
4.9.3.5.3	Komplemente wat volg op ditransitiewe werkwoorde 108
4.9.3.5.4	Komplekstransitiewe komplemente 110
4.9.3.6	Die adjunkte 110
4.9.3.6.1	Kernadverbiale 111
4.9.3.6.2	Randadverbiale 120
4.10	<u>DIE STRUKTUUR VAN SINNE</u> 123
4.10.1	Enkelvoudige sinne	... 124

			<u>Bladsy</u>
4.10.2	Samegestelde sinne	124
4.10.3	Aanlywing en inlywing	126
4.10.3.1	Die status van die bindwoord "en"	127
4.10.3.2	Diepte	128
4.10.3.3	Inlywing	129
4.10.4	Rangverskuiwing	130
4.10.4.1	In die plek van naamwoordgroepe	131
4.10.4.2	In die plek van kernadverbiale	136
4.10.4.3	In die plek van disjunkte	137
4.10.4.4	As kwalifiseerder by 'n naamwoordgroep	137
4.10.4.5	Rangverskuiwing op vlakke laer as die sin	138
4.10.4.6	Rangverskuiwing en rekursiwiteit	140
4.10.4.7	Soort bysinne wat by rangverskuiwing optree	141
4.10.4.7.1	Die volle bysin	141
4.10.4.7.2	Die verkorte bysin	141
4.11	<u>SAMEVATTING</u>	141
5.	<u>'N BESPREKING VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKAANSE DIEPTEGRAMMATIKA</u>	143
5.1	<u>INLEIDING</u>	143
5.2	<u>TRANSITIWITEIT</u>	143
5.2.1	Basiese steltipes	145
5.3	<u>PROSESTIPES</u>	156
5.4	<u>LEKSIKALE ASPEK VAN PROSESTIPES</u>	160
5.5	<u>DEELNEMERSTIPES</u>	161
5.5.1	Die mediale ontleding	162
5.6	<u>TEMA</u>	163
5.6.1	Inleiding	163
5.6.2	Gemerkte en ongemerkte tema	163
5.6.3	Soorte gemerkte bewerende tema	165
5.6.3.1	Nie-geprediseerde tema	165
5.6.3.2	Geprediseerde gemerkte bewerende tema	167
5.6.4	Vraende tema	168
5.6.5	Netwerkskets	168
5.6.6	Ander tematiese verskynsels	170

			<u>Bladsy</u>
5.7	<u>MODUS</u>	171
5.8	<u>VORM</u>	174
5.9	<u>INFORMASIE</u>	175
5.10	<u>h PAAR SISTEME OP GROEPVLAK</u>	175
5.10.1	Op naamwoordgroepvlak	175
5.10.2	Op werkwoordgroepvlak	179
5.11	<u>SAMEVATTING</u>	180
6.	<u>EVALUERING EN FINALE OPMERKINGS</u>	181
6.1	<u>INLEIDING</u>	181
6.2	<u>DIE RANGSKAAL</u>	181
6.3	<u>RANG EN DIEPTE</u>	184
6.4	<u>DIE STRUKTUURKATEGORIE</u>	186
6.5	<u>DIE KATEGORIE-KLAS</u>	188
6.6	<u>DIE TAKSONOMIESE AARD VAN DIE "SKAAL EN KATEGORIE"-MODEL</u>	190
6.7	<u>TOEPASSING VAN DIE OPPELVAKTEGRAMMATIKA OP TWEE TEKSTE</u>	192
6.8	<u>TOEPASSING VAN DIE DIEPTEGRAMMATIKA OP h TEKS</u>	205
6.9	<u>ANDER TOEPASSINGS VAN SISTEMIESE TAALKUNDE</u>	211
6.10	<u>FINALE OPMERKINGS</u>	213
6.10.1	Sistemiese taalkunde in die algemeen	214
6.10.2	Doelstellings	215
7.	<u>LYS VAN AFKORTINGS EN SIMBOLE</u>	217
8.	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	218

1. DOELSTELLINGS EN WETENSKAPLIKE ORIËNTASIE

1.1 DOELSTELLINGS

Dit is die doel van hierdie ondersoek om aan die volgende sake, wat hier nie noodwendig in volgorde van belangrikheid verskyn nie, aandag te gee:

- i) In die eerste plek word h oorsig beoog van die herkoms en aard van die werk van die Sistemiese Skool, wat in Londen ontstaan het, maar tans aanhangers het in verskeie ander sentra in die Verenigde Koninkryk, die V.S.A. en Kanada, asook in Wes-Duitsland, Noord-Afrika en Australië.
- ii) Daar wil ook h beskrywing gegee word van die werking van h sistemiese model, en aspekte van die Afrikaanse grammatika sal daarvolgens beskryf word. In die proses sal noodwendig sekere nuwe vrae oor Afrikaans gevra moet word en sal nuwe probleemareas ook aangesny word.
- iii) Daar sal ook verder krities gekyk word na aspekte van die sistemiese model wat hier gebruik word en ook na sistemiese teorie oor die algemeen. Op hierdie wyse sal gepoog word om h bydrae te lewer tot die sistemiese debat en die studie van taal in die algemeen.
- iv) Soos die bespreking vorder, sal ook verdere gebiede vir navorsing oor Afrikaans geïdentifiseer word.
- v) In die laaste plek moet hierdie studie ook dien as h verslag van h navorsingsprojek oor Sistemiese Grammatika.

1.2 TAALWETENSKAPLIKE ORIËNTASIE

1.2.1 Inleiding

Onder filosowe, en ook taalwetenskaplikes, is daar geen eenstemmigheid oor wat wetenskaplike kennis is en oor wat die wetenskaplike metode presies behels nie. In die literatuur word die terme *wetenskap* en *wetenskaplik* dikwels gebruik om na uiteenlopende en soms skynbaar onversoembare metodologieë te verwys (vergelyk byvoorbeeld Pratt 1978: 82-89; Putnam 1979: 374-380). Ook Caws (1967: 339-343) begin sy opstel oor die "Scientific Method" met wat hy noem "a note of scepticism about the possibility of a prescriptive methodology for science in general".

Die debat oor die wetenskaplike metode het ook duidelik h neerslag in die

taalkundige ondersoek van die afgelope paar dekades gehad. Dit was veral onder die invloed van die hipoteties-deduktiewe metode van Karl Popper dat die werk van die Generatiewe Skool 'n sogenaamde "rewolusie" in die moderne Taalkunde veroorsaak het (vergelyk onder andere Lyons 1970; Botha 1978 en Smith en Wilson 1979).

1.2.2 Kritiese opmerkings oor die Generatiewe Taalondersoek

In die laaste deel van hierdie hoofstuk word 'n pleidooi gelewer dat taalwetenskaplikes meer verdraagsaam moet wees teenoor enger sowel as meer pragmatiese benaderingswyses binne die veld van taalstudie. Om hierdie pleidooi in reliëf te plaas, word daar nou eers enkele kritiese opmerkings gemaak oor die Generatiewe Taalkunde.

Die term *Generatiewe Taalondersoek* word hier gebruik soos uitvoerig uiteengesit deur Botha (1978). 'n Mate van vertroutheid met Chomsky se model, en variasies daarop, word veronderstel. Daar sal dus nie hier verder daarop ingegaan word nie. Weens ruimtegebrek kan ook net die heel belangrikste kritiese punte genoem word. Daar moet ook gesê word dat alhoewel die woord *generatief* hier gebruik word om na Chomsky se teorie en die variasies daarop te verwys, daar ook eksplisiete, d.w.s. generatiewe sistemiese modelle bestaan. In hoofstuk 2 van hierdie studie word daar verder op die kwessie van generatiewe sistemiese grammatikas ingegaan.

Moore en Carling (1982: 19-20) wys daarop dat Chomsky nie soseer 'n rewolusie in die moderne taalwetenskap teweeggebring het nie. Hy het net op die werk van die Amerikaanse deskriptiviste voortgebou. Wat hy gedoen het was om party van die probleme op te los wat hulle met hulle korpuse en struktuurgrammatikas gehad het, deur van 'n induktiewe na 'n deduktiewe model oor te skakel. Dit het aan hom die wiskundige apparaat verskaf waarmee hy sy probleme kon aanpak.

Moore en Carling (1982: 31) sê verder dat die deskriptiviste slegs op vorm en vormlike patrone gekonsentreer het (vergelyk byvoorbeeld Harris 1951). Hulle het geen aandag aan die semantiese aspek van taal gegee nie. Ook Chomsky het aanvanklik gehuiwer om betekenis in ag te neem. In 'n hoofstuk getitel "The Wild Goose Chase of Meaning out of Language" kritiseer ook Robinson (1975: 87-144) die generatiewe siening oor die inhoud van die semantiese komponent van 'n grammatika. Volgens Smith en Wilson (1979: 63-64) is die sake waarvan 'n semantiese teorie rekenskap moet gee

die volgende: Die spreker se vermoë om relasies tussen sinne te parafraseer; sy vermoë om dubbelsinnighede in sinne te herken; sy vermoë om teenstrydighede en anomalieë in sinne op te spoor; die opspoor van toutologieë en die analitiese waarheid. Dit lyk dus of hulle slegs na die aspekte van betekenis kyk wat deur middel van reëls geformaliseer kan word. Dit lyk asof hierdie spesifieke siening nie soseer bepaal word deur probleme met taal nie, maar dat hulle deur die model veroorsaak word.

Verder is dit ook so dat die onderskeid tussen "grammatikaal" en "ongrammatikaal" wat vir die generatiewe taalkundiges so belangrik is, nie gemaak kan word sonder om van betekenis gebruik te maak nie.

Die generativiste se onderskeid tussen taalbeheersing en taalgebruik kan ook gekritiseer word. Matthews (1979) gee 'n hele reeks voorbeelde uit Engels wat volgens hom bewys dat hierdie onderskeid nie end-uit sinvol gemaak kan word nie. Dit lyk asof dit 'n onderskeid is wat in 'n groot mate op arbitrêre wyse gemaak moet word.

Omdat die generativiste met 'n deduktiewe model werk, moet hulle noodwendig sekere idealiserings maak (sien byvoorbeeld Botha 1978: 338-340). Moore en Carling (1982) en Robinson (1975) het ernstige besware hierteen. Ook Givón (1979) het besware teen die idealiserings en die feit dat dit die databasis drasties verklein.

Die kritiese opmerkings wat hier oor die werk van die generativiste gemaak is, dui daarop dat geen enkele benadering vry van kritiek kan wees nie. 'n Mens moet egter ook, ongeag die kritiek, nie die oë sluit vir die geweldige bydrae wat die generatiewe benadering tot die ontwikkeling van die moderne Taalkunde gemaak het nie. Daar moet egter ook lewensruimte gegun word aan ander teoretiese opvattinge. Dit is slegs op grond van 'n vrye wisselwerking tussen verskillende teorieë dat daar ook in die taalstudie vordering gemaak kan word. Dit is met hierdie pleidooi in gedagte dat die volgende paragraaf, wat handel oor taalwetenskap in 'n ruimer sin, gelees moet word.

1.2.3 Taalwetenskap in 'n ruimer sin

Robinson (1975) beweer dat die taalwetenskap nie 'n eksakte wetenskap kan wees nie. Hy sê onder andere (Robinson 1975: 170): "The study of language cannot be a science in the sense of *science* consistently intended by Chomsky and all his friends and enemies within linguistics..."

Dit laat onmiddellik die vraag ontstaan in watter opsig die taalkunde dan wel 'n wetenskap genoem kan word. In hierdie verband sê Lyons (1981: 37): "Linguistics suffers more than most disciplines from the very specific implications of the English words 'science' and 'scientific', which refer, first and foremost, to the natural sciences and the methods of investigation characteristic of them". Hy sê verder dat die Duitse woord "Wissenschaft", en die Russiese woord "nauka", en selfs "science" in Frans, nie dieselfde beperkte betekenis het nie. Dieselfde opmerking kan ook vir Afrikaans en Nederlands geld.

In die *Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* (Van Dale) word gesê dat, naas ander betekenis, die woord "wetenschap" 'n meer abstrakte betekenis het, nl: "... het systematisch geordende geheel van het weten en van de regels waarmee verdere kennis verkregen kan worden". Die *Kernwoordeboek van Afrikaans* (De Villiers, e.a.) sê: "... sistematies geordende menslike kennis", en die *H.A.T.* (Odendal e.a.): " 2. Geheel van menslike kennis; kennis van feite, verskynsels en wette, verkry en bewys deur eksperimente en logiese redenering. 2. Studieveld, kennisafdeling bestaande uit sistematies gerangskikte feite wat op algemene beginsels berus". Daar kan dus geen beswaar daarteen wees om die terme "wetenskap" en "wetenskaplik" in Afrikaans in 'n ruimer sin as wat in Engels die geval is te gebruik nie.

Hoe ruim die term "wetenskaplik" geïnterpreteer sal word, hang van die betrokke ondersoeker self af, want in wese is die verskil tussen baie van ons alledaagse aktiwiteite en sogenaamde "wetenskaplike" aktiwiteite net 'n verskil in graad. Wetenskaplike aktiwiteite behels net 'n hoër mate van abstraksie, sistematisering, modellering, ens. Waar die lyn tussen aktiwiteite wat wetenskaplik is en die wat dit nie is nie, getrek moet word, is dus 'n arbitrêre saak.

In 'n poging om vas te stel wat die eienskappe is wat wetenskaplike taalonderzoek sal moet hê, is die werk van die volgende skrywers as vertrekpunt geneem: Dinneen (1967); Lyons (1968 en 1981); Crystal (1972) en Allerton (1979). In hierdie werke is gesoek na 'n grootste gemene deler wat as riglyn kan dien by die bepaling van die "vereistes" waaraan 'n stuk taalonderzoek sal moet voldoen om as 'n wetenskaplike ondersoek beskou te kan word. Hierdie grootste gemene deler sluit minstens die volgende eienskappe in:

Taalkundige ondersoek moet *eksplisiet* wees;
 dit moet *sistematies* wees en
 dit moet *objektief* wees.

Daar is natuurlik ook probleme verbonde aan elkeen van hierdie "vereistes".
 Van die belangrikste van hulle word vervolgens bespreek.

1.2.3.1 Taalondersoek moet eksplisiet wees

Onder invloed van die generatiewe taalkunde het die term "eksplisiet" binne die moderne taalkunde 'n vernouing in betekenis ondergaan. Palmer (1971: 151-152) sê byvoorbeeld: "... to say that a grammar is generative, is to say that it is explicit; that is that it EXPLICITLY indicates just what are the possible sentences of the language". Wat hy presies bedoel, word duideliker as 'n mens die volgende opmerking van Chomsky (1965: 8) daarby lees: "If the grammar is, furthermore, perfectly explicit — in other words, if it does not rely on the intelligence of the understanding reader but rather provides an explicit analysis of his contribution — we may (somewhat redundantly) call it a *generative grammar*".

Dit is dieselfde betekenis wat Hudson (1971: 7) in gedagte het as hy onder andere die volgende oor 'n sistemiese generatiewe grammatika sê: "... to be generative in the usual sense of this term in linguistics: a grammar should consist of rules that can be used in a completely mechanical way to decide whether or not any given object is well-formed..."

Die term *eksplisiet* kan egter ook in 'n wyer verband gebruik word. Hierdie wyer betekenis word vervolgens kortliks bespreek.

Die eerste belangrike aspek van die eksplisiete taalondersoek wat genoem kan word, is die *metataal* of *terminologie* wat deur die taalnavorsers in sy beskrywings gebruik word. Terminologie kan nie sonder meer op 'n onkritiese wyse gebruik en aanvaar word nie. Crystal (1971: 79) wys daarop dat: "Even supposedly basic terms, like 'vowel', 'noun' and 'sentence', have a multitude of definitions; and it is dangerous to assume that your particular view of a term will be clear without explanation to your audience".

'n Tweede belangrike aspek wat met betrekking tot die eksplisiete aard van taalnavorsing genoem kan word, is die noodsaaklikheid vir duidelike, on-dubbelsinnige en goed geformuleerde *kriteria* waarvolgens klassifikasies

gemaak kan word. Crystal (1971: 83) wys daarop dat die taalkunde in hierdie opsig 'n groter probleem het as die ander dissiplines omdat die studieobjek van die taalkunde juis taal is, en taal ook in die navorsers se beskrywings gebruik moet word. 'n Laaste punt wat ten opsigte van die eksplisiete aard van taalnavorsing genoem kan word, het te doen met die data wat deur die ondersoeker gebruik word. Hiervan sê Crystal (1971: 85) onder andere: "A final example for the need for explicitness arises out of the nature of the data linguistics is for the most part concerned with. While the main aim of the subject is to establish general, theoretical principles which will explain the structure of particular languages and ultimately language as a whole, in order to begin moving towards this goal, we must, in the nature of things, start with the study of individual language users".

Matthews (1979: 15) wys daarop dat ons beskrywings van taal vergelyk kan word met die teken van 'n landkaart, en dat dit onder andere 'n kwessie is van wat hy noem "cutting and smoothing" — dit wil sê "sny en skaaf". Die probleem is egter waar presies om te "sny" en hoeveel om af te "skaaf". Soos die maker van 'n landkaart, kan die taalkundige ondersoeker nie 'n volledige weergawe van sy studieobjek gee nie. Hy moet keuses maak op grond van die betrokke probleem wat hy voor oë het. Hy maak ook metodologiese keuses oor hoe hy die probleem moet benader. In hierdie hele proses moet hy eksplisiet te werk gaan.

1.2.3.2 Taalondersoek moet sistematies wees

Die tweede minimumvereiste wat aan taalondersoek gestel kan word, is dat dit *sistematies* moet wees. Hierdie vereiste vloei natuurlik voort uit die eerste, naamlik dat die taalondersoeker sal poog om eksplisiet te werk te gaan. Om sistematies te werk te gaan is nie 'n totaal ander ding as om eksplisiet te werk te gaan nie. Dit word hier egter bloot ter wille van spesiale nadruk afsonderlik bespreek.

Crystal (1971: 79) wys daarop dat 'n mens nooit volledig eksplisiet kan wees nie... "there are too many unknown factors which lead us to make the decisions we do — factors which arise out of our own personalities and situations..." Die mate waarin 'n taalkundige se werk sistematies uitgevoer word, sal egter 'n besliste invloed hê op die mate van eksplisietheid wat hy daarmee bereik. Allerton (1979: 9) konstateer die feit dat 'n taalkundige navorser taal benader met die aanname dat dit sistematies is,

anders sou dit nie kon funksioneer nie. So 'n aanname of werkshiptese is noodwendig ook 'n sistematiese konstruksie. Daarom sê hy verder op dieselfde bladsy: "It is therefore essential for a linguistic account of the language to be systematic: this means being consistent, being thorough to the extent of exhaustiveness and at the same time keeping the account as simple as possible".

Dieselfde punt word ook deur Crystal (1971: 90) bespreek. Hy sê dat die taalkundige 'n probleem benader met minstens 'n werkshiptese in sy kop, of selfs met 'n volledige model of raamwerk. Dit is belangrik om daarop te wys dat die taalkundige navorser sy insig in die verskynsel wat hy ondersoek, sal verbeter, slegs as hy sy model of raamwerk tydens sy ondersoek konsekwent toepas. Die feit dat die taalkundige navorser 'n probleem sal benader met sekere vooraf aannames, of met 'n spesifieke model in gedagte, het natuurlik belangrike implikasies ten opsigte van die mate van *objektiwiteit* waarmee hy kan werk. Die objektiwiteitsvereiste is die laaste minimumvereiste ten opsigte van wetenskaplike taalnavorsing en beskrywing wat hier bespreek word.

1.2.3.3 Taalondersoek moet objektief wees

'n Mens werk in die alledaagse lewe voortdurend met modelle. As 'n motoris byvoorbeeld by 'n rooi robot stilhou, maak hy van 'n eenvoudige model gebruik waarvolgens hy die optrede van die ander motoriste in die onmiddellike omgewing probeer voorspel. Dieselfde kan gesê word van byvoorbeeld iemand wat by 'n supermark inloop, sekere artikels neem en dan in 'n tou staan om daarvoor te betaal, en so meer. Elke dag maak elke individu van 'n oneindige aantal modelle gebruik, wat van uiters eenvoudig tot geweldig gekompliseer kan wissel. Die verskil tussen aktiwiteite wat as "wetenskaplik" beskou word en "nie-wetenskaplike" aktiwiteite is dus eintlik net 'n graadverskil, want wetenskaplike bedrywighede behels gewoonlik hoogs gestruktureerde hipoteses en 'n geordende stel optredes. Daar kan dus gesê word dat elke ding wat ons waarneem in 'n sekere sin "teorie"-gekleurd is (sien byvoorbeeld Lyons 1981: 43). Verder sê Pratt (1978: 90): "Human beings, it seems plausible to say, are typically subject to moral *obligations*, and this is a further difference between them and the objects studied by natural science".

In hulle optrede word mense ook verder beïnvloed deur hulle spesifieke waarnemingsisteme. Pratt (1978: 93) noem die voorbeeld van twee ekonome

wat op grond van dieselfde stel ekonomiese verskynsels met twee totaal verskillende interpretasies vorendag kom. Hy maak dan die volgende gevolgtrekking: "Somehow, then, economists' views about what is good in a man and what would be good for society are supposed to feed into their process of investigation and theorizing, and so partly determine the conclusions they reach. And the same is true, they say, throughout social science. There is no such thing as an 'objective' theory of research finding. Always they involve the relevant evaluations of their authors, and in consequence it is no surprise to find two social scientists with different 'evaluations' — with different moral and political outlooks — arguing indefinitely over mutual incompatible conclusions".

Dis nie net sy morele waardesisteem en die ideologiese milieu waarin 'n navorser werk wat sy objektiwiteit kan beïnvloed nie, maar ook die teoretiese agtergrond wat hy reeds ten opsigte van sy spesifieke navorsingsprobleem het. Geen navorser kan dus "buite" die saak wees wat hy waarneem nie (vergelyk ook Robinson 1975: 1-14). Suiwer objektiwiteit is daarom 'n kenideaal waarna slegs gestrewe kan word.

1.2.4 Samevatting

Binne die wetenskapsfilosofie is daar nie eensgesindheid oor begrippe soos *wetenskap*, *wetenskaplik* en *wetenskaplike metode* nie. Caws (1967: 343) stel dit soos volg: "... the general conclusion is that the method of science is a mixture — the proportions of which vary from one science to another — of logical construction and empirical observation, these components standing in a roughly dialectical relation. The details on either side of this division remain the object of a range of inquiries from the study of laboratory techniques to pure axiomatics".

En hierdie stand van sake word goed weerspieël deur die taalkunde waarbinne daar verskillende denkskole met verskillende opvattinge en metodologieë bestaan.

As voorbeeld van een soort benadering, wat hier 'n enger benadering genoem kan word, kan die bespreking begin word by De Saussure wat taal gesien het as 'n onafhanklike geheel wat die gemeenskaplike besit van 'n sprekersgroep is. Daarom sê hy byvoorbeeld in sy "Course in General Linguistics" (1959-vertaling van Baskin) onder andere:

"Language is concrete no less than speaking; and this is a help in our study of it. Linguistic signs, though basically physical, are not abstractions; associations which bear the stamp of collective approval — and which added together constitute language — are realities that have their seat in the brain...".

Taal is vir hom iets wat los van die situasie en konteks waarin dit gebruik word, bestudeer kan word.

Ook Lamb (1966: 1) huldig 'n soortgelyke siening, en sê onder andere dat 'n taal, op grond van sy aard, 'n verband lê tussen klankstrome en betekenis.

Ook Langacker (1967: 23-24) sê iets soortgelyks oor taal:

"When A wishes to convey an idea to B, the signal that A produces to do so is a sequence of sounds. B cannot observe A's idea directly; he can only observe the sounds A emits. From them, he somehow deduces what he believes A's thought to be. A and B use a language to communicate, but the language is neither the sounds passing through the air nor the thought they represent. The language is the device that allows A and B to pair the two. It is some set of principles that makes it possible for A to translate the idea he wants to express into an overt signal and that enable B to reconstruct this idea from that signal".

Hierdie "device" van Langacker bestaan volgens the generativiste uit 'n stel reëls wat implisiet deur 'n spreker/hoorder "geken" word (sien onder andere Chomsky 1965 en Smith en Wilson 1979). Die taak van die generatiewe taalondersoek is onder andere om hierdie stel reëls eksplisiet te maak (sien Botha 1978).

Skrywers soos Robinson (1976) en Givón (1979) het sterk besware teen hierdie enger benadering. Givón (1979: 3-5) voel dat hulle, afgesien van ander teoretiese besware wat hy teen die metode het, nie reg laat geskied aan wat hy die "explanatory parameters of language" noem nie.

Halliday (1961: 241) het reeds daarop gewys dat daar vir verskillende benaderings binne die taalkunde plek is. Hy sê onder andere: "All description whether generative or not, is related to General Linguistic Theory; specifically to that part of General Linguistic Theory which accounts for how language works. The different types of description are bodies of method which derive from, and are answerable to, that theory. Each has its place in linguistics...".

Halliday het dan ook 'n ander siening van taal as the generativiste. In sy benadering rig hy hom tot probleme wat nie deur die generativiste as behorende tot die terrein van die taalondersoek gesien word nie. Verge- lyk byvoorbeeld die volgende opmerking van Halliday (1978: 2): "Language does not consist of sentences; it consists of texts, or discourse — the exchange of meanings in interpersonal contexts of one kind or another". Hy sê ook dat taal "betekenispotensiaal" is, en nie iets wat 'n mens "ken" nie. Hy sê verder: "I prefer to talk of 'meaning potential' because I am interested in what the speaker or hearer can do, not in what he knows; and while the two are, to a certain extent, different ways of looking at the same thing, the ethnological perspective have somewhat different implications from the psychological one". Afgesien van uit- eenlopende benaderingswyses wat gevolg kan word, is dit so dat 'n mens, as jy die literatuur deurgaang, by al die benaderings sekere ooreenstem- mende eienskappe sal kan opmerk. 'n Mens kan sê dat enige taalondersoeker, tot watter denkskool hy ook al mag behoort, minstens die volgende eien- skappe by menslike taal kan veronderstel:

- 1) Taal het 'n abstrakte vorm en 'n substansiële realisasie (sien Lyons 1968: 54-56).
- 2) Omdat die substansie waarin taal gerealiseer word primêr klank is, moet taalitems noodwendig lineêr verbind word. Hieruit vloei voort dat die taalitems aan sekere ordeningspatrone onderhewig is, dit wil sê dat dit sistematies sal wees. Vol- gens Lamb (1966) en Dinneen (1967) is taal meer as net 'n sis- teem: dit is 'n sisteem van sisteme.
- 3) Omdat taal gebruik word om te kommunikeer, kan die taalnavor- ser verwag dat die sistematies verbonde klankrealisasies waar- mee hy te doen sal kry, betekenisvol sal wees, maar hy moet nie vergeet dat die verhouding tussen 'n bepaalde klankkombi- nasie en die betekenis wat dit verteenwoordig, arbitrêr en konvensioneel is nie (sien onder andere ook Dinneen 1967: 8-9; De Villiers 1975: 46-48; Lyons 1968: 63-65; Odendal 1976: 8-9).

Die taalnavorsers moet ook nie vergeet dat alle taalgebruik in 'n bepaalde situasie voorkom, en dat by 'n studie van taal die situasie nie geheel en al uit die oog verloor behoort te word nie — veral nie by die wyer studie van die betekenis van mededelings nie. Dit is juis ten opsigte van hier- die aspek van taalstudie dat daar 'n groot meningsverskil tussen die gene-

ratiwiste en die sitemici bestaan (vergelyk Berry 1975: 21-36).

Ten slotte wil ek dit net weer beklemtoon dat ek dink dat daar binne die taalkunde plek moet wees vir verskillende tipes benadering. Soos die generatiwiste het ook ander skole, soos byvoorbeeld die Sistemiese Skool, die reg om op hulle eie besondere manier na die taalfenomeen te kyk. Weens hulle meer pragmatiese benadering en hulle poging om 'n holistiese teorie daar te stel, vra hulle vrae oor taal wat voorheen nog nie gevra is nie, en gee hulle antwoorde wat denke stimuleer en verdere navorsing aanmoedig. Dit is slegs op grond van 'n gesonde wisselwerking tussen idees dat die taalwetenskap vooruitgang kan maak. Dit is daarom vir my belangrik dat kennis geneem moet word van die teorie en metodologie van die Sistemiese Grammatika.

2. 'N HISTORIESE SKETS VAN DIE SISTEMIESE BENADERING

2.1 INLEIDING

Sedert die verskyning van Chomsky se *Syntactic Structures* byna drie dekades gelede, is veral die Engelse taalkundewêreld sterk beïnvloed deur 'n spesifieke benadering tot taalondersoek. Dit is daarom dat Fawcett (1982a: 7) onder andere sê: "I believe that many, and perhaps most linguists have been conditioned by the dominant Chomskyan approach of the 1960's into thinking that there is only *one* way of trying to solve the problem of the nature of language: that is of starting in a small area of language (part of the syntax in Chomsky's case) with a fully explicit model, and working out from it to lexis, semantics in the broadest sense, intonation, phonology, etc." Fawcett gaan voort en sê dat daar ook ander navorsingstrategieë is wat ernstige oorweging verdien. Een daarvan is om te begin met 'n relatief klein deel van *elke* vlak, asook die verhouding tussen die vlakke en dit eksplisiet te maak. Hy sê dat dit die werkswyse is van die meeste navorsers op die gebied van die artifiële intelligensie (sien byvoorbeeld Winograd 1972 en 1983).

'n Ander benadering wat ook 'n goed gebalanseerde model kan oplewer, is volgens Fawcett 'n *holistiese* benadering, waar daar begin word met algemene "onafgewerkte" stellings oor die aard van taal, en vanaf hierdie vertrekpunt stadig beweeg word na 'n toenemend eksplisiete model. 'n Mens moet egter nie by algemene beskrywing bly vassteek nie. Die meeste taalkundiges sal daarmee saamstem dat 'n model op die een of ander stadium so eksplisiet as moontlik gemaak moet word. Die sistemiese benadering sluit meer aan by hierdie laaste metode as by die ander, alhoewel daar sistemici is, soos onder andere Hudson (1971; 1974 en 1976) wat in hulle benaderingswyse by die eerste groep geplaas kan word.

2.2 DIE ONTWIKKELING VAN SISTEMIESE TAALKUNDE

Die sentrale figuur in die ontwikkeling van die sistemiese benadering is M.A.K. Halliday. Firth was sy leermeester en het aanvanklik die grootste direkte invloed op sy denke uitgeoefen. Die idee van die sisteem, wat sentraal in die Sistemiese Grammatika is, is juis van Firth afkomstig (sien onder andere Firth 1957). Via Firth is Halliday ook beïnvloed deur Malinowski en ook in 'n mate deur Whorf.

Die werk van Whorf (sien Whorf 1956) is baie bekend. Hy het veral klem

gelê op die belangrikheid van taal in die ordening van die gemeenskap en het probeer om die grammatiese kategorieë wat aan kulturele inhoude vorm gee, op te spoor en te beskryf. In dié verband merk Kress (1976:ix-x) onder meer op:

"These categories, he realized, were unlikely to be expressed directly, in the surface organization of language. His interests focussed on a distinction between what he called overt and covert categories. An overt category is one which has an explicit formal representation on the surface (e.g. the category *plural* in English), a covert category is one which does not (e.g. the category *animate* in English). Whorf was thus concerned with what is now regarded as deep grammar".

2.2.1 Malinowski

Gedurende sy antropologiese veldwerk in Polenesië het Malinowski tot die oortuiging gekom dat taaluitinge van mense só nou verweef is met hulle kultuur dat vertaling vanuit die taal van een kultuur in dié van 'n ander byna onmoontlik is (Malinowski 1969: 298-336). Teen die agtergrond van die strukturaliste se siening dat taal 'n selfbevattende geheel is wat in terme van homself verklaar kan word, was dit vir hom iets vreemds. Vir hom was daar duidelike verbande tussen taal en kultuur. Trouens, by die primitiewe mense was daar vir hom in die meeste gebruiksgevalle geen onderskeid tussen taalhandelinge en ander kulturele handelinge nie. Kress (1976:ix) som hierdie siening van Malinowski soos volg op:

"Thus 'primitive man' fashions for himself the form of the expression of his needs: he shapes the language to reflect the uses he wants to make of it. Thus in this 'Ulanguage' the use of any linguistic item is an action like many other actions, its function is the expression of meanings."

Ongelukkig het Malinowski, deur te praat van taal as 'n soort aksie, sy idees op so 'n wyse verwoord, dat dit tot misverstand en waninterpretasie kon lei. Een van die skerpste aanvalle op Malinowski het gekom van Langendoen (1968). Volgens hom het Malinowski sedert sy eerste belangrike publikasie in 1923, tot by sy publikasie van 1935, 'n teoreties verarmende ontwikkeling ondergaan. Langendoen plaas die blaam hiervoor op Firth: "... and it is reasonable to suppose that Firth, always effective in arguing his position, actually had a considerable influence on Malinowski during the time they worked together" (Langendoen 1968: 2).

Beide Monaghan (1979: 24625) en Steiner (1982: 46) verwerp Langendoen se

kritiek as ongeregverdig en gegrond op 'n waninterpretasie van wat Malinowski werklik gesê het. Steiner voel dat Langendoen 'n onreg teenoor Malinowski pleeg deur die werk van Malinowski binne die debat tussen die empiriste en mentaliste te plaas.¹⁾ Steiner (1982: 46) sê onder andere:

"Ich möchte nun nicht bestreiten, dass es in Malinowskis Auffassungen eine Entwicklung gab, aber: In den Kategorien der "mentalist-empiricist controversy" sind seine Auffassungen kaum zu begreifen. Man konnte es allenfalls versuchen, indem man sagt, Malinowskis Wissenschaftstheorie habe eine "ratio= nalistisch-behaviouristischen" Teil".

Hoe dit ook al sy, Malinowski het die verbande tussen taal en kultuur duidelik gesien en opgemerk dat sekere taalprobleme slegs opgelos kon word met die hulp van die agtergrond waarteen die taaluiting plaasgevind het. Omdat hy daarin geïnteresseerd was om die inboorlingtale te gebruik om 'n insig in die aard van die inboorlingsamelewing te kry, moes hy noodwendig 'n funksionele teorie ontwikkel.

Drie dinge wat Malinowski beklemtoon het was:

Eerstens, dat daar só 'n nou verband is tussen taal en kultuur, dat 'n uiting nie los van die kulturele agtergrond waarteen dit gemaak word, verstaan kan word nie (Malinowski 1969: 306). In die tweede plek beklemtoon hy die feit dat taal vir hom "a mode of action" is, en nie "a countersign of thought" nie (Malinowski 1969: 316). Derdens beweer hy dat ons grammatiese kategorieë hulle ontstaan het in die funksies wat taal vervul in die eerste primitiewe ontwikkeling van groepe. Daarom suggeer hy ook dat die studie van kindertaal moontlik vir ons 'n insig kan gee in hierdie funksionele ontwikkeling van taal by die mens (Malinowski 1969: 316-326).

Halliday het op verskillende maniere van Malinowski gebruik gemaak. Eerstens het hy die idee van betekenis as funksie binne 'n konteks oorgeneem. Tweedens sien hy ook taal as meerfunksioneel. In die derde plek kan 'n

1) Vir 'n kort samevatting van hierdie debat sien onder andere Langacker (1967: 241-342) en Fromkin en Rodman (1978: 23-26)

mens ook noem dat Halliday 'n verband gelê het tussen Malinowski en Whorf deur gebruik te maak van Malinowski se idee dat taalstruktuur 'n refleksie is van die werklike kategorieë wat uit die taalgebruik van kinders en inboorlinge afgelei kan word. Kress (1976: ix) wys egter daarop dat Whorf, anders as Malinowski, nie gewerk het met die kategorieë van "primitiewe" mense en "primitiewe" kulture nie.

2.2.2 Firth

Firth se invloed het nie soseer gevolg as gevolg van sy publikasies nie, maar het gespruit uit sy onderrigwerk aan die Universiteit van Londen waar hy die eerste leerstoel in Algemene Linguistiek in Brittanje gehad het. Van sy nagraadse studente het later self belangrike figure in die Britse taalkundewêreld geword. Die bekendste een onder hulle is M.A.K. Halliday, wie sy bydrae in 2.2.3 hier onder bespreek word.

Firth het onder invloed van die idees van Malinowski, veral 'die idee van betekenis as funksie binne 'n sosiale konteks, in opstand gekom teen die taalwetenskaplike idees van De Saussure, wat die Europese taalkundewêreld tussen die twee Wêreldoorloë oorheers het. Vir Firth was taal iets wat deur sprekers gedoen word (sien onder andere Firth 1957: 139-147 en ook 190-215). Firth het taal as 'n vorm van handeling beskou op gelyke vlak met ander vorms van handeling. Hierdie handeling is dan funksioneel betrek op die situasie en die sosiokulturele konteks (Firth 1964: 110-114). Anders as De Saussure sien hy taal nie as 'n ondeelbare geheel wat onbewus deur die spreker-hoorder "geken" word nie. Hierdie meer pragmatiese siening is natuurlik ook in stryd met die opvattinge van die Transformasionele Skool wat later uit die ouer Amerikaanse Strukturalisme ontwikkel het. Die sterk negatiewe kritiek wat deur Langendoen (1968) op die teorieë van Firth en Malinowski uitgespreek word, kan teen hierdie agtergrond in perspektief gesien word.

Alhoewel Firth die siening van die taalsisteem as 'n ondeelbare geheel verwerp het, het hy tog 'n belangrike onderskeid van De Saussure behou, naamlik die onderskeid tussen *sintagmatiese* en *paradigmatiese* verhoudinge (sien onder andere Firth 1964 en Mitchel 1975). Die paradigmatiese verhoudinge het hy geformaliseer met behulp van die begrip van die *sisteem* wat 'n genommerde aantal keuses binne 'n spesifieke konteks was. Die keuse tussen *die* en *n* in 'n bepaalde paradigmatiese konteks vorm byvoorbeeld 'n sisteem, of 'n keuse tussen [p] en [b], ens. Butler (1979: 71)

verduidelik Firth se sisteembegrip soos volg:

"A system, for Firth, was simply a set of choices available in a particular context, this context being definable in two ways. The paradigmatic context for a particular 'term' in a system consists of the other choices with which that term contrasts; the system itself, however, operates at a particular point in the syntacmatic structure of linguistic items."

In 'n kort skets soos hierdie kan daar nie dieper ingegaan word op die taalteorieë van Firth nie. Vir meer besonderhede kan Monaghan (1978), Steiner (1982) en veral Mitchel (1975) geraadpleeg word. Langendoen (1968) gee ook uitvoerige besprekings van die werk van beide Firth en Malinowski. Ongelukkig is hy baie bevooroordeeld in die kritiek wat hy op hulle werk uitspreek.

Firth se *prosodiese analise*, wat deur baie as sy eintlike groot bydrae tot die taalkunde beskou word, het nie 'n noemenswaardige invloed op Halliday gehad nie. Dit was Firth se poging om 'n linguistiese komponent te verskaf om saam met die sosiolinguistiese teorie van Malinowski te gaan wat die grootste invloed op Halliday gehad het. Firth het die meeste van hierdie idees slegs op sketsmatige wyse weergegee. Dit was Halliday wat hulle sou neem, vir sy doel sou aanpas, en verder ontwikkel.

2.2.3 M.A.K. Halliday

2.2.3.1 Vroegste werk

Van Halliday se vroegste werk word net die artikel "Grammatical categories in modern Chinese" (opgeneem in Kress 1976: 36-51) hier bespreek omdat dit 'n goeie indruk gee van sy denke gedurende die jare vyftig.

In hierdie vroeë weergawe van die teorie gee Halliday erkenning aan drie basiese kategorieë vir die teorie van grammatika, naamlik *eenheid*, *element* en *klas*. Op hierdie stadium is die *sisteem* nog nie 'n primêre kategorie in die teorie nie, maar word dit as sekondêr beskou, ongeskik aan *klas* (sien Halliday in Kress 1976: 36-37).

Die eenheid is "that category to which corresponds a segment of the linguistic material about which statements are to be made" (Halliday in Kress 1976: 36). Voorbeelde wat hy gee van sodanige eenhede is die sin, die

stel, die groep, die woord en die morfeem. Op elke vlak binne die struktuur van 'n gegewe eenheid tree daar 'n *klas* op van die eenheid onmiddellik daaronder. Alhoewel hy dit nie hier direk sê nie, is die idee van 'n rangskaal dus ook al op hierdie stadium in die teorie teenwoordig. 'n Klas bestaan uit 'n volledige lys van die vorms wat in so 'n plek binne 'n struktuur kan optree. Daar word ook tussen primêre en sekondêre klasse onderskei. Die naamwoordklas is byvoorbeeld 'n primêre klas, wat self weer in kleiner klasse verdeel kan word, byvoorbeeld die voornaamwoordklas, die substantiefklas, ens. 'n Mens merk dus op dat die latere eksplisiete delikaatheidskaal van Halliday (1961) se teorie (sien 2.2.3.2) reeds ook hier al implisiet teenwoordig is.

2.2.3.2 "Skaal en kategorie"-grammatika

In sy artikel in *Word* 17.1 stel Halliday vier abstrakte kategorieë vir die teorie van grammatika voor, naamlik *eenheid*, *struktuur*, *klas* en *sisteam*. Van die vier kategorieë sê Halliday (1961: 248) onder andere:

"If one asks: 'Why these four, and not three or five or another four?', the answer must be: because language is like that — because these four, and no others, are needed to account for the data: that is to account for all grammatical patterns that emerge by generalization from the data. As primary categories of the theory, they make possible a coherent account of what grammar is and of its place in language, neither of which is possible without them."

Naas die vier primêre kategorieë, stel hy voor, dat daar drie skale gebruik moet word wat die kategorieë onderling in verband moet bring en ook 'n verband moet lê tussen die kategorieë en die data. Hierdie drie skale is *rang*, *eksponensie* en *delikaatheid*.

'n Mens merk dadelik opvallende verskille op tussen "skaal en kategorie"-grammatika en die vroeëre werk van Halliday. Die belangrikste is dat die *sisteam* nou 'n primêre kategorie word, en nie meer aan *klas* ondergeskik is nie. Nog 'n belangrike verskil is dat *struktuur* nou ook volle erkenning verkry. Ook word die *skale* nou ingevoer om op 'n meer eksplisiete wyse rekenskap te gee van die onderlinge verhoudinge tussen die kategorieë en hulle verhoudings met die data. Halliday beklemtoon dit ook dat elkeen van die abstrakte kategorieë spesifiek verwant is aan, en afleibaar is van, die ander. Hulle staan nie tot mekaar in 'n verhouding van logiese voorkeur nie. Soos wat dit met logiese kategorieë oor die

algemeen die geval is, word die een in verhouding tot die ander gedefinieer. Die orde waarin hulle in die bespreking aangebied word, is bloot op gerief gegrond en berus nie op logiese voorkeur nie. Vervolgens word die kategorieë en die skale kortliks bespreek:

2.2.3.2.1 Eenheid en rang

Volgens Halliday (1961: 250) is taal patroonmatige handeling, en om rekenskap te gee van die stukke taal wat draers is van grammatiese patrone, stel hy die abstrakte kategorie *eenheid* voor. Die eenheid word op 'n *rangskaal* gerangskik, volgens 'n "bestaande uit"-verhouding van die grootste tot die kleinste. Die volgende eenhede sal byvoorbeeld voldoende wees vir die beskrywing van Engels, en ook Afrikaans:

sin
 stel¹⁾
 groep
 woord
 morfeem

Die rangskaal is dus 'n lys van eenhede gerangskik volgens hulle grootte, en vorm 'n spesiale soort hiërargie waarin die verhouding tussen die dele afwaarts deur die hele skaal dieselfde bly, naamlik 'n "bestaande uit"-verhouding.

Die teorie maak ook voorsiening vir *rangverskuiwing*, dit wil sê, waar 'n eenheid hoër op in die rangskaal optree in 'n plek binne 'n struktuur waar eenhede van 'n laer orde voorkom. In 'n sin soos *Ek sien die meisie wat die rooi rok dra*, is daar twee stelle. Die een stel is, *Ek sien die meisie*. Die ander een is, *wat die rooi rok dra*. Hierdie tweede stel tree egter nie op gelyke vlak met die eerste een op nie maar vorm deel van 'n strukturelement van die eerste stel, naamlik die direkte objekkomplement, en tree op in 'n posisie waar daar gewoonlik 'n groep optree, naamlik as nabepaling van 'n naamwoord. 'n Mens kan dus sê dat die stel *wat die rooi rok dra*, 'n rangverskuiwing ondergaan het vanaf stelrang tot op groeprang (vergelyk 4.10.3).

1) Die term *stel* word hier gebruik vir die Engelse term *clause* (sien onder andere De Villiers 1968; 1975 en 1983).


2.2.3.2.2 Struktuur en delikaatheid

Struktuur is die abstrakte kategorie van grammatika wat deur Halliday (1961: 254) voorgestel word om rekenskap te gee van die eendersheid tussen taalgebeure wat mekaar opvolg. Dit is dus 'n abstraksie wat 'n beskrywing gee van patrone van sintagmatiese verwantskap op 'n grammatiese vlak. Van hierdie patrone sê Halliday (1961: 254) "... the patterns take the form of a repetition of like-events. Likeness at whatever degree of abstraction is, of course, a cline, ranging from 'having everything in common' to 'having nothing in common'". Hierdie benadering om indelings te maak op grond van klines, is een van die kenmerke wat nog steeds in latere ontwikkelings van sistemiese grammatika behou is (vergelyk Berry 1975: 25-30).

Om terug te keer na struktuur kan die volgende voorbeeldstelsel met mekaar vergelyk word:

- i) *Jan vloek die vrou baie lelik*
- ii) *Die spelers druk twee drieë gedurende die eerste helfte*
- iii) *Elke student beantwoord my vraag duidelik*

Die ooreenkomste wat die drie stelsels ten opsigte van sintagmatiese patroonmatigheid toon, kan uitgedruk word deur vier basiese stelstruktuurelemente te erken, waaraan Halliday (1961) die name (S)ubjek; (P)redikator; (K)omplement en (A)djunk gee. As 'n mens vir *stel* die simbool Z gebruik, kan die struktuur van stel i) soos volg met behulp van 'n diagram voorgestel word:



1) Op p. 217 is daar 'n afkortingslys ter verduideliking van al die afkortings en simbole wat in die verhandeling gebruik word.

Die term *komplement* word deur Halliday (1961) gebruik om na die direkte en indirekte objek, asook koppelwerkwoordkomplemente te verwys, en met die term *adjunk* verwys hy na 'n verskeidenheid van groepe met "adverbiale" funksie.

Struktuurelemente word gedefinieer met verwysing na die eenheid onmiddellik daaronder op die rangskaal, in die sin dat "each element represents the potentiality of operation of a member or one grouping of members of the unit next below" (Halliday 1961: 256). So tree daar byvoorbeeld by die element S in die stel 'n groep eenhede op wat ons die naamwoordgroep (Ng) kan noem. Die Ng tree ook by K op. By P tree die werkwoordgroep (Wg) op en by A die adverbiale groep (Ag). Die elemente in 'n struktuur word grafies volgens 'n lineêre progressie voorgestel, maar die teoretiese verhouding tussen hulle is 'n ordeverhouding. Orde mag as 'n op-eenvolging gerealiseer word, maar dit is nie noodwendig dieselfde ding nie (vergelyk Butler 1985: 19).

Die struktuurelemente van 'n gegewe eenheid is volgens *plekke* georden (Halliday 1961: 255). Omdat daar dikwels meer as een ordening moontlik is, kan dit daartoe lei dat 'n verskeidenheid van strukturele tipes kan ontstaan. Die vier stelstruktuurelemente kan byvoorbeeld op verskillende wyses verbind, en K en A kan byvoorbeeld op meer as een plek verskyn. So kan 'n mens stelstruktuur tipes hê soos: ASP; SPK; SPA, ens.

Die *delikaatheidskaal* is aan die struktuurkategorie gekoppel in die opsig dat dit verwys na die graad van detail waarvolgens 'n struktuur gespesifiseer word. In dié verband kan net kortliks daarop gewys word dat daar twee tipes struktuur is wat in taal gepostuleer word, naamlik *univariate* struktuur tipes en *multivariate* struktuur tipes.

Daar moet onthou word dat die term *struktuur* in sistemiese grammatika verwys na die onderliggende, abstrakte verhoudings tussen sinsdele en ander elemente in die grammatika, en nie na klasse van eenhede in lineêre op-eenvolging, wat die realisasie van die onderliggende struktuur tipes is nie (vergelyk Halliday 1965: 31). Halliday sê op dieselfde bladsy onder andere die volgende: "Using 'structure' in this sense, we can say that language exhibits two basic types of structure, the 'multivariate' and the 'univariate'. A multivariate is one involving more than one variable; a univariate structure is one involving only one variable".

Berry (1975: 98) noem die SPKA-struktuur van die tipiese stel in Engels 'n voorbeeld van 'n multivariate struktuur. Dieselfde kan gesê word van die stel in Afrikaans. Die volgende stel bestaan byvoorbeeld uit 'n subjek (S); 'n predikator (P); 'n komplement (K) en 'n adjunk (A):

S	P	K	A
Die seun	spit	die bedding	in die tuin

In hierdie stel is die verhouding tussen S en P nie dieselfde as die verhouding tussen P en K nie. Ook is die verhouding tussen P en K nie dieselfde as die verhouding tussen K en A nie, ens. Dit kan soos volg geformaliseer word:

$$S :: P \neq P :: K \neq K :: A, \text{ ens.}$$

Multivariate struktuurtypes behels twee en meer veranderlikes en veelvoudige onderlinge verhoudings. Daarom sê Halliday (1965: 32):

"Each multivariate structure is a configuration of relations involving a determinate set of distinct elements. These relations ... are not those of linear ordering, such as 'preceding' and 'following', but more abstract relations usually designated by such terms as 'modifying', 'governing', and the like".

'n Voorbeeld van 'n univariate struktuurtype in Afrikaans is *mans*, *vroue* en *kinders* — 'n groep waarin die verhouding tussen *mans* en *vroue* dieselfde is as die verhouding tussen *vroue* en *kinders*, of die verhouding tussen *mans* en *kinders*, ensovoorts. As 'n mens *mans* X_1 noem, *vroue* X_2 en *kinders* X_3 , kan die verhouding soos volg geformaliseer word:

$$X_1 :: X_2 = X_2 :: X_3 = X_3 :: X_4, \text{ ens so voorts.}$$

'n Mens het dus in die geval van univariate struktuurtypes met die herhaling van een veranderlike te doen, en met 'n verhouding wat dieselfde bly tussen die herhalings. Op grond van die verhoudings tussen die herhalings van die veranderlike kan twee tipes univariate struktuur onderskei word, naamlik *parataktiese* univariate struktuurtypes en *hipotaktiese* univariate struktuurtypes (vergelyk ook Berry 1975: 98 en Halliday 1965: 32).

By die *parataktiese univariate struktuurtype* kan daar twee subtypes

onderskei word, naamlik *koördinasie*, byvoorbeeld *katte*, *honde* en *beeste*, en *apposisie*, byvoorbeeld *môre*, *Dinsdag*, *25 April*. Die verskil tussen koördinasie en apposisie is dat eersgenoemde uitdrukking gee aan 'n "en"-verhouding. Halliday (1965: 32) wys daarop dat daar in beide gevalle van 'n "transitiewe" verhouding gepraat kan word, want die verhouding van *katte* tot *honde* is dieselfde as die verhouding van *honde* tot *beeste*, terwyl die verhouding *beeste* tot *katte* ook dieselfde is as die bogenoemdes, naamlik bloot 'n "en"-verhouding wat deur volgorde gerealiseer word. Dieselfde kan gesê word van die verhouding tussen *môre* en *Dinsdag* en *25 April*. In dié geval is dit net 'n "of"-verhouding, waarin *môre*, of *Dinsdag* of *25 April* dieselfde referent het.

In die geval van die *hipotaktiese univariate struktuur* is daar nie 'n "transitiewe" verhouding tussen die elemente nie, en het 'n mens met *subordinasie* te doen, byvoorbeeld in 'n woord soos *personeelsalarisverhoging*. In dié geval is die verhouding tussen die eerste en die tweede element nie dieselfde as die verhouding tussen die tweede en die derde element, of tussen die eerste en die derde nie — 'n *salariesverhoging* beteken nie ook 'n *personeelverhoging* nie, ens. (sien ook Halliday 1965: 32).

2.2.3.2.3 Klas

'n *Klas* is daardie groepering van lede van 'n gegewe eenheid wat gedefinieer word volgens optrede in die struktuur van die eenheid net daarbo in die rangskaal. Die klas gee rekenskap van "that it is not true that anything can go anywhere in the structure of the unit above itself" (Halliday 1961: 260). Die begrip *klas* neem die paradigmatische moontlikhede wat met spesifieke struktuurelemente geassosieer word, in ag. Butler (1982: 32) som dit soos volg op: "A class is an abstraction from an inventory of items, all of which share distributional characteristics, in being able to operate at a certain structural element in syntactic association with other structural elements".

'n *Klas* is altyd 'n klas van (lede van) 'n gegewe eenheid, en die verhouding klas tot struktuur is konstant — "a class is always defined with reference to the classes of the unit next below" (Halliday 1961: 261). 'n *Klas* is dus nie 'n groepering van lede van 'n gegewe eenheid wat soortgelyk in hulle eie struktuur is nie. So vorm die naamwoordgroep 'n klas, wat bestaan uit verskillende subklasse, en die werkwoordgroep 'n ander klas wat

ook uit subklasse bestaan, ens.

2.2.3.2.4 Sisteem

Die enigste kategorie van die 1961-weergawe van Halliday se "skaal en kategorie"-grammatika wat nog kortliks geskets moet word, is die kategorie wat rekenskap gee van die keuse-element in taal — die kategorie wat rekenskap gee van "the occurrence of one rather than another from among a number of like-events" (Halliday 1961: 263-264). Die kategorie wat Halliday vir hierdie doel voorgestel het, was die *sisteem*.

Die sisteem word gedefinieer as 'n geslote stel van terme met die volgende eienskappe:

- a) die aantal terme is eindig: hulle kan gelys word as A B C D en alle ander terme E ... is buite die sisteem;
- b) elke term sluit die ander uit: 'n gegewe term A kan nie identies wees aan B of C of D nie;
- c) as daar 'n nuwe term by die sisteem gevoeg word, verander dit die formele betekenis van al die ander terme in die sisteem.

Dit is al wat op hierdie stadium van die sisteemkategorie gesê word. Die notasionele konvensie met betrekking tot sisteme, en verdere ontwikkelings word in die volgende hoofstuk bespreek.

2.2.3.2.5 Ekspansie

Die ekspansieskaal is die enigste aspek van die 1961-model van Halliday wat nog kortliks genoem moet word. Dit is die skaal van die teorie van grammatika wat die kategorieë van die teorie bymekaar moet bring, en met mekaar verbind, asook met die taaldata waarvan hulle rekenskap moet gee. Die term *ekspansie* is in die latere wysigings van die model verwang met die term *realisasie*, en dit is juis dié idee, naamlik dat een vlak deur 'n volgende vlak gerealiseer word, wat een van die sleutelbegrippe in die latere ontwikkeling van die sistemiese teorie geword het.

2.2.3.3 Die onderskeid tussen dieptegrammatika en oppervlaktegrammatika

Die onderskeid tussen *dieptegrammatika* en *oppervlaktegrammatika* was die volgende belangrike ontwikkeling in Halliday se sistemiese teorie. In sy artikel "Some notes on deep grammar" (1966), waarin Halliday erken dat hy in sekere opsigte deur Chomsky en Lamb beïnvloed is, het hy belangrike

klemverskuiwings aan die vroeëre "skaal en kategorie"-grammatika aangebring. Tot op hierdie stadium was die sisteem op dieselfde vlak as die ander primêre kategorieë, naamlik eenheid, klas en struktuur. Halliday voer egter nou 'n onderskeid in tussen wat hy noem *oppervlaktegrammatika* en *dieptegrammatika*, en wel op so 'n wyse dat dit belangrike gevolge vir sy teorie gehad het. In die bogenoemde artikel stel hy dit duidelik dat hy die sistemiese beskrywing van 'n linguistiese item beskou as verteenwoordigend van die fundamentele onderliggende eienskappe van die item, en dat die strukturele eienskappe uiteindelik van die sistemiese beskrywing afgelei sal kan word. Halliday lê dus hier 'n basis van die latere volledig eksplisiete modelle van onder andere Hudson (1971) en Fawcett (1982b) wat hier onder in 2.2.4.1 en 2.2.4.2 bespreek word.

Die sisteem word nou nie net die sentrale kategorie van die dieptegrammatika nie, maar Halliday wys daarop dat die sisteemnetwerke nou hiërargies georden moet word. Dit beteken dat die delikaatheidskaal, wat in die ouer tipe "skaal en kategorie"-grammatika net op strukture en eenhede van toepassing was, nou ook op 'n ander vlak van belang geword het (sien Halliday 1966 en Butler 1979).

2.2.3.4 Die ontwikkeling van 'n funksionele model

Butler (1979: 73) sê oor die ontwikkeling van sistemiese grammatika in die rigting van 'n funksionele model onder andere die volgende: "The emphasis on systemic choice and its semantic significance in the work of the late '60's bring with it increasing attention to the functional basis of the model". Wat hier met *funksies* van taal bedoel word, kom nie op blote gebruik neer nie. Kyk byvoorbeeld na wat Halliday (1970: 141) sê: "A purely extrinsic account of linguistic functions, one which is not based on an analysis of linguistic structure, will not answer the questions; we cannot explain language by simply listing its uses, and such a list could in any case be prolonged indefinitely".

Die sistemiese funksionele benadering is ook nie soortgelyk aan die funksionele benadering soos deur Dik (1980) beskryf word nie. Die funksies waarvan Dik praat, is relasioneel van aard, en word in die sistemiese model ingesluit as deel van die transitiwiteitsnetwerk (sien byvoorbeeld Halliday 1967a; 1967b en 1968). Wat Halliday hier in gedagte het, is 'n ander tipe funksie. Halliday se belangstelling in die funksies van taal het onder andere voortgespruit uit sy belangstelling in taal as

kulturele handeling en ook uit sy studie van kindertaal. In sy beskrywing van taalontwikkeling by die kind sê Halliday (1975: 19) dat taal vir die kind aanvanklik 'n aantal funksies vervul. Hierdie funksies verskyn in 'n kind se taalgebruik in 'n spesifieke volgorde en aanvanklik kan elke uiting van die kind op kenmerkende wyse na een van die volgende funksies herlei word:

INSTRUMENTEEL	om dinge te laat gebeur
REGULEREND	om mense se gedrag te beheer
INTERAKSIONEEL	om homself in verhouding tot ander te plaas
PERSOONLIK	om selfbewuswording te verkry
HEURISTIES	om dinge uit te vind
VERBEELDEND	om ruimtes te skep
AANBIEDEND	om inligting oor te dra

Die kind ontwikkel deur verskeie stadiums totdat hy taalvolwassenheid bereik. Vir die volwassene is die kommunikasiehandeling veel meer as net die woorde en sinne wat gebruik word. Dit is 'n kombinasie van 'n groot aantal betekenisvolle aspekte van taal. Die spreker maak 'n gelyktydige keuse uit 'n groot aantal moontlikhede wat onderling verbind is. Die totale stel keuses vorm 'n paar onafhanklike keusenetwerke wat ooreenstem met die basiese of *makrofunksies* van taal (kyk onder andere Halliday 1970: 142-143 en Fawcett 1982b: 26-45).

Die drie makrofunksies wat Halliday onderskei, is die *ideëfunksie* (ideational function), die *interpersoonlike funksie* (interpersonal function) en die *tekstuele funksie* (textual function). Hudson (1974: 7) wys daarop dat Halliday hier 'n empiriese aanspraak maak, wat bevestig sou word indien 'n mens optimale grammatikas in verskillende tale sou skryf en die reëls daarin dan in drie subgroepe of subkomponente sou uiteenval. Alhoewel Halliday in verskeie publikasies die funksionele subkomponente van sy model beskryf, wil ek dit hier kortliks bespreek aan die hand van Halliday (1979: 57-79) omdat die jongste beskikbare bron, Halliday (1984) in geen belangrike opsig daarvan afwyk nie.

Volgens Halliday is daar drie funksionele wyses van betekenis, naamlik die *ideë-funksie*, die *interpersoonlike funksie* en die *tekstuele funksie*. Oor die eerste sê hy (Halliday 1979: 59): "The first of these is language as representation: the semantic system as expression of experience".

Hy verdeel dan die ondervinding wat ons van die wêreld om ons het in twee onderafdelings, naamlik "experiential" en "logical".

Van die tweede semantiese funksie, die interpersoonlike, sê hy onder andere (Halliday 1979: 59): "... the interpersonal is language in inter= action: it is meaning in the active mode".

Hierdie betekenisfunksie het dus te doen met die spreker se houdings, oordele en vooroordele, ens.

Die tekstuele funksie is die derde semantiese funksie. Hiervan sê Halliday onder andere (Halliday 1979: 60): "Here the semantic system enables the speaker to structure meanings as texts, organizing each element as a piece of information and relating it significantly to what has gone before".

Anders as die taaluiting van die kind is dié van die taalvolwasse meer= funksioneel, omdat dit terselfdertyd van al drie makrofunksies gebruik maak. Omtrent elke moontlike ding wat deur 'n volwasse gesê kan word, sal oor iets handel (ideë-funksie), en sal uitdrukking gee aan die rol wat die spreker ten opsigte van die hoorder kies in terme van vrae, bevele, ens. (interpersoonlike funksie), en sal, in die laaste plek, 'n koherente informasiestruktuurering en ander dergelyke patrone toon (tekstuele funksie). Butler (1979: 76) sê daarom: "Halliday sees the change from the child to the adult system as one of 'functional reduction', in which a set of essentially separate functions, equitable with uses of language, is replaced by a more abstract but simpler, set of functional components".

2.2.4 Sistemiese generatiewe grammatika

2.2.4.1 Teoretiese klemverskille

Die werk van die sistemici ten opsigte van 'n meer eksplisiete model loop in drie hoofrigtings uiteen. Die idees van Hudson, Halliday en Fawcett word kortliks hier bespreek omdat hierdie drie skrywers respektiewelik verteenwoordigend is van die hoofrigtings waarin die sistemiese grammatika gedurende die jare sewentig ontwikkel het.

2.2.4.2 R.A. Hudson

Hudson verskil sterk van Halliday in dié opsig dat hy dieselfde probleme

probeer aanpak as die transformasionele taalkundiges van sy tyd. Dit is om dié rede dat dit vir hom belangrik was om 'n streng onderskeid te maak tussen die sintaksis en die semantiek en sy sisteemnetwerke op die sintaksis te grond.

Alhoewel Halliday (1966) die grondslag daarvoor gelê het, was Hudson (1971) die eerste sistemikus wat 'n sistemiese grammatika geskryf het wat op 'n heeltemal eksplisiete wyse 'n groot aantal sinne in Engels kon beskryf. Met Hudson se grammatika as basis het Winograd (1972) 'n rekenaar geprogrammeer om 'n groot aantal sinne te maak en te verstaan — iets wat volgens Fawcett (1973: 7-10): "come within reach of reproducing the characteristics of natural language processing", en dus 'n empiriese aanspraak ten gunste van sistemiese grammatika kan wees.

Hudson (1971 en 1974) se generatiewe grammatikas het uit twee stelsels bestaan: *sistemiese reëls* uitgedruk deur sisteemnetwerke, en *realisasiereëls* wat verantwoordelik was vir die realisasie van strukture op grond van die sistemiese kermerke wat van die sisteemnetwerke afgelees kan word. In Hudson (1976) is hierdie model gewysig tot 'n nuwe model wat hy 'n "daughter-dependency grammar" genoem het. Dié grammatika het uit twee basisdele bestaan, naamlik die *sisteemnetwerke* (sintakties van aard) en 'n stel *struktuurbouereëls*. Die werking van hierdie grammatika word deur Butler (1979: 84) kortliks soos volg beskryf:

"The generative apparatus of a daughter-dependency grammar consists of two basic parts: the system network (or 'classification rules'), and a set of structure building rules of several types. These two components operate cyclically: in the generation of structure for a given item (say a clause) features are selected for that item from the network, and structure building rules then operate on these features for each constituent or 'daughter' of the item. The cycle is then repeated for each daughter, and the process continues until no more rules can be applied. A lexical matching procedure then gives the final lexicalised syntactic structure".

2.2.4.3 R.P. Fawcett

Fawcett verskil van Halliday in dié opsig dat hy nie dink dat alles wat Halliday as relevant vir taalstudie beskou werklik deel van die studieveld van die linguistiek vorm nie (vergelyk onder andere Butler 1979: 80). Fawcett sê self baie duidelik dat hy werk "... within the familiar Chomskyan framework of regarding linguistics as a branch of cognitive psychology" (sien Fawcett 1980: 4). Sy model toon egter 'n groot mate van oor-

eenstemming met dié van Halliday omdat hy sy sisteemnetwerke as semanties beskou (sien Fawcett 1973; 1980; 1984). Soos Hudson maak hy van realisasiereëls gebruik maar brei die aantal funksionele komponente uit tot ses (Fawcett 1973: 18) en later stel hy tot soveel as elf voor (Fawcett 1980: 28). 'n Ander interessante nuwigheid wat hy in sy modelle invoer, is die sogenaamde "starting frameworks" vir verskillende stel-tipes, wat in 'n sekere sin 'n deel van die werk verrig wat deur Hudson se struktuurboereëls gedoen word (kyk byvoorbeeld in Fawcett 1973: 28, en ook in Fawcett 1980: 47-48).

2.2.4.4 M.A.K. Halliday

Alhoewel Halliday die grondslag vir die sistemiese generatiewe grammatika gelê het (Halliday 1966 en 1970), het hy self nie 'n gedetailleerde eksplisiete model uitgewerk nie. Hy het in sy werk aan die grammatika meer gekonsentreer op die semanties funksionele komponent, waar hy 'n groot bydrae gelewer het ten opsigte van transitiwiteit, modus en tema in Engels (sien Halliday 1967a; 1967b; 1968).


Dit was Berry (1975 en 1977) en, in 'n mindere mate, Muir (1972) wat Halliday se idees toegepas en 'n meer eksplisiete en geïntegreerde model vir die beskrywing van Engels as wat die ou "skaal en kategorie"-model was, tot stand gebring het. Hierdie model, wat in meer besonderhede in die volgende hoofstukke bespreek word, kom eintlik neer op 'n verfynde en meer gedetailleerde weergawe van die model wat deur Halliday (1970) voorgestel is. Die model word in hoofstuk drie van hierdie studie uiteengesit omdat dit die model is wat gebruik sal word vir 'n bespreking van sekere aspekte van Afrikaans.

2.2.4.5 Hoe "werk" 'n sistemiese generatiewe grammatika?

Hier bo is daar oor sisteemnetwerke en realisasiereëls gepraat sonder om enige duidelike voorbeeld te gee van hoe hulle daar uitsien. Aan die hand van 'n voorbeeld van Fawcett (1984: 138-145) sal 'n klein "mini"-grammatika geskryf word wat slegs aspekte van een tipe Afrikaanse naamwoordgroep sal dek. Omdat Fawcett se model in wese nie van die modelle van Hudson en Halliday, soos hierbo genoem, verskil nie, behoort hierdie "mini"-grammatika 'n goeie aanduiding te wees van hoe 'n sistemiese generatiewe grammatika "werk".

Uit die aard van die saak is hierdie modelletjie 'n oorvereenvoudiging, en kan die grootste gedeelte van die teoretiese agtergrond, en ook tallose probleme nie genoem word nie. Vir die wyer agtergrond en die bespreking van probleme sal dit goed wees om Fawcett (1973; 1980 en 1984) te lees. Veral Fawcett (1980) gee 'n baie ruim bespreking van die belangrikste sake.


Voordat die "mini"grammatika aangebied word, is dit nodig om eers kortliks iets te sê oor die notasionele konvensie rakende sisteme. Dit word gedoen aan die hand van 'n opsomming uit Fawcett (1980: 20):



Daar is 'n sisteem met kenmerke x/y , en invoer Voorwaarde a .


(As a gekies word, moet òf x òf y gekies word.)

Seleksie-uitdrukkings: ax, ay .



Sisteem (1) en sisteem (2) is op grond van afhanklikheid sodanig georden dat a in sisteem (1) die invoer Voorwaarde vorm vir sisteem (2). (Indien a gekies word, moet òf x òf y gekies word).


Seleksie-uitdrukkings: max, may, mb .



Sisteme m/n en x/y is gelyktydig.


(Hulle het dieselfde invoer Voorwaarde a .)

Seleksie-uitdrukkings: amx, anx, amy, any .



Sisteem uit beide a en c .

(As beide a en c gekies word, moet òf x òf y gekies word.)




Sisteem x/y het twee moontlike invoer Voorwaardes, òf a òf d .

Seleksie-uitdrukkings: ax, ay, dx, dy .

Die "mini"-grammatika word vervolgens onder die volgende vier hoofde weergegee: sisteemnetwerk; realisasiereëls; beginstruktuur en realisasies. Daarop volg daar 'n bespreking van 'n paar opvallende sake. Dit word weer eens beklemtoon dat hierdie grammatika slegs 'n voorbeeld is van die werking van sistemiese generatiewe grammatikas, en as sodanig bloot 'n growwe oorvereenvoudiging.

(a) Sisteemnetwerke¹⁾



1) Sisteemnetwerke beteken nie noodwendig binêre opposisie nie. Op hierdie plek, en ook op plekke in hierdie netwerk waar "ander" voorkom, tree ander netwerke op, wat nie hier vir die doel van die voorbeeld gegee hoef te word nie (sien ook Fawcett, 1984: 142).

(b) Realisasiereëls

EIENSKAP	VOORWAARDE	REALISASIE
kongruent		Ng
vrug van X		h < lemoen
vrug van Y		h < appel
gepartikulariseer		d ^d < die
meervoud		h { < +s ∪ / 1 < +e ∪ / n
gekwantifiseer	gepartikulariseer	v < van
totaliteit	duaal NIE (duaal)	d ^k < beide d ^k < alle
arbitrêriteit	duaal NIE (duaal)	d ^k < of ... of d ^k < enige
nulheid	duaal NIE (duaal)	d ^k < nog ... nog d ^k < geen... nie

Sleutel

Ng = naamwoordgroep

d = kwalifiserende determineerder


d = deiktiese determineerder

v = selekteerder (van)

h = hoofwoord

∪ / = in die omgewing van

Daar moet ook gelet word op die feit dat die posisie van die tweede "of" by "of ... of" en die twee "nog" by "nog ... nog", asook die plasing van die tweede "nie" by die ontkenning, soos by "geen ... nie", nie hier bespreek sal word nie, omdat dit vir die doel van hierdie illustrasie=grammatika nie nodig geag word nie.

(c) Die beginstruktuurBespreking

Sonder om dieper op die teoretiese agtergrond in te gaan, kan 'n mens sê dat die kenmerk [ding] — sistemiese kenmerke word in vierkantige ha= kies geskryf — die invoerwaarde is vir die hele netwerk van keuses wat daarop volg. As 'n spreker [ding] wil kommunikeer, kan hy 'n keuse maak tussen [kongruent] en ander keuses wat nie nou hier genoem sal word nie. Maak hy die keuse [kongruent] beteken dit dat hy die [ding] as 'n naamwoordgroep wil weergee. Hierdie keuse dien onmiddellik weer as invoerwaarde vir 'n gelyktydige keuse tussen, onder andere, vier ander sisteme, waarvan die name in hoofletters bo-op die verbindingslyne aangebring is. Hulle is, KULTURELE KLASSIFIKASIE; PARTIKULARISASIE; GETAL; SELEKSIE DEUR KWANTIFISERING.

Sou die spreker byvoorbeeld kies, [vrug van X] kan hy ook kies of dit [gepartikulariseer] moet wees, of nie. As dit wel [gepartikulariseer] is, kan hy kies of dit [enkelvoud] of [meervoud] is. Indien [gepartikulariseer] gekies is, kan hy ook nog verder kies of die item [gekwantifiseer] of [ongekwantifiseer] moet wees. Indien [gekwantifiseer] gekies word, lei dit tot 'n keuse tussen [totaliteit], [arbitrêriteit], [nulheid] en andere.

'n Item kan dus sistemiese kenmerke hê soos:

1. [ding; kongruent; vrug van X; gepartikulariseer; meervoud]
of
2. [ding; kongruent; vrug van Y gepartikulariseer; meervoud; dual; arbitrêr.]

As die realisasiereëls op hierdie sistemiese beskrywings toegepas word, en ons maak gebruik van die beginstruktuur vir naamwoordgroepe, het ons die volgende realisasies:

- Vir 1. die lemoene
 en
Vir 2. beide die appels

Daar moet ook nog gewys word op die feit dat die kenmerke [vrug van X] en [vrug van Y] gebruik word om 'n duidelike onderskeid te handhaaf tussen kenmerke en die items wat hierdie kenmerke realiseer. Hier is nie ruimte om die semanties distinktiwe kenmerke van "Vrug van Citrus Aurantium" en "Vrug van Pylus Malus" uit te werk nie. Die kenmerke wat hier bo gegee is, moet dus as 'n soort afkorting daarvoor gesien word.

2.2.4.6 Taal as sosiale semiotiek

Tot dusver is in hierdie studie heelwat gesê oor die werk van Halliday, maar wat gesê is, het slegs oor sy bydrae tot die teorie van grammatika en sy studie van kindertaal gehandel. Vervolgens word gekyk na die ontwikkeling van sy wyer taalteorie wat gedurende die sewentigerjare tot 'n holistiese teorie (sien Fawcett 1982: 4-6) uitgebou is. Halliday het gedurende hierdie periode baie gepubliseer, en dit is onmoontlik om hier van alles rekenskap te gee. Wat hier aangesny word, is hoofsaaklik op Halliday (1973; 1975; 1959 en 1984) gebaseer, omdat dit genoeg stof bevat om 'n goeie indruk te gee van die ontwikkeling van Halliday se denke oor hierdie periode.

Onder die invloed van Malinowski (via Firth) en Bühler (sien Kress 1976: viii-ix), en ook op grond van sy eie navorsing oor taalverwerwing, ontwikkel Halliday gedurende die sewentigerjare 'n meer funksionele siening van taal. Hier bo is Halliday se opvatting oor taalfunksies reeds bespreek (2.2.3.4), maar wat nog nie genoem is nie, is sy ontwikkeling na 'n siening van taal as 'n *sosiale semiotiek*.

Halliday (1984) wys daarop dat daar oor die jare 'n afstand ontwikkel het tussen diegene wat taal as kode wil bestudeer ("filosofiese grammatici") en diegene wat in taal as 'n vorm van sosiale gedrag geïnteresseerd is ("etnografiese grammatici"). Halliday voel dat hierdie gaping vernou kan word deur op taal as 'n sosiale semiotiek te fokus (sien Halliday 1984:

7). Hy wil dus die sosiale konteks by die studie van taal betrek. Hier= die konteks kan in 'n wyer sin en in 'n nouer sin verstaan word. In die wyer sin verwys dit na die kultuurkonteks waarin 'n spreker optree, en in die nouer betekenis na die onmiddellike gespreksituasie, wat ook die omringende teks insluit (sien Halliday 1984: 8).

In Halliday (1979: 57) word 'n kode beskryf as 'n tekenstelsel met 'n *inhoud* en *uitdrukking*. Hy sê dat die verhouding tussen die inhoud en die uitdrukking 'n *realisasieverhouding* is. Verder sê hy dat 'n semiotiese stelsel 'n kode is met "two or more realizational cycles in it, so that the expression of content₁ (call it expression₁) is itself a content (content₂) that in turn has its own expression (expression₂)" (Halliday 1979: 57). Daar sal dus minstens drie struktuurvlakke in so 'n stelsel moet wees:

vlak een :	inhoud	
twee:	(gerealiseer as) uitdrukking ₁	= inhoud ₂
drie:	(gerealiseer as) uitdrukking ₂


Volgens Halliday (1979 en 1984) is menslike taal so 'n gestratifiseerde stelsel, wat uit minstens drie strata bestaan, en derhalwe twee realisasiesiklusse insluit. Volgens die holistiese teorie wat Halliday ontwikkel het, moet taalbeskrywing aan die volgende drie strata aandag gee.

- 'n "Hoër" stratum van *sosiale betekenispotensiaal* wat die kultuurbetekenisse waaruit 'n spreker keuses kan maak, insluit. Hierdie keuses moet op die een of ander wyse gespesifiseer word, en Halliday se voorlopige voorstel was dat 'n sosiale teorie soos dié van Bernstein (1971) gebruik moet word om kontekstipes vas te stel. Hierdie "hoër" stratum moet herlei word na die
- semantiek* of *betekenispotensiaal* van die taal waar dit in drie funksionele komponente gerealiseer word: 'n ideë-komponent, 'n interpersoonlike komponent en 'n tekstuele komponent (vergelyk Halliday 1979: 59).
- Die keuses wat in die semantiese funksionele komponente gemaak word, word weer deur realisasiereëls as *leksiko-grammatiese weergawes* gerealiseer.

Halliday raak dus nou al meer geïnteresseerd in taal as 'n vorm van sosiale gedrag. Volgens hom is taalstudie "in the last resort an account of semantic options deriving from the social structure" (Halliday 1973: 64).

Wat hom nou interesseer, is wat 'n spreker met taal "kan doen", en vir hom is dit dieselfde as wat 'n spreker "kan bedoel" — wat dan die betekenispotensiaal van die taal vorm. Hierdie "betekenispotensiaal word dan in werklike taalvorme verteenwoordig deur wat 'n spreker "kan sê".

Taal as 'n sosiale semiotiek kan skematies soos volg voorgestel word:



LW: < = gerealiseer as

2.2.4.7 Slotopmerkings

Hierdie hoofstuk is slegs 'n kort historiese skets van die belangrikste ontwikkelinge in sistemiese grammatika. Dit is om hierdie rede dat slegs die ontwikkelinge binne die denkskool oor die afgelope drie dekades of wat genoem is, maar nie krities bespreek is nie. Kritiese opmerkings word in hoofstuk 6 gemaak.

Dit moet teen hierdie tyd duidelik wees dat die Sistemiese Skool uit 'n groot aantal navorsers bestaan wat ook onderling van mekaar verskil. Dit bestaan geensins uit 'n groep eendersdenkendes nie. Daar is weens die beknopte opset van hierdie hoofstuk net aandag gegee aan die belangrikste generatiewe ontwikkelings, en die werk van baie skrywers is nie genoem nie. Beide Steiner (1982) en Monaghan (1979) gee 'n ruim agtergrond in dié verband. Dit is daarom nie hier nodig om hulle werk te herhaal nie.

Die agtergrond en denkklimaat van die Sistemiese Skool is nou geskets. In die volgende hoofstuk word die variasie van die model waarmee hier gewerk word kortliks uiteengesit.

3. MODELSKETS EN TERREINAFBAKENING

3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die ontwikkeling van sistemiese teorie, vanaf die ou "skaal en kategorie"-model (1961) tot by die holistiese model van taal as *Sosiale Semiotiek* (1978 en later), kortliks geskets. In hierdie teorie word taal gesien as 'n realisasie van 'n "hoër" gedragspotensiaal, wat bepaal wat 'n lid van 'n spesifieke (sub)kultuur taalmatig "kan doen" (sien onder andere Halliday 1975; 1978; 1979; 1984).

Die omvattende model wat rekenskap probeer gee van die realisasie van die "hoër" sosiale "betekenis" in taal, het verskeie komponente. Hulle is: die *taalsisteem self; teks; situasie; register; kode; sosiale struktuur*.

Elkeen van hierdie subkomponente van die model word nou afsonderlik geskets. Ten slotte word 'n skematiese voorstelling van die hele model, soos dit voorkom in Halliday (1978: 69), gegee. In die slotparagraaf van hierdie hoofstuk word die spesifieke terrein waarop in hierdie studie gewerk sal word, afgebaken.

3.2 DIE LINGUISTIESE SISTEEM

3.2.1 Die funksionele komponent

Halliday (1970: 141) sê: "The nature of language is closely related to the demands that we make on it, the functions it has to serve". Hy gaan dan voort om hierdie funksies te beskryf, en onderskei drie hoof funksies of *makrofunksies* (vergelyk ook 2.2.3.4), wat hy die *ideë-funksie*, die *interpersoonlike funksie* en die *tekstuele funksie* noem (sien byvoorbeeld Halliday 1970: 143, en vergelyk ook Halliday 1973: 22-46; 1978: 181-192).

Die keuses wat die spreker maak in terme van die makrofunksies is, volgens Halliday, keuses uit die *betekenispotensiaal* wat die taal hom bied, en is derhalwe *semanties* van aard. Om hierdie rede verteenwoordig die sisteemnetwerke wat rekenskap gee van die keuses wat gemaak word in terme van die makrofunksies die *linguisties-semantiese* komponent van die model (sien byvoorbeeld Halliday, 1970; 1973; 1975; 1978; 1979; 1984 en ook Fawcett 1980 en 1984).

Die semantiese komponent van die model bevat dus drie subkomponente, die *ideë-komponent*, die *interpersoonlike komponent* en die *tekstuele komponent*.

Die ideë-komponent kan weer in twee onderafdelings verdeel word, nl. die *ondervindingskomponent* en die *logiese komponent*. Skematies kan dit soos volg opgesom word (sien Halliday 1979: 59):

- - - - - Idee - - - - - Ondervindingskomponent } Logiese komponent	Interpersoonlike komponent	Tekstuele komponent
--	-------------------------------	------------------------

In die ondervindingssubkomponent word ondervindings "direk" verteenwoordig deur deelnemers (lewend en nie-lewend) en prosesse van allerlei aard. Dit is hierdie aspek van die betekenisontensiaal van taal wat deur die transitiwiteitsnetwerk gemodelleer word (kyk in Halliday 1973b: 360). In die logiese subkomponent word ondervindings "indirek" verteenwoordig in terme van basiese logiese verhoudings soos "en", "naamlik", "word onderverdeel in", ens. (vergelyk Halliday 1979: 59). Die interpersoonlike komponent gee rekenskap van taal as interaksie. "Here the semantic system expresses the speaker's intrusion in the speech event: his attitudes, evaluations and judgments," (Halliday 1979: 59-60). Die sisteemnetwerke wat hierdie aspek van die semantiese sisteem modelleer, is die modusnetwerk en die modaliteitsnetwerk (sien Halliday 1973b: 360).

In die tekstuele komponent word die ander twee tipes betekenis, die ideëbetekenis en die interpersoonlike betekenis tot teks gestruktureer. In dié verband word Halliday 1970: 143, aangehaal:

"Finally, language has to provide for making links with itself and with features of the situation in which it is used. We may call this the *textual* function, since this is what enables the speaker or writer to construct 'texts', or connected passages of discourse that is situationally relevant; and enables the listener or reader to distinguish a text from a random set of sentences."

Die tema- en informasiesisteme gee rekenskap van die tekstuele keuses wat deur 'n spreker gemaak kan word (sien Halliday 1973b: 360).

Vir ons doel is dit nie nodig om in meer detail oor die funksionele komponent van die model te skryf nie. Vir 'n vollediger oorsig kan die werk van Halliday en Fawcett, waarna in 2.2.4 verwys is, gelees word, asook die opsommings van Monaghan (1979) en Steiner (1982).

3.2.2 Die oppervlaktegrammatika

In 2.2.3.3 is daarop gewys dat Halliday (1966) 'n onderskeid tussen die oppervlaktegrammatika en die dieptegrammatika ingevoer het. Die semantiese deel van die grammatika, wat nou die *dieptegrammatika* genoem word, gee rekenskap van die paradigmadiese aspek van taal, waarvoor die funksionele komponent wat in 3.2.1 bespreek is, rekenskap moet gee. Die *oppervlaktegrammatika*, wat rekenskap moet gee van die kombinatoriese aspek van die taalsisteem, vorm die leksiko-grammatiese komponent van die linguistiese sisteem. Hier word rekenskap gegee van herhaalde patrone wat in taalgebruik voorkom, en wat in terme van geslote klasse beskryf kan word (d.w.s. sintaksis en morfologie) en ook van die oop klasse (d.w.s. klasse wat tot die leksikon behoort).

Op meer as een plek wys Halliday daarop dat die onderskeid tussen grammatika en die leksikon 'n kline vorm, en dat daar dus nie sommer maklik 'n grenslyn getrek kan word nie (sien onder andere Halliday e.a., 1964: 32-34; McIntosh en Halliday 1966: 18-23 en Halliday 1966: 148-162). Die aspekte van die Afrikaanse oppervlaktegrammatika wat in hoofstuk 4 bespreek word, val egter duidelik binne die veld van geslote kategorieë en is dus deel van die grammatiese beskrywing van Afrikaans.

3.3 TEKS

Halliday (1977: 181) sê:

"The entire semantic system is 'text-forming', in the sense that a text is the product of meanings of all four kinds — experiential, logical and interpersonal, as well as textual".

Hy gaan dan voort

"The textual component, however, is the component whose function is specifically that of creating text, of making the difference between language in the abstract and language in use. In other words it is through the semantic options of the textual component that language comes to be relevant to its environment, as distinct from decontextualized language like words listed in a dictionary or sentences in a grammar book."

Op dieselfde bladsy wys hy verder daarop dat die Praagse Skool in hulle studie van "Funksionele Sinsperspektief" (FSP) van die eerste taalkundiges was wat 'n tekstuele komponent onderskei het, maar dat hulle nie eenskappe wat nie deel van die sinstruktuur gevorm het, in hulle studie in-

gesluit het nie. Hulle het derhalwe die tekseienskappe wat deur Halliday en Hasan (1976) onder die opskrif "kohesie" saamgroepeer word, uitgesluit. Dit sluit eienskappe in soos: referensie; substitusie; ellips; konjunksie; leksikale kohesie.

Halliday (1977: 193-197) sê dat 'n teks deur hom dus as 'n semantiese gegewe gesien word wat nie op grond van grootte beskryf kan word nie. Op p. 195 wys hy daarop dat:

"A text, in the normal course of events, is not something that has a beginning and an ending. The exchange of meanings is a continuous process that is involved in all human interaction; it is not unstructured, but is seamless, and all that one can observe is a kind of periodicity in which peaks of texture alternate with troughs — highly cohesive moments of relatively little continuity. The discreteness of a literary text is untypical of texts as a whole.
 . By 'text', then, we understand a continuous process of semantic choice. Text is meaning and meaning is choice, an ongoing current of selections each in its paradigmatic environment of what might have been meant (but was not)."

Dit is teen hierdie agtergrond dat Hasan (1978: 229) sê: "... a text is a social event whose primary mode of unfolding is linguistic".

'n Mens sal dus kan sê dat enige stuk taal wat funksioneel is — nie gesitueerde voorbeelde in grammatikaboeke en woordeboekinskrywings nie — 'n teks vorm.

Dit kan gesproke of geskrewe wees, dialoog of monoloog. 'n Teks kan wissel van een enkele segswyse tot 'n hele verhoogstuk, van 'n kortstondige roep om hulp tot 'n dag lange gesprek van 'n komitee (vergelyk Halliday en Hasan 1976: 1).

3.4 SITUASIE

Halliday (1978: 109) wys daarop dat, as 'n mens die sosiale konteks met 'n algemene sociolinguistiese teorie in verband wil bring, dit nodig sal wees om die situasie in hoogs abstrakte terme te karakteriseer. Hy wil dit doen deur van situasietipes gebruik te maak, wat elkeen in sy eie reg 'n semiotiese struktuur vorm, bestaande uit 'n konstellasie van betekenisse wat afgelei kan word uit die oorkoepelende semiotiese sisteem wat die kultuur van 'n spesifieke groep vorm.

Vir die bespreking van situasietipes stel hy die volgende drie dimensies

voor, naamlik *veld*, *tenor* en *mode*¹⁾ (sien onder andere Halliday en Hasan 1976: 22; Halliday 1977: 200-203 en Halliday 1978: 61-64). Omdat hy 'n baie saaklike verduideliking van die drie begrippe gee, word Halliday 1977: 200-201 hier aangehaal:

"The situation consists of

- 1) the social action: that which is 'going on', and has recognizable meaning in the social system; typically a complex of acts in some ordered configuration, and in which the text is playing some part; and including 'subject-matter' as one special aspect,
- 2) the role structure: the cluster of socially meaningful participant relationships; both permanent attributes of the participants and the role relationships that are specific to the situation; including the speech roles, those that come into being through the exchange of verbal meanings,
- 3) the symbolic organization: the particular status that is assigned to the text within the situation; its function in the relation to the social action and the role structure; including the channel or medium, and the rhetorical mode.

We shall refer to these by the terms 'field', 'tenor' and 'mode'. The environment, or social context, of language is structured as a field of significant social action, a tenor of role relationships, and a mode of symbolic organization. Taken together these constitute the situation, or 'context of situation', of a text."

Met die voorstel dat situasietipes in terme van veld, tenor en mode ontleed moet word, poog Halliday om aan te toon op welke wyses die keuses van betekenis vir die konstruksie van 'n teks deur die situasiekonteks beïnvloed word. Hierdie skakeling word gemaak deur middel van 'n hipotese dat daar 'n neiging is vir die situasietipes om die tipes keuses wat in die verskillende funksionele komponente gemaak word te weerspieël. Hiervan sê Butler (1985: 86-87):

"Halliday is claiming, then, that if we compare texts differing in field, the most likely differences in the meaning choices made will be those concerned with the types of process, participant, circumstance, and the like, including the lexical characterization of relevant objects, persons, and so on; while if we compare texts differing in tenor, it is more likely that the difference in meaning will be in the areas of speech role, styles

1) Hierdie terme word gebruik as vertaling vir die Engelse terme "field" "tenor" en "mode".

of address, lexical and intonational expression of attitude, and other such interpersonal features; and if we compare texts differing in mode, the semantic differences will tend to be located in the areas of theme, information structure and cohesion."

Dit is vir die doel van hierdie studie nie nodig om hier verder op aspekte van die situasie in te gaan nie. Vir meer inligting kan die werke waarna hier bo verwys is, gelees word, asook Halliday (1978: 219-230) wat 'n gedetailleerde voorbeeld bevat.

3.5 REGISTER

In die taalkunde word die term "register" algemeen gebruik om na taal te verwys wat onderskei word op grond van dit *waarvoor dit gebruik* word, in teenstelling met 'n variasie wat onderskei word op grond van *eienskappe van die gebruikers* daarvan. Eersgenoemde tipe word dikwels "diakrities" genoem, en laasgenoemde "dialekties" (sien onder andere Halliday, e.a. 1967: 97).

Daar is oorspronklik aan registers gedink in terme van hulle leksikale en grammatiese eienskappe. Omdat Halliday se teorie egter gaandeweg na 'n meer semantiese basis beweeg het, beweer hy ook tans dat die wesensmerke van registers semanties van aard is. Halliday (1978: 111) definieer 'n register dan ook soos volg:

"A register can be defined as the configuration of semantic resources that the member of a culture typically associates with a situation type. It is the meaning potential that is accessible in a given social context. Both the situation and the register associated with it can be described to varying degrees of specificity; but the existence of registers is a fact of everyday experience — speakers have no difficulty in recognizing the semantic options and combinations of option that are 'at risk' under particular environmental conditions. Since these options are realized in the form of grammar and vocabulary, the register is recognizable as a particular selection of words and structures. But it is defined in terms of meanings; it is not an aggregate of conventional forms of expression superposed on some underlying content by 'social factors' of one kind or another. It is the selection of meanings that constitutes the variety to which a text belongs."

(Lees ook Hasan 1973: 271-289) vir 'n bespreking van *Kode, Register en Sosiale Dialek*.)

3.6 KODE

Die kodekonsep is deur Halliday van Bernstein oorgeneem en daarmee verwys hy na "types of social semiotic, or symbolic orders of meaning generated by the social system" (Halliday 1978: 111). Voorbeelde daarvan is "elaborated code" en "restricted code" soos deur Bernstein (1971) voorgestel, en wat in Afrikaans vertaal kan word met die terme "uitvoerige kode" en "beperkte kode".

Kodes is nie op sigself variasies van taal nie, maar tree op as filters wat deurgang tot sekere klasse van variasie verleen. Daarom sê Halliday (1978:111) dat "when the semantic systems of the language are activated by the situational determinants of texts — the field, tenor and mode — this process is regulated by the codes". Omdat kodes uitdrukking gee aan 'n spesifieke subkulturele hoek op die sosiale sisteem, en omdat hulle gedurende die sosialiseringproses op die kind oorgedra word, bepaal hulle die repertoire van registertipes wat tot die beskikking van sprekers en hoorders sal wees.

Dit moet beklemtoon word dat in die model van Halliday kodes nader aan register verwant is as aan sosiale dialek, want registers vorm 'n onderafdeling van die betekenispotensiaal, en kodes beheer op hulle beurt weer die beskikbaarheid van betekenispotensiaal. (Lees in dié verband ook Hasan 1973: 271-289).


3.7 SOSIALE STRUKTUUR

Butler (1985: 68) wys daarop dat die sosiale struktuur vir Halliday die bron vorm van verskeie van die sosiolinguistiese komponente wat hy in sy model insluit (sien byvoorbeeld Halliday 1978: 113-114). Dit is die sosiale struktuur wat bepaal watter kontekstipes van die grootste belang sal wees. Dit bepaal ook die status- en rolverhoudings (tenor), die tipes aktiwiteit (veld), en selfs die beskikbare media en tipes retoriese funksie (mode). Die sosiale struktuur gee ook, omdat dit die tipe familierolsisteem weerspieël, vorm aan die kodes, waarvan daar gesê word dat hulle toegang tot die registers verleen. Die hiërargiese sisteme wat uit die sosiale struktuur spruit (klasse en kaste), lei tot 'n hele reeks sosiale dialekte, die invloed van familiesisteme, statusverhoudings en die differensiasie van kodes.

Halliday onderskei ook tussen die sosiale struktuur en 'n meer algemene

kategorie, die *sosiale sisteem*, wat al die ander sosiale verhoudings wat hy bespreek, insluit, en aan die "kultuur" gelyk gestel kan word (sien Butler 1985: 68 en ook Halliday 1978: 69).

3.8 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HALLIDAY SE MODEL VAN TAAL AS SOSIALE SEMIOTIEK
(aangepas uit Halliday 1978: 69):



3.9 TERREINAFBAKENING

In die voorafgaande paragrawe is die komponente van Halliday se model van taal as 'n sosiale semiotiek kortliks geskets. In hierdie paragraaf word die terrein waarop daar in hierdie studie gekonsentreer word, aandui. Om dit te doen, moet daar eers 'n kort bespreking gegee word van die gebruik van die woord "grammatika" deur die leek en die taalkundige.

3.9.1 Die woord "grammatika"

Die woord "grammatika" word deur die leek, sowel as die taalkundige, gebruik om na verskillende dinge te verwys. In verband met eersgenoemde groep wys Palmer (1971: 13) daarop dat gewone moedertaalsprekers 'n hele aantal wanopvattinge oor die betekenis van die woord "grammatika" het. Hulle sê onder andere dinge soos die volgende:

1. 'n Grammatika van 'n taal is 'n boek wat oor die taal geskryf word;
2. Die grammatika van 'n taal kan slegs in die geskrewe vorm daarvan gevind word — gesproke tale het nie grammatika nie;
3. Party tale het grammatika — ander nie;
4. Grammatika kan goed of sleg wees — reg of verkeerd;
5. Party mense ken die grammatika van hulle moedertaal — ander nie.

Sonder om enigsins dieper op hierdie wanopvattinge in te gaan, kan kortliks gesê word dat 1. verwys na 'n spraakkuns wat oor 'n taal geskryf kan word; 2. het te doen met 'n ou opvatting dat die geskrewe woord bo die gesproke woord verhewe is; 3. het te doen met die feit dat morfologie as gelyk aan die hele grammatika gesien word; 4. sluit by 1 en 2 aan, en het ook te doen met taalsnobisme, omdat party mense die mening toegedaan is dat sekere variasies van 'n taal "verhewe" is bo ander variasies daarvan; 5. sluit die nouste aan by die betekenis wat deur mense soos Chomsky (1965) aan die woord "grammatika" geheg word, behalwe dat hy sê dat elkeen van ons die grammatika van sy of haar moedertaal "ken" — dit is nie net party mense wat 'n kennis het van grammatika nie.

In die taalkunde word die term ook gebruik om na meer as een ding te verwys (vergelyk byvoorbeeld Chomsky 1965: 4; Fromkin en Rodman 1978: 9-12). Dit kan byvoorbeeld gebruik word om na 'n hele taalteorie te verwys, of dit

kan verwys na 'n model wat gebruik word om 'n beskrywing te gee van 'n taal, of dit kan verwys na slegs 'n onderdeel van so 'n model (sien onder andere Fromkin en Rodman 1981: 9-12; Langacker 1967: 6; Lyons 1968: 133-144 en 1981, 100-101, asook Allerton 1979: 46 en Halliday, McIntosh en Strevens 1964: 18).

In hierdie studie word die term *grammatika* gebruik om te verwys na 'n onderdeel van die model of beskrywingsraamwerk wat hier bo geskets is. Dit beslaan 'n gedeelte van die komponent wat in die skets onder die opskrif "volwasse linguistiese sisteem" aangedui word.

3.9.2 Grammatika in die sistemiese model

Ons het nou hier bo gesien dat die grammatiese komponent 'n deel is van die groter sistemiese model. In ons studie van die grammatika van 'n taal is ons geïnteresseerd in klasse van items en die patrone wat deur hulle gevorm word (sien byvoorbeeld Berry 1975: 38). Dit fokus dus die aandag op dié deel van die model wat te doen het met geslote keusestelle. Dit is dan ook in terme van geslote en oop keusestelle wat Halliday, McIntosh en Strevens (1964: 21-22) 'n onderskeid tref tussen *leksis* en *grammatika*. Grammatika het met geslote keusestelle en leksis met oop keusestelle te doen. Berry (1975: 38) gee voorbeelde wat hierdie verskil duidelik illustreer. 'n Soortgelyke voorbeeld word nou hier vir Afrikaans gebruik:

As 'n mens die volgende twee eenvoudige stelling met mekaar vergelyk, val sekere verskille en sekere ooreenkomste duidelik op:

- a) die onderwyser slaan die seun
en
- b) die werker verf die muur.

In die eerste plek kan 'n mens sê dat (a) en (b) ooreenkomste vertoon ten opsigte van die feit dat beide 'n doener bevat, wat iets doen aan 'n doelwit. Elkeen bevat dus 'n subjek, 'n transitiewe werkwoord en 'n direkte objekkomplement. In hierdie opsig pas hulle dus in 'n geslote patroon, naamlik Subjek + Predikator + Komplement (direkte objek). Aan die ander kant kan die subjekposisie deur 'n groot aantal items gevul word, waarvan *die onderwyser* en *die werker* in (a) en (b) respektiewelik maar twee is. In hierdie posisie het 'n mens dus duidelik met 'n oop keusestel te doen. Dieselfde kan opgemerk word met betrekking tot die predikator- en die

komplementsposisie. 'n Groot groep oorganklike werkwoorde kan volgens die patroon wat hier bo aangedui is, as predikator optree, en 'n groot aantal naamwoordgroepe kan as die direkte objekkomplement optree. Hier word nie verder op hierdie punt ingegaan nie.

'n Mens sal dus op grond van die voorbeeld hier bo kan sê dat die verhouding subjek :: predikator :: komplement 'n geslote verwantskapsmoontlikheid is, en dus tot die terrein van die grammatika behoort, terwyl die verhouding tussen *die onderwyser*, *die werker*, ens. 'n oop verhouding verteenwoordig wat dus tot die terrein van die leksikon behoort. Halliday, McIntosh en Strevens (1964: 22) wys egter daarop dat die onderskeid tussen oop klasse en geslote klasse nie altyd maklik getref kan word nie, omdat dit 'n kline vorm, dit wil sê, 'n geleidelike oorgang van die een kategorie na die ander. Daar kan dus geen skerp en duidelike grenslyn tussen die twee getrek word nie.

Daar is reeds in 2.4 gewys op die onderskeid wat sedert 1966 in die sistemiese model tussen *dieptegrammatika* en *oppervlaktegrammatika* gemaak word. Hierdie onderskeid word veral goed aangedui deur die werk wat deur Muir (1972) en Berry (1975) en (1977) ten opsigte van die beskrywing van Engels gedoen het. Die werk van die generatiewe soos Hudson, Fawcett, Martin, Henrici e.a. (sien veral Halliday en Martin 1981 en ook 2.5) gee ook 'n goeie aanduiding van hierdie onderskeid. In die volgende twee hoofstukke word eerstens aspekte van die Afrikaanse oppervlaktegrammatika en daarna aspekte van die Afrikaanse dieptegrammatika bespreek. Die raamwerk wat vir die bespreking gebruik word, is 'n aangepaste "Skaal en kategorie"-model. Om hierdie rede is veral die oppervlaktegrammatika baie tradisioneel van aard.

Voordat 'n sistemies-generatiewe beskrywing van Afrikaans gegee sal kan word, is nog baie navorsing en beskrywing nodig ten opsigte van beide die diepte- en die oppervlaktegrammatika, sodat uitvoerige sisteemnetwerke opgestel kan word, en realisasiereëls geskryf kan word. Die werk wat hier gedoen word, moet net as aanvoerwerk in hierdie rigting gesien word.

4. 'N BESPREKING VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKAANSE OPPERVLAKTEGRAMMATIKA

4.1 KETTINGVERHOUDINGS EN KEUSEVERHOUDINGS

Met sy opstel "Some notes on deep grammar" het Halliday (1966) 'n onderskeid tussen oppervlaktegrammatika en dieptegrammatika ingevoer (vergeelyk ook 2.2.3.3). Die *sisteem* wat rekenskap moet gee van die keuseverhoudings in taal is nou verhef tot dié kategorie van grammatika. Van nou af word die sisteemnetwerke al hoe meer beskou as die semantiese komponent van die grammatika, terwyl die ander kategorieë, nl. *klas*, *eenheid* en *struktuur*, wat rekenskap moet gee van die kettingverhoudings in taal, as behorende tot die oppervlaktegrammatika beskou word (kyk onder andere in Halliday 1967a en b en 1968; Muir 1972 en Fawcett 1980 en 1984).

Hierdie hoofstuk bevat 'n kernagtige samevatting van die belangrikste aspekte van die Afrikaanse oppervlaktegrammatika. Dit word gedoen deur middel van 'n bespreking van die struktuur en funksie van die verskillende eenhede op die rangskaal. In die proses sal die kategorie, klas, ook ter sprake kom asook die *realisatieskaal* en die *delikaatheidskaal* (vergeelyk 2.2.3.2 en ook Halliday 1961).


4.2 REALISASIE, VULLING EN KOMPONENSIE

Voordat die bespreking voortgesit kan word, is dit nodig om die aandag op die volgende sake rakende die realisatieskaal te vestig:

Die term *eksponensie* wat deur Halliday in die 1961-weergawe van sy "skaal en kategorie"-model gebruik is, is in Halliday (1966: 59) vervang met die term *realisasie*, wat hy by Lamb geleen het. Hy gebruik hierdie term egter redelik onnoukeurig en verwys daarmee na verskillende tipes verhoudings. In die eerste plek verwys hy met die term *realisasie* na die verhouding tussen die semantiese struktuur en die abstrakte grammatiese struktuur waarmee semantiese verhoudings uitgedruk word (sien onder andere Halliday 1970 en Halliday 1979). In die tweede plek het dit te doen met die konsepte van *komponensie* en *vulling* wat met verhoudings binne die grammatiese struktuur van 'n taal te doen het (sien Fawcett 1974: 7-9). *Komponensie* verbind knope in 'n strukturele diagram en *vulling* het te doen met die verhoudings binne so 'n knoop. Die verskil tussen die twee konsepte kan die duidelikste met praktiese voorbeelde verduidelik word:

Neem 'n mens 'n naamwoordgroep soos *die arme ou man in die kamer*. kan iv sê

dat dit 'n naamwoordgroep is wat uit modifierende elemente, 'n kwalifiserende element en 'n hoofwoord bestaan. Dit kan diagrammaties soos volg voorgestel word:



Al die verhoudings tussen die knope in 'n struktuurdiagram soos die een hier bo het met komponensie te doen. Dit sluit byvoorbeeld die verhoudings in tussen *die* en *arme*; *die arme* en *ou*; *die arme ou* en *man* en *man* en *in die kamer*, ens.

Vulling het weer te doen met die verwantskappe in 'n knoop. "It represents a statement that an element of structure is 'filled' by a particular class of unit" (Fawcett 1974: 9). In 'n stel met die struktuur SPK kan die S-element gevul word deur 'n Ng, die P-element deur 'n Wg en die K-element deur 'n Ng of Ag. Vergelyk:


S	P	K
Die mense	sien	die rolprent
	en	
S	P	K
Die meisie	is	slim

Die term *realisasie* moet liever gereserveer word vir die verbinding tussen die laagste sintaktiese kategorie in die strukturele diagram en die formele item¹⁾ wat daaraan uitdrukking gee (vergelyk Fawcett 1974: 8).

1) Berry (1975: 72) definieer "formal items" soos volg: "Formal items are actual bits of language which represent elements of structure". Formele items word in twee vorme aangetref, naamlik fonologies (klank) en grafologies (skrif).

Ten slotte kan die volgende diagram as verduideliking dien. Let wel dat $\frac{S}{Ng}$ beteken dat die S-element in die stel deur die Ng gevul word. Die \triangle -teken beteken "gerealiseer as".

Sin: Hy rook dagga in die kamer agter die kas



LW: Kyk op p. 217 vir 'n volledige lys afkortings en simbole wat in die studie gebruik word.

4.3 METODOLOGIE

Die bespreking van die struktuur van die verskillende eenhede op die rangskaal word begin by die bespreking van die struktuur van die woord. Dit word gedoen omdat die morfeem, as die kleinste eenheid op die rangskaal in die sistemiese teorie, geen eie struktuur het nie. Die verskillende morfeme vul slegs die struktuurelemente van die woord (vergelyk paragraaf 4.4 hier onder).

Na die bespreking van die struktuur van die woord sal die struktuur van die verskillende woordgroepe bespreek word, daarna dié van stelling en laastens dié van die sin. Hierdie samevatting van die Afrikaanse oppervlaktegrammatika word gebaseer op die werk wat ten opsigte van Engels gedoen is deur Halliday (1967 a en b en 1968); Muir (1972); Quirk e.a. (1972); Berry (1975 en 1977); Young (1980); Lyons (1968; 1977 en 1982). Verder steun die bespreking ten opsigte van Afrikaans op onder andere die werk van die volgende skrywers: Ponelis (1968 en 1972); Senekal e.a. (1972); Barnes (1948); De Villiers (1948, 1968, 1975, 1982); Du Plessis (1982) en Botha (1985).

Omdat slegs kerngegewens hier bespreek kan word, moet talle probleme en vrae onopgelos en onbeantwoord bly. Die doel is om hier 'n raamwerk te skets en die basis aan te dui wat as vertrekpunt geneem kan word vir verdere navorsing in Afrikaans binne 'n sistemiese raamwerk. Verdere navorsing sal nodig wees om die struktuur van die verskillende eenhede op die rangskaal in die fynste delikaatheid te beskryf.

4.4 DIE STRUKTUUR VAN AFRIKAANSE WOORDE

Daar is reeds heelwat oor die woordmorfologie van Afrikaans gepubliseer. As agtergrond vir hierdie bespreking is onder andere die volgende publikasies gebruik: Odendal (1962); Combrink (1968); De Klerk (1968); De Villiers (1969); Posthumus (1971); Senekal e.a. (1972), asook Kempen (1969).

Uit die aard van die saak kan nie al die aspekte waaraan hierdie skrywers aandag gee hier bespreek word nie. Net die belangrikste punte sal aangestip word om aan te dui hoe die sistemiese benadering van dié genoemde skrywers verskil of met hulle ooreenstem.

Hoër op is in die bespreking van "skaal en kategorie"-grammatika aangetoon

dat Afrikaans, nes Engels, op 'n rangskaal van vyf eenhede beskryf kan word. Die eenhede is van die grootste tot die kleinste:

sin
 stel
 groep
 woord
 morfeem

Daar is ook gewys op die feit dat die verhouding van die eenhede tot mekaar op die rangskaal 'n "bestaande uit"-verhouding is, vanaf die grootste eenheid, die sin, tot by die kleinste eenheid, die morfeem (vergelyk Halliday 1961: 251). Beweeg 'n mens van die grootste eenheid na die kleinste, bestaan elke eenheid op die rangskaal uit een of meer van die eenhede direk daaronder op die rangskaal. Die teorie maak dus vir enkelvertakking ("singularly branching") voorsiening (kyk onder andere in Huddleston 1965: 571). In hulle behandeling van die morfologie sluit De Klerk (1968) en Posthumus (1971) duidelik enkelvertakking uit. Posthumus (1971: 102) sê byvoorbeeld: "'n Ongelede woord soos *huis* kan dus nie eenmorfemig genoem word nie, wel kan *huislik*, *huise* en *verhuis* tweemorfemig genoem word".

Alhoewel Odendal (1962) nêrens die idee van enkelvertakking noem nie, weerspreek sy morfeemdefinisie (Odendal 1962: 26) nie die idee van 'n rangskaal nie. Dit is ook die geval met beide De Villiers (1969) en De Villiers (1983). Nog twee ander punte in verband met die rangskaal word deur Muir (1972: 8.9) soos volg uiteengesit:

"First it is obvious that there are two ways of looking at the units on the rank scale, upward and downward. If we look upward we are looking at how the unit operates in the structure of the unit next above; if we look downward we are looking at how the unit is made up by members of the unit next below. The former is called syntax and the latter is called morphology. Both syntax and morphology extend over the whole rank scale. The syntax of (for example) the nominal group is that it operates at S and C in the clause structure; the morphology of the nominal group is that it has elements of structure m, h, q, at which operates members of the unit word. Second, and consequent to the first, we never, in fact, discuss only one unit on the rank scale; any discussion necessarily involves the unit next above or the unit next below".

Hierdie beskouing is nie totaal vreemd aan bestaande beskrywings van

Afrikaans nie. Wat byvoorbeeld onder andere deur Ponelis (1968: 7) oor die "sintagma" gesê word, sluit in wese aan by die idee van 'n rangskaal met sintagmatiese verhoudings op verskillende vlakke. Ook Ponelis se beskouing oor "begin- en eindkategorieë" bots nie met hierdie opvatting nie. Dieselfde kan ook gesê word van onder andere die beskrywings van Senekal e.a. (1972) en Du Plessis (1982).

Die eenheid is die kategorie van die teorie van grammatika wat verantwoordings doen van die herhaalde patrone wat op die sintagmatiese as voorkom (vergelyk 2.2.3.2.1). Die herhaalde patrone wat op die vlak van die woord voorkom, word gevul deur 'n groep taaleenhede wat as *morfeme* bekend staan. Omdat die morfeem die kleinste eenheid op die rangskaal is, het dit self geen interne struktuur nie. 'n Titel soos dié van Odendal (1962), "Die struktuur van die Afrikaanse wortelmorfeem", sou dus onaanvaarbaar wees in 'n sistemiese raamwerk, omdat die morfeem 'n eenheid is van die teorie van grammatika, en die struktuur wat deur Odendal behandel word fonologiese struktuur is wat buite die terrein van die teorie van grammatika val (vergelyk onder andere Fawcett (1974: 7-9)).

In sy bespreking van die morfologie noem Matthews (1970: 99-114) dat daar oor die jare drie benaderingswyses ten opsigte van morfologiese beskrywing ontwikkel het, nl. "Item en arrangement" (IA), "Item and process" (IP) en "Word and Paradigm" (WP). Die morfologiese beskrywings wat deur Muir (1972) en Berry (1975) ten opsigte van Engels aangebied word, volg basies 'n IA-benadering. Hulle maak egter ook plek-plek van IP-prosedure gebruik, om byvoorbeeld probleme soos *ring/rang/rung* te bespreek, *ox/oxen*, ens.

Vervolgens word daar oorgegaan tot 'n bespreking van die belangrikste morfeemtypes in Afrikaans. In die proses maak die sistemiese, asook die Afrikaanse skrywers wat hier bo genoem is, van die volgende tipes kriteria gebruik:

- i) vormlike kriteria;
- ii) distribusionele kriteria;
- iii) semantiese kriteria.

4.4.1 Vrye en gebonde morfeme

4.4.1.1 Agtergrond

In Afrikaans is woorde nie noodwendig die kleinste betekenisdraende eenhede nie. Dit kan aan die hand van die volgende voorbeelde geïllustreer word:

man	teenoor	mans
perd	teenoor	perdjie
loop	teenoor	geloop

Die voorbeelde aan die regterkant verskil van dié aan die linkerkant net op grond van die toevoeging van *-s*, *-jie* en *ge-*. As 'n mens nou nog eenhede soos dié aan die linkerkant sou neem byvoorbeeld *broer*, *pad*, *eet*, is dit duidelik dat daar op dieselfde wyse 'n *-s*, *-jie* en *ge-* toegevoeg kan word, en die wysiging wat in die eerste geval deur die toevoeging van hierdie eenhede veroorsaak is, is identies aan dié wat in die tweede geval in die hand gewerk word. Alhoewel hierdie eenhede nie woorde genoem kan word nie, omdat hulle kan nie selfstandig optree nie, kan dit nie ontken word nie dat hulle tog 'n semantiese verandering in die hand werk as hulle by ander eenhede gevoeg word. Daar bestaan dus, afgesien van eenhede soos *man*, *perd* en *loop*, wat onafhanklike semantiese waardes het, ook eenhede soos *-s*, *-jie* en *ge-* wat afhanklike semantiese waardes het. Omdat hier met eenhede op 'n vlak kleiner as die woord gewerk word, is 'n spesiale term geskep om na hulle te verwys, naamlik *morfeem* wat 'n ontlening is uit die Engelse taalkundewêreld (sien onder andere Bloomfield 1933).

4.4.1.2 Stamme

In 4.4.1.1 is reeds aangetoon dat die eenhede op hierdie vlak van ontleding nie almal gelykwaardig is nie. In 'n woord soos *menslik* is die eenheid *mens* byvoorbeeld van meer belang as die eenheid *-lik*; in *geloop* is *-loop* van meer belang as *ge-* en in *senuweeagtig* is *senuwee-* van meer belang as *-agtig*. Die eenhede *mens*, *loop* en *senuwee* kan ook onafhanklik in sinne gebruik word, waar hulle dus woorde genoem kan word: Hy is 'n gawe *mens*; Die oog het 'n groot *senuwee*; Sy *loop* by die deur uit.

Die term wat deur die meeste skrywers gebruik word om na hierdie onafhanklike eenhede te verwys is "sentrale morfeem" (kyk byvoorbeeld in De Villiers 1969; Posthumus 1971; Senekal e.a. 1972). De Klerk (1968) praat van

"vrye morfeem" en Combrink (1968) van "stam" — alhoewel hy stamme nie as morfeme beskou nie. Die term "stam" word ook as alternatief aangegee deur Posthumus (1971) en Senekal e.a. (1972). Omdat die term *stam* by die Germaanse vorm *voegsel* pas, wat ook hier gebruik gaan word, is *stam* die term wat in hierdie verhandeling gebruik word om na selfstandige bousels soos *man*, *perd*, *senuwee*, ens. te verwys.

4.4.1.3 Stam en woordkorrelaat

As hulle geïsoleer word, het die meeste stamme 'n duidelike vormlike ooreenkoms met woorde. In baie gevalle is die ooreenkoms volledig, byvoorbeeld tussen die stamme *skeer-* en *-mes* in die woord *skeermes* en die woorde *skeer* en *mes* in die sinne Hy *skeer* sy baard, en Hy slyp die *mes*. Die isoleerbare stam het dikwels nie 'n vorm identies aan die woordkorrelaat nie. So kan 'n mens uit die woord *posduif* die twee stamme *pos-* en *-duif* isoleer, maar uit *duiwehok* die twee stamme *duiw-* en *-hok*. Die stam *duiw-* is nie identies aan die ooreenstemmende woord *duif* in byvoorbeeld: Ek het nog 'n *duif* gekoop nie. Nog 'n voorbeeld is die wisseling tussen *-lig* en *ligt-* in twee woorde soos *sonlig* en *ligte*; ook *-gees* en *geest-* in *bosgees* en *geestelik*.

Van hierdie verskynsel sê De Villiers (1983: 65) onder andere: "Dit is 'n belangrike verskynsel dat sommige stamme 'n vorm soos 'n woord het, en ander 'n afwykende vorm". Posthumus (1971: 105) stel dit effens anders deur te sê dat 'n morfeem 'n woordkorrelaat het as daar 'n herkenbare ooreenkoms tussen so 'n morfeem en 'n woord in die taal is. Hy sê verder: "Die vormlike ooreenkoms hoef nie absoluut te wees nie en kan selfs heel gering wees as die kategoriale korrelasie onbetwisbaar stawend is". Voorbeelde wat hy van sodanige korrelasies gee, is onder andere *twinn-* in *twintig* en *twee*; *der-* in *dertig* en *drie*; *veer-* in *veertig* en *vier*. Die voorbeelde wat De Villiers (1983: 66) gee, kan ook hiermee vergelyk word, soos onder andere *hoofd-* in *hoofdelik*; *produkt-* in *produkte*, teenoor *hoof* in: Hy het 'n geswolle *hoof*, en *produk* in: Koffie is 'n skaars *produk*, respektiewelik.

Volgens De Villiers kan hierdie wisselinge op twee wyses verklaar word, naamlik volgens die fonologiese wette van die taal en volgens die diachronie van die taal. Die fonologiese wette stel 'n mens soms daartoe in staat om die vorm van 'n betrokke morfeem in verskillende klankomgewings te voorspel (vergelyk ook De Klkerk 1968: 173-175 en Posthumus 1971: 111)

Met betrekking tot die diachronie wys De Villiers daarop dat baie van die wisselinge in Afrikaans histories verklaar kan word. Twee van die belangrikste tipes wat deur hom genoem word, is die reste van afgeloopte prosesse soos *ablaut* (bv. bederf/bedorwe; verbuig/verboë; prys/geprese, ens.) en *umlaut* (bv. stad/stede; skip/skepe, ens.) wat nog in Afrikaans teenwoordig is. Hy wys ook op Franse leenwoorde soos byvoorbeeld *administreer/administrasie*; *elektrifiseer/elektrifikasie*, en sê verder: "Omdat hierdie vorme in baie gevalle 'n erfenis is, en tot die sisteem van 'n ander taal, nl. Frans, behoort, is dit nie vir ons so nodig om reëls uit te werk wat die vorme van die stam en die agtervoegsels beskryf nie" (De Villiers 1983: 65). Wil 'n mens egter 'n baie eng sinchroniese benadering volg, lewer gevalle soos die bogenoemde stamvariante probleme op, waarvan die belangrikste vervolgens bespreek word.

4.4.1.4 Onselfstandige stamme

Een manier waarop 'n mens kan onderskei tussen twee morfeemvorme soos *-duif* uit *posduif* en *duiw-* uit *duiwehok* is om die vorm wat net in verbinding met ander taaleenhede voorkom 'n *onselfstandige stam* te noem (kyk byvoorbeeld in De Villiers 1983: 65). Die term kan egter tot moontlike misverstand lei, want eenhede soos *vibr-* in *vibreer* en *vibrasie* en *konsentr-* uit *konsentreer* en *konsentrasie* kan ook *onselfstandige stamme* genoem word. De Klerk (1968: 137) se onderskeid is wesentlik dieselfde as dié van De Villiers. Hy onderskei tussen "vrye vorme" soos *nag*, *vlug* en *lig* en "onselfstandige vorme" soos *nagt-*, *vlugt-* en *ligt-*, ens.

Nie een van die bogenoemde twee skrywers se benadering is egter so bevredigend as dié van Lyons (1968: 181-182) nie. Hy tref 'n onderskeid tussen die morfeem as 'n abstrakte gegewe en die morf wat die substansiële realisasie daarvan is.¹⁾ Die fonologies bepaalde variante kan dan allomorfe genoem word (vergelyk ook De Klerk 1968: 172). 'n Mens kan dus sê dat die morfeem *nag* deur twee allomorfe [naxt] en [nax] gerealiseer kan word. Omdat allomorfe fonologies bepaalde variante is, kom hulle in komplementêre spreiding voor. Hulle is daarom nie vrye wisselvorme soos *aartappel*

1) Alhoewel Lyons nie 'n sistemikus is nie, is sy benadering in hierdie opsig identies aan dié van Berry (1975) en Muir (1972), soos aangedui sal word as die verskille en ooreenkomste wat die sistemici se werk met die meer tradisionele benadering het in 4.4.2 bespreek word.

en *ertappel* nie.

4.4.1.5 Wortels

In 4.3.1.3 is gewys op probleme wat kan ontstaan met leenwoorde wat die sisteem van 'n ander taal verteenwoordig, soos byvoorbeeld die geval is met pare soos *administreeer/administrasie* en *elektrifiseer/elektrifikasie*. Van hierdie tipe leenwoord sê De Klerk (1968: 170): "In gevalle waar die gemeenskaplike element van gelede woord (*vibrasie, vibreer, vibrant*) nie 'n selfstandige ongelede korrelaat vertoon nie, noem ons hierdie gemeenskaplike element die *wortel* van die woord. *Vibr-* is dus die wortel wat optree in *vibrasie, vibreer, vibrant*".

Dit is byna onmoontlik om die semantiese waardes van hierdie wortels sinchronies te bepaal. Die beste wat gedoen kan word, is om die gehele soos volg te beskryf: "In terme van sy gelede naamwoordkorrelaat, *vi-brasie*, het die werkwoord *vibreer* 'n prosessiewe waarde, en in terme van sy gelede werkwoordkorrelaat, *vibreer*, het die naamwoord, *vibrasie*, 'n resultatiewe waarde."

'n Ander benadering tot hierdie leenwoordprobleem is om te sê dat hulle sinchronies as ongelede woorde beskou moet word. Dit is wel so dat 'n mens duidelik 'n *-asie* en 'n *-eer* uit *vibrasie/vibreer* en *konsentrasie/konsentreer* en so voorts kan isoleer, maar omdat die reste *vibr-* en *konsentr-* nie woordkorrelate het nie, en ook nie die fonologiese bou van Afrikaanse stamme het nie, kan 'n mens hierdie woorde nie as gelede woorde beskou nie. 'n Mens sal dus 'n woord soos *katkiseer* as 'n ongelede woord moet beskou, en *katkiseerdery* as bestaande uit die stam *katkiseerd-* en die agtervoegsel *-ery*. Dieselfde kan gesê word oor gevalle soos *korrigeer/korrigeerdery* en *masturbeer/masturbeerdery*, ens.

4.4.1.6 Stampartikels

Volgens Combrink (1968: 22) is daar bousels wat volgens die normale fonologiese patroon van Afrikaans gebou is en wat hulle ook soos gewone stamme gedra in die sin dat hulle met ander morfeme verbind om langer eenhede te vorm. "Maar hulle is partikels omdat hulle by die meerderheid taalgebruikers nooit enige saaklike wete aktiveer nie". Van die voorbeelde wat Combrink gee, is onder andere: *Boes-* in *boesman*; *bund-* in *uitbundig*; *-raad* in *huisraad*; *-merrie* in *maermerrie*, ensovoorts.

De Klerk (1968: 176-178) bespreek ook hierdie verskynsel, maar deel die partikels wat hy behandel in twee groepe in, naamlik "duister komponente" en "unieke komponente". Volgens hom onderskei "duister komponente" hulle van "unieke komponente" omdat laasgenoemde net in een woord optree. "Duister komponente" kom in meer as een woord in Afrikaans voor. Voorbeelde van "duister komponente" is volgens hom onder andere *-gis* in *vergis*; *-sonder* in *besonder*; *-staan* in *verstaan*; *-drag* in *gedrag*, ens. Voorbeelde van "unieke komponente" is onder andere: *-lemmer* in *belemmer*; *-driet* in *verdriet* en *roek-* in *roekeloos*. Wat hy bedoel deur te sê dat "duister komponente" ook in ander woorde optree, is nie duidelik nie. Dit lyk of hy bedoel dat 'n item soos *-gis* in *vergis* ooreenstem met die stam *gis* wat as woord kan optree in 'n sin soos *Om bier te maak het 'n mens gis nodig*. Op dieselfde wyse stem *-staan* in *ontstaan* ook ooreen met *-staan* en *verstaan*, ens. As dit is wat hy bedoel, is sy stelling nie korrek nie, want 'n item soos *-koor* in *bekoor* en *-sonder* in *besonder* kan eerder as homonieme van die ooreenstemmende eenhede *koor* en *sonder* in sinne soos byvoorbeeld *Hy loop sonder broek*, en *Die koor sing mooi*, gesien word. Dit lyk dus nie of De Klerk se onderskeid tussen "duister komponente" en "unieke komponente" heeltemal opgaan nie.

4.4.1.7 Diskontinue stamme

In 4.3.1.4 is daarop gewys dat vorme soos *ring/rang/rung* en *sing/sang/sung* in Engels problematies is. By hierdie reekse sterk vorme vervul die vokaalverandering dieselfde funksie wat by swak vorme deur die agtervoegsel *-ed*, soos in *walk/walked/walked*, vervul word. Van hierdie sterk vorme bestaan daar ook nog reste in Afrikaans, byvoorbeeld *neem/genome*; *breek/gebroke*, ens. (vergelyk onder andere De Villiers 1983: 67-68).

As daar met die morfeem as abstraksie gewerk word (kyk weer na 4.4.1.4), kan geredeneer word dat die wisseling [ə] : [a] in *bind/band* dieselfde "beteken" as die toevoeging van 'n eenheid soos *-ing* in die geval van byvoorbeeld *verkoop/verkoop*ing**, waar 'n mens met 'n proses en die resultaat van 'n proses te doen het. In die geval van die swak vorm is daar 'n agtervoegsel of voorvoegsel wat foneties gewoonlik min of meer konstant bly. In die geval van die sterk vorm is daar 'n konstante konsonantraam waarbinne daar 'n vokaalverandering plaasvind om uitdrukking te gee aan dieselfde opposisie wat deur die toevoeging van 'n voegsel by die swak vorme veroorsaak word. Hierdie konsonantraam word 'n *diskontinue stam*

genoem (vergelyk Combrink 1968: 18-19). Voorbeelde van diskontinue stamme is onder andere *h..lp* in *help/hulp*; *br..k* in *breek/brok*; *dr..nk* in *drink/drank*, ens. (vergelyk ook De Villiers 1983: 190-191).

Die sistemici se benadering tot hierdie probleem word hier onder in 4.4.2 bespreek.

4.4.1.8 Voegsels

In 4.4.1.1 en 4.4.1.2 word h onderskeid gemaak tussen woorddele met selfstandige semantiese waardes en woordkorrelate, die *stamme*, en woorddele wat wel h duidelike semantiese waarde het maar wat vir hulle optrede van ander taaleenhede afhanklik is, en wat ook nie met woorde korreleer nie. Hierdie eenhede word deur De Klerk (1968) en Senekal, e.a. (1972) "affikse" genoem, terwyl De Villiers (1969) die term "formanse" gebruik om na hulle te verwys. Posthumus (1971) praat van "gebonde morfeme" en Combrink (1968) van "voegsels". Dit is ook die term wat in hierdie verhandeling gebruik word (kyk ook weer na 4.3.1.2).

Verskillende tipes *voegsels* kan onderskei word, naamlik *voorvoegsels*, *agtervoegsels*, *alkantvoegsels*, *invoegsels* en *intervoegsels* (vergelyk Combrink 1968: 17.19).

4.4.1.9 Voor- en agtervoegsels

In hierdie paragraaf word daar net gefokus op die voegsels se kategoriale semantiese en/of grammatiese waarde, en ook op fleksie en afleiding. Dit is ook belangrik om daarop te wys dat voegsels net soos stamme (vergelyk weer 4.3.1.4) aan fonologies bepaalde vormvariasie onderhewig is. h Mens kan dus ook op die terrein van die voegsel allomorfe onderskei wat in komplementêre spreiding voorkom, bv. [-lək] en [-ələk] in *sotlik* en *dadelik* (vergelyk De Klerk 1968: 172-173).

4.4.1.10 Die kategoriale semantiese en/of grammatiese waarde van die voor- en agtervoegsels

a) Kategoriale semantiese waarde

Die stamme het onafhanklike semantiese waardes, daarom kan hulle nie net selfstandig as woorde optree nie, maar vorm hulle ook die kern van samegestelde woorde. Daarteenoor het die voegsels afhanklike semantiese waardes. Dit is oor die algemeen moeilik om h voegsel se semantiese waarde vas te stel en te beskryf. Die beste is om

eers 'n korpus op te stel van gevalle waar 'n voegsel optree en dan aan die hand daarvan te probeer beskryf wat die semantiese verandering is wat deur die optrede van die voegsel in die hand gewerk word.

'n Voorbeeld is *ont-* in:

<i>ontbeen</i>	<i>ontwater</i>
<i>ontys</i>	<i>ontsout</i>
<i>onthoof</i>	<i>ontwol</i>

Die gemeenskaplike element *ont-* maak in elke geval dieselfde semantiese bydrae, wat kategoriaal, dit wil sê vir die hele groep, soos volg omskryf kan word: "Verwydering van dit wat deur die stam aangedui word".

Op dieselfde wyse kan 'n mens *her-* soos in *herindeel*, *herken*, *herlees*, *herskryf*, ens. se kategoriale semantiese waarde beskryf as: "'n Herhaling van die proses wat deur die stam aangedui word".

'n Moeiliker voorbeeld is die *-skap* soos in *ouerskap*, *moederskap*, *swangerskap*, *hoofskap*, ens. Dit kan ruweg omskryf word as: "'n Toestand of bevoegdheid/hoedanigheid soos deur die stam aangedui".

In die voorbeelde wat tot dusver gebruik is, is die semantiese waardes van die voegsels redelik deursigtig. Dit is in die meeste gevalle nie so maklik om die semantiese waarde te omskryf nie (vergelyk De Klerk 1968: 178-188).

Verder moet dit in gedagte gehou word dat die verskynsel van homonimie in Afrikaans ook op subwoordelike vlak voorkom (sien onder andere Combrink 1968: 32-33), en dat dit die taak nog verder bemoeilik. Ter illustrasie kan genoem word dat afgesien van die *ont-* waarvan die kategoriale semantiese waarde hier bo beskryf is, daar nog minstens twee ander *ont-*voorvoegsels in Afrikaans is, naamlik die *ont-* in *ontbrand*, *ontsteek*, *ontploff*, en ook die *ont-* in *onthou* (Ek moet my van vroue en sterk drank *onthou*).

b) Kategoriale grammatiese waarde

In elkeen van die voorbeeldgroepe wat hier bo genoem is, het die toevoeging van die voegsel nie net 'n semantiese verandering in die hand gewerk nie maar het dit ook telkens 'n grammatiese verandering veroor-

saak. Die stamme *been, ys, wol, hoof* ens. behoort op die woordvlak tot die naamwoordklas, maar sodra die *ont*-voorvoegsel daarby gevoeg word, behoort die gelede bousels wat dan tot stand kom tot die werkwoordkategorie. Die voorvoegsel *ont*- het dus 'n kategoriale grammatiese waarde. Dieselfde gebeur in die geval van byvoorbeeld *-agtig* (wat adjektiewe tot gevolg het) en *ver-* (wat werkwoorde tot gevolg het), ens. De Klerk (1968: 178-188) bespreek die grammatiese waardes van die voegsels onder die volgende hoofde: "substantiveerders", "adjektiveerders", "verbaliseerders".

c) Kategoriale grammatiese waarde alleen

Daar is ook voegsels wat net 'n grammatiese waarde het, en geen semantiese waarde nie. 'n Voorbeeld van so 'n voegsel in Afrikaans is die *-e* wat optree by 'n groep adjektiewe as hulle in attributiewe posisie saam met 'n naamwoord gebruik word, bv.

Die meisie is lelik (predikatief);
Die lelike meisie (attributief).

Volgens Combrink (1968: 17-18) is die optrede van *-e* in hierdie geval slegs valensiegewend (vergelyk ook De Klerk 1968: 177). Combrink noem so 'n item wat slegs 'n grammatiese waarde het 'n "sintagmeem".

Hier bo is aangetoon dat die voegsel 'n kategoriale semantiese waarde kan hê, en 'n daarmee gepaardgaande grammatiese waarde, of dat enkeles, soos die *-e* in *lelike*, slegs 'n kategoriale grammatiese waarde het. In die lig hiervan kan voegsels beskryf word as: *afhanklike woorddele met 'n kategoriale semantiese en/of kategoriale grammatiese waarde*.

4.4.1.11 Fleksie en afleiding

Lyons (1968: 195) wys daarop dat die klassieke Griekse en Latynse grammatikas drie afdelings bevat het, naamlik sintaksis, afleiding en fleksie. Fleksie moes rekenskap gee van die vormveranderinge wat woorde ondergaan het om die verhoudings tussen hulle en ander woorde in die sin aan te dui. Afleiding was 'n bestekopname van die prosesse wat betrokke was by die afleiding van een woord van 'n ander, byvoorbeeld 'n adjektief van 'n werkwoord; 'n werkwoord van 'n naamwoord, en so voorts.

In die beskrywings van die morfologie van Afrikaans wat hier bo genoem is, word die onderskeid tussen fleksie en afleiding nog steeds gehandhaaf, al-

hoewel dit, wetenskaplik gesproke, geen waterdigte indeling kan wees nie. Sonder om te sê watter kriteria hy vir sy indeling gebruik het, sê De Klerk (1968: 171) byvoorbeeld: "h Mens kan die meervoudsvorme, trappe van vergelyking, verkleiningsuitgange, die *e*-verbuiging van h klas adjek= tiewe in attributiewe posisie en die perfektiewe *ge*- as voorbeelde van fleksieaffikse in Afrikaans en die ander affikse as afleidingsaffikse beskou..." Hy voeg egter toe" ... maar miskien moet h mens liewer oplet na die geaardheid en gedrag van die verskillende affikse op morfologiese en sintaktiese vlak en dan daarvolgens h indeling probeer maak".

Die onderskeid tussen fleksie en afleiding word in meer besonderhede deur De Villiers (1969: 162-163) bespreek. Van die "fleksieformanse" sê hy:

- " a) Hulle het duidelike betekenis of waardes; geflekteerde woorde is voorspelbaar t.o.v. vorm en betekenis;
 b) Hulle verander by toevoeging nie die woordsoort nie;
 c) Hulle sluit meestal die moontlikheid van toevoeging af."

Van die "afleidingsformanse" sê hy:

- " a) Hulle betekenis hang dikwels van die betekenis van die res van die woord af, sodat hulle moeiliker voorspelbaar is;
 b) Hulle kan by toevoeging die woordsoort verander;
 c) Hulle sluit nie noodwendig die moontlikheid van toevoeging af nie."

In De Villiers (1983: 68) word hierdie kriteria behou, en word daar nog een bygevoeg, naamlik dat "fleksiemorfeme" net een maal in die woord kan optree, terwyl h gelede woord meer as een afleidingsmorfeem kan hê.

Die kriteria van De Villiers wat hier bo onder (a), (b) en (c) verstrekkend word, word deur Combrink (1974: 21-30) bespreek. Combrink voer bewyse aan dat nie een van De Villiers se kriteria waterdig is nie. Ook die vierde kriterium wat De Villiers (1983) vir hierdie onderskeid aanbied, hou nie water nie. Neem argumentshalwe h woord soos *verdienselikeid*. Dit kan ontleed word in die voegsels *ver-*, *-elik* en *-heid* en die stam *-diens-*. As h mens De Villiers se kriterium gebruik, sal jy *ver-*, *-elik* in *-heid* fleksiemorfeme moet noem, want hulle kom elkeen net een maal in die woord voor. Een van De Villiers se ander kriteria is dat h fleksiemorfeem die woord afsluit. Daaruit spruit voort dat h fleksiemorfeem net een maal in h woord kan voorkom, want sodra dit gebruik word, kan niks anders meer daaraan gelas word nie. Hierdie kriterium is dus nie baie duidelik nie.

4.4.1.12 Ander tipes voegsels

Die voor- en agtervoegsels is die belangrikste tipes voegsels met 'n semantiese en grammatiese waarde. Daar is egter ook ander afhanklike eenhede wat kategoriaal optree, en wat op die een of ander wyse in 'n morfologiese beskrywing van Afrikaans gehanteer moet word. In 4.4.1.8 word die *alkantvoegsel*, die *intervoegsel* en die *invoegsel* genoem. Vervolgens word daar verduidelik wat met hierdie terme bedoel word.

4.4.1.13 Die alkantvoegsel

Die term *alkantvoegsel* is deur Combrink (1968) geskep vir die kombinasie van 'n voor- en agtervoegsel, *ge...te*, wat optree in woorde soos *gebergte*, *gesteente*, *gedoente*, ens. De Klerk (1968: 177) bespreek ook hierdie morfeemkombinasie maar gebruik die term "tangmorfeem" daarvoor. Van die "tangmorfeem" sê hy onder andere: "Hierdie konstruksie verskil egter van die gewone vorme daarin dat die prefiks en suffiks gelyktydig optree by die stam. Hulle tree op soos die knypers van 'n tang wat die stam vasklem. Voorbeelde: *gebergte*; *gedermte*; *gebeente*, *gesteente*, waar *ge...te* die tangmorfeem is".

4.4.1.14 Die intervoegsel

As die morfeem as 'n abstrakte gegewe beskou word, wat deur 'n morf (of allomorfe) gerealiseer word, ontstaan daar geen probleme met die sogenaamde "verbindingsklanke" nie. Woorde soos *nutteloos*, *dradeloos*, *hopeeloos* word dan ontleed as bestaande uit die stamme *nut-*, *draad-*, *hoop-*, en die agtervoegsel *-eloos*, 'n allomorf van die morfeem *-loos*, wat in ander klankomgewings voorkom, byvoorbeeld *haarloos*, *armloos*, ens.

De Klerk (1968: 178) sê dat as die "verbindingsklank" opsioneel is, ons nie met 'n morfeem te doen het nie, soos wat die geval wel is in *werkrooster* en *werksrooster*. Die *-e* in woorde soos *perdekop*, *hopeloos* en *radeloos* verteenwoordig volgens De Klerk wel 'n morfeem, naamlik 'n "valensiegewer" wat "aan die vry vorme *perde* en *kop*; *hoed* en *doos* die valensie gee om met mekaar te verbind". Hy gee dus net 'n ander blik op die fonologiese determinering waarvan daar in die geval van die allomorfe sprake is.

Combrink (1968: 18) noem hierdie "verbindingsklank" 'n "voegsel", maar omdat reeds verduidelik is (4.3.1.8) dat die term *voegsel* in hierdie

studie as superordinaat vir die hele klas gebonde morfeme gebruik sal word, word die term *invoegsel* gebruik om na hierdie "valensiegewers" te verwys.

4.4.1.15 Die invoegsel

In 4.4.1.7 word daar na diskontinue stamme soos *b...nā* (*bind/band*); *dr..nk* (*drink/drunk*) verwys. In hierdie geval verteenwoordig die vokaalwisseling 'n morfeem. In die voorbeeld hier bo is dit 'n wisseling tussen [ə] en [a]. Die morfeem wat so gerealiseer word, word 'n *invoegsel* genoem (vergelyk ook De Klerk 1968: 176 se paragraaf oor "metamorfeme").

4.4.2 Die sistemiese opvatting

In 4.4.1 is selektief verwys na van die belangrikste werk wat reeds oor die morfologie in Afrikaans gedoen is, sodat 'n indruk gekry kan word van die aard van hierdie werk en die probleme wat daarmee ondervind word. Teen hierdie agtergrond word die sistemiese benadering in hierdie paragraaf bespreek, sodat die verskille en ooreenkomste aangedui kan word.

In 4.4.1 is reeds in tradisionele terme 'n onderskeid gemaak tussen die afhanklike woorddele, die voegsels, en die onafhanklike woorddele, die stamme. Die beskouings van diesistemiese ten opsigte van die morfologie van die woord is nog baie tradisioneel. Daarom is daar nie 'n groot verskil tussen hulle morfeembeskouing en dié van die skrywers wat in 4.3 genoem is nie.

4.4.2.1 Verskille ten opsigte van die stam

In sistemiese terme is struktuur herhaalde patrone op die sintagmatiese as. Omdat daar verskillende patrone op die onderskeie vlakke van die rangskaal voorkom, kan gesê word dat strukture eintlik samegestelde patrone is wat tot stand kom uit die interaksie van eenvoudige patrone (Berry 1975: 71). Die patrone wat op die sintagmatiese as op woordvlak voorkom, is reeds in 4.4.1 bespreek. Daar is 'n onderskeid getref tussen stamme en voegsels. Daar is gesê dat stamme die kern van woorde vorm omdat hulle 'n selfstandige semantiese waarde het. Die voegsel is weer afhanklik en het 'n kategoriale semantiese waarde.

4.4.2.2 Die basis

Die patroon wat deur Muir (1972) en Berry (1975) beskryf word, is een van kerngedeeltes, wat met of sonder afhanklike gedeeltes voorkom. Die

kerngedeeltes noem hulle die *basistruktuurelement* (kortweg *basis*) van die woord. Die basiselement word dan deur verskillende stamtipes *gevol*. Muir (1972: 17) onderskei drie tipes basis in Engels. Dieselfde onderskeid kan ook in Afrikaans gemaak word:

- i) 'n Basis wat deur slegs een stam, wat 'n woordkorrelaat het, gevul word. Ons noem dit b_1 . Voorbeelde van woorde met so 'n basis is onder andere: *manlik*; *aapagtigheid*; *verduister*; *onnoemlik*; *agterlikheid*, ens.
- ii) 'n Basis wat deur twee of meer stamme, wat woordkorrelate het, gevul word. Ons noem dit b_2 . Voorbeelde van woorde met so 'n basis is onder andere: *rugbyveld*; *kamerdeurslot*; *swembadboufonds*,
- iii) 'n Basis wat deur 'n wortel (vergelyk weer 4.3.1.5) en 'n gebonde morfeem of voegsel gevul word.¹⁾ Ons noem hierdie tipe b_3 , *frustreer*, *konglomereer*, *vibreer*, ens.

4.4.2.3 Ander elemente

As 'n mens die basiselemente uit woorde isoleer, bly daar in baie gevalle dele wat voor aan die woord kom en dele wat agter aan die woord kom oor. Anders as wat met die basis die geval is, kan hierdie oorgeblewe dele nie selfstandig optree nie. Hulle is van die basis (en soms ander eenhede) afhanklik vir hulle optrede. In 4.4.1 is hierdie eenhede bespreek en is gesê dat die tradisionele taalkundiges hulle onder andere "voegsels", "formanse" of "gebonde morfeme" noem. Dit is ook so in sistemiese grammatika, maar daar is 'n klein verskil in die wyse waarop woorde in 'n sistemiese grammatika ontleed word.

Omdat die basis die kernelement van die woord vorm, moet hy gevul word. Die basis is dus die verpligte element in die woord.²⁾ Die element(e) wat voor die basis kan voorkom, en die wat agter die basis kan voorkom, word

1) Muir (1972: 17) noem die wortel 'n morfeem, en sê dat dit 'n gebonde morfeem is, maar hy gee geen onderskeidende naam daarvoor nie. Die voorbeelde wat hy gee, is *-ceive* en *-tain* in *detain* en *deceive*.

2) Raadpleeg Ponelis (1968: 41) vir die verskil tussen *vrye momente* en *verpligte momente*. In hierdie geval word dieselfde betekenisverskil tussen *vry* en *verplig* bedoel, alhoewel dit hier in terme van strukturelemente gebruik word.

die voorelemente (v) en die agterelemente (a) genoem. Beide die voorelement(e) en die agterelement(e) is weglaatbaar en is dus vrye elemente in die woordstruktuur. As ons hakies gebruik om die vrye elemente aan te dui kan ons sê dat die Afrikaanse woorde tipies die volgende struktuur kan hê:

(v)b(a)

Hierdie formule gee rekenskap van woorde soos:


skuld
be + *skuld* + *ig*

maar dek nie 'n woord soos *verontskuldig* nie.


Vir die sistemici is dit nie 'n probleem nie, want hulle sê dat daar eenvoudig soveel voorelemente is as wat daar voorvoegsels in 'n woord is, en soveel agterelemente as wat daar agtervoegsels in 'n woord is. 'n Mens sal *verontskuldig* dus soos volg kan ontleed: (v)(v) b (a) (vergelyk byvoorbeeld Muir 1972 en Fawcett 1974).

Enkele voorbeelde van die ontleding van woorde


- 1) beduiwel
 onthoof




- 2) sotlik
senuweeagtig




- 3) kamerdeurslotjie




- 4) verontskuldiging



5) vibrasie



Die onderskeid van 'n basistipe b_3 , wat deur 'n wortel en 'n agtervoegsel gerealiseer word, noodsaak 'n mens om 'n woord soos *katkiseerdery* soos volg te ontleed:



Die posisie van die sogenaamde "verbindingsklank", soos die [d] in *katkiseerdery* is onseker in sistemiese woordmorfologie. Nie Muir (1972) of Berry (1975) gee in hulle besprekings van die Engelse oppervlaktegrammatika aan die soort verskynsel aandag nie. Die vernaamste rede is omdat die verskynsel van allomorfe (sien weer 4.3.1.4 en 4.3.1.9) in 'n sistemiese grammatika as deel van die finale klankrealisasie van die onderliggende morfeme beskou word, en dus nie behandel word as die grammatiese komponent onder bespreking is nie (sien ook 3.2.4).

4.4.2.4 Slotopmerkings

Teen hierdie tyd moet dit duidelik wees dat die sistemiese beskrywing van

woordstruktuur baie ooreenstem met die tradisionele morfeemopvattinge van byvoorbeeld die Afrikaanse skrywers wat in 4.2 genoem is. Die sistemiese onderskei tussens vrye en gebonde vorme; hulle praat oor probleme soos *ring/rang/rung* ens. Tog gebruik hulle die tradisionele terminologie soms met 'n effens ander nuanse as die tradisionele grammatici.

Hulle noem die verpligte element in die woord die *basis*. Die basis word dan deur *stamme* gevul. Op grond van die *stamme* wat die basis vul, kan daar drie tipes basis onderskei word (vergelyk 4.4.2.1). Verder is daar in die woordstruktuur 'n potensiaal vir *voor-* en *agterelemente*. Hierdie elemente word respektiewelik deur *voorvoegsels* en *agtervoegsels* gevul.

In 'n sistemiese grammatika val die wisseling wat aangetref word in byvoorbeeld *-duif* en *duiw-* in *posduif* en *duiwehok* binne die terrein van die fonologiese realisasie en word dit nie as deel van die grammatika bespreek nie. Die grammatika hou hom besig met kettingverhoudings (sintagmatiese verhoudings) en keuseverhoudings (paradigmatiese verhoudings) wat binne geslote klasse bestaan (vergelyk Halliday e.a. 1964). Dit is om hierdie rede dat Muir (1972) en Berry (1975) nie aan allomorfe aandag gee nie. Struktuur is vir hulle abstrakte ordenings van patrone wat aan die fonetiese realisasie onderliggend is.

Nie net Muir (1972) nie, maar ook Berry (1975), bespreek nie die items wat in 4.4.1.6 *stampartikels* genoem word nie. Daar is dus nie duidelikheid of 'n mens in 'n "Skaal en kategorie"-grammatika woorde soos *Boesman*, *lunsriem*, *bekoor*, ens. as gelede of ongelede woorde sal beskou nie.

In die bespreking van die verskillende morfeme kom die *delikaatheidskaal* duidelik na vore. Onderskeide word gemaak en dan word weer fyner onderskeide binne die aanvanklike groepe gemaak, ens. Die abstrakte kategorie van grammatika, *klas*, kom ook duidelik na vore omdat die morfeme in groepe of klasse verdeel word op grond van die plekke wat hulle inneem in die struktuur van die woord.

'n Laaste opmerking wat oor woordstruktuur gemaak kan word, is dat die struktuur van die gelede woord in Afrikaans 'n *multivariate struktuurtype* is (kyk weer 3.2.2), d.w.s. in 'n woord soos *verontskuldig* is die verhouding van byvoorbeeld *ver-* tot *-skuld* nie dieselfde as die verhouding van *-ont* tot *-skuld-* nie. Die verhouding van *-ing* tot *-skuld-* is ook nie dieselfde as die verhouding van byvoorbeeld *-ig-* tot *ver-* nie, ens.

4.5 DIE STRUKTUUR VAN AFRIKAANSE WOORDGROEPE

Muir (1972: 8-9) wys daarop dat in 'n bespreking van die struktuur van 'n gegewe eenheid op die rangskaal dit ook nodig is om te praat oor die rol wat die betrokke eenheid speel in die struktuur van die eenheid onmiddellik daarbo op die rangskaal. 'n Mens kan dus nie volledig oor morfeme praat sonder om oor woordstruktuur te praat nie, baie min kan oor woorde gesê word sonder om oor groepe te praat. Omdat die gesprek hier oor verskillende woordgroepe gaan, moet daar ook na stelstruktuur verwys word. Wat hier oor stelstruktuur gesê word, is net die noodsaaklike. In 4.5 word die struktuur van stelling in meer besonderhede bespreek.

Die groep wat die subjektelement (S) in die stelstruktuur vul, is die *naamwoordgroep* (Ng). Die naamwoordgroep kan ook die komplement direkte objek en die voorsetselkomplemente vul. Hierdie funksies word in meer besonderhede in 4.9 bespreek. Naas die Ng is daar ook nog ander groepe wat stelstruktuurelemente kan vul. Die *werkwoordgroep* (Wg) vul die predikatorelement (P) in stelstruktuur. Die *adjektiefgroep* (Ag) vul soms adjunkte (A) in die stelstruktuur, soms ook intensiewe komplemente (K^{int}) en disjunkte. Die Ag kan ook in die voorbepaling van 'n Ng optree. Hierdie funksies word in 4.9 in meer besonderhede bespreek. Dit is egter nodig om 'n ander belangrike groep, wat 'n verskeidenheid van funksies in die stel verrig, hier te noem, naamlik die voorsetselgroep (Vsgr). Die voorsetselgroep is 'n verbinding van 'n voorsetsel en 'n Ng, soos onder andere: *op die dorp; langs die pad; vir haar*, ens.

4.5.1 Die naamwoordgroep

Die volgende funksies kan deur die Ng vervul word:

- | | |
|--------------------------------------|--|
| i) As onafhanklike uiting | <i>Wat 'n bohaai</i> |
| ii) As disjunk | <i>Daardie vrou, sy is voortdurend dronk</i> |
| iii) As subjek | <i>Jan Naude het al sy geld verloor</i> |
| iv) As objek | <i>Die ou vrou waardeer die duur geskenk</i> |
| v) As adjunk | <i>Alles het verlede maand gebeur</i> |
| vi) As voorbepaling van 'n adjektief | <i>twee duim dik</i> |

Daar word nie nou meer oor hierdie funksies gesê nie, omdat dit in 4.9 gedoen word. Wat hier van belang is, is 'n bespreking van die tipes items wat die struktuurelemente van die verskillende woordgroepe vul. Die fokus is dus hier op die kategoriale gegewens terwyl funksionele gegewens in 4.5 aan die beurt kom.

4.5.2 Die tipes naamwoordgroep

Die naamwoordgroep kan in drie hoofkategorieë ingedeel word, naamlik die *naamgroep*, die *voornaamwoordgroep* en die *substantiefgroep*. Die drie tipes word vervolgens individueel bespreek:

1) Naamgroepe

Voorbeelde van naamgroepe is onder andere:

i) Plekname, soos die name van

huise: Skone Uitsig, Rusoord, ens.;
plase: Beerlaagte, Brakfontein, ens.;
dorpe: Benoni, Balfour, ens.;
strate: Cardiffstraat, Eerstelaan,
 ens.

ii) Eiename, soos

voornames: Piet, Sarie, Gert, ens.;
vanne: Van der Walt, Tutu, ens.

iii) Diverse, soos die name van boeke, programme, organisasies, spelle, ens. (sien onder andere Ponelis 1979: 43).

Name het 'n klein groeppvormende vermoë maar vorm 'n baie groot oop klas (sien onder andere Ponelis 1968: 42 en Du Plessis 1982: 43). Groepe soos *arme Jan, ou Piet*, ens. kom voor, waar 'n naam voorbepaal word. 'n Mens kry ook nabepalings by name, byvoorbeeld die *hulle* in konstruksies soos *Pa-hulle, Jan-hulle*. Dit is net die derdepersoon meervoud menslike voor-naamwoord wat so gebruik word. 'n Mens kan byvoorbeeld nie sê **Pa-ons *Ma-julle* nie.

2) Die voornaamwoordgroep

Voornaamwoorde val binne die kategorie van *deiktiese* en *anaforiese* woorde (De Villiers 1983: 59), d.w.s. dat die wyse waarop hulle verstaan word sterk afhanklik is van die situasie en konteks waarin hulle binnetekstueel sowel as buitetekstueel gebruik word. Hulle verwys deikties na buite as hulle gebruik word om dinge in 'n gespreksituasie

sie aan te dui, bv. *Hy, Dit*, ens. waar *hy* en *dit* miskien verwys na 'n persoon of 'n ding wat in die gespreksituasie teenwoordig is, of deel daarvan uitmaak. Hulle verwys anafories as hulle terugverwys na 'n woord of woorde wat vroeër in die teks gebruik is, byvoorbeeld: *Jan Naude werk nooit baie hard nie. Hy staan soggens lekker laat op.* In die voorbeeld is die naam Jan Naude die *antesedent* van die anafoor *Hy*.

Ponelis (1979: 55-59) bespreek die volgende tipes voornaamwoorde:

(i) die "egte" voornaamwoorde; (ii) emfatiiese persoonlike voornaamwoorde; (iii) die sogenaamde besitlike voornaamwoorde; (iv) die wederkerige voornaamwoorde; (v) die wederkerende voornaamwoorde. Ponelis se oorsig is gedetailleerd (kyk onder andere na Ponelis 1979: 49 vir 'n diagram). Omdat hierdie studie slegs die belangrikste feite in verband met die verskillende klasse en kategorieë wil weergee, is dit nie nodig om al die feite wat Ponelis gee hier te herhaal nie.

Die eerste belangrike onderskeid wat by die voornaamwoorde gemaak kan word, is die onderskeid tussen *bepaalde voornaamwoorde* en *onbepaalde voornaamwoorde*. Vervolgens word eers die bepaalde voornaamwoorde bespreek en daarna die onbepaalde voornaamwoorde:

4.5.2.1 Die bepaalde voornaamwoorde

Volgens Ponelis (1979: 16) is die onderskeid tussen bepaaldheid en onbepaaldheid 'n onderskeid wat dwarsdeur die naamwoordkategorie voorkom. Die bepaalde voornaamwoorde kan op hulle beurt weer in twee hoofgroepe verdeel word, nl. dié wat deur Ponelis (1968: 90) "nie-menslike" voornaamwoorde genoem word (vergelyk ook Senekal e.a. 1972: 94) en die "menslike voornaamwoorde" (sien Ponelis 1968: 89).

'n Voorbeeld van 'n "nie-menslike" voornaamwoord is *dit* in 'n sin soos *Ek weet dit*. Voorbeelde van "menslike" voornaamwoorde is onder andere *ek, jy, hy, ons, hulle*, ens.

4.5.2.2 Die onbepaalde voornaamwoorde

Gewoonlik word daar drie tipes onbepaalde voornaamwoorde onderskei:

<u>vraend</u>	:	wie, wat
<u>neutraal</u>	:	iemand, (h) mens, iets
<u>ontkennend</u>	:	niemand, g'n mens, niks

In Ponelis (1979: 99-110) word die volgende hoofklasse van voornaamwoorde onderskei: (a) 'n sentrale groep, (b) 'n randgroep en (c) die voornaamwoordelike *daar*. Vervolgens word hierdie groepe kortliks afsonderlik behandel:

a) Die sentrale groep het die volgende subkategorieë:

menslike voornaamwoorde
(iemand, niemand ...)

nie-menslike voornaamwoorde
(iets, niks ...)

die substantiwiese vorme
(iets, iemand ...) (vergelyk ook Ponelis (1979: 103)).

b) Die randgroep het die volgende subkategorieë:

verskuifde kwantorvorme
(*geeneen* van hulle was daar nie
hulle was *geeneen* daar nie)

W-vorme
(Ek sou *wat* wou gee om dit te weet)

generiese voornaamwoorde
(*'n mens* moet *jou* vergewis/julle kan *'n mens* darem die
waarheid vertel)

c) Die voornaamwoordelike *daar* het die volgende subkategorieë:

die lokatiewe *daar*
(Ek sien haar *daar*)

die deiktiese *daar*
(*Daar* fluit die trein)

as onbepaalde voornaamwoord
(*Daar* is nog hoop)

By (c) moet ook nog gesê word dat Ponelis (1979: 107) ook *daar* as 'n onbepaalde voornaamwoord bespreek. Dit word nie hier gedoen nie omdat slegs die bepaalde voornaamwoorde hier behandel word. Verder moet daar ook onthou word dat die derde kategorie onder (c), *daar* as onbepaalde voornaamwoord, nog self in die volgende subkategorieë ingedeel kan word:

die eksistensiële daar

(Daar is iets wat jy moet weet)

die onpersoonlike daar

(Daar word gedans/gesels, ens.)

daar by relevering

(Daar bestaan selfs 'n moontlikheid dat hy dit sal doen)

die onbepaalde daar

(Daar het meer as een duim sneeu in 'n halwe dag geval)

4.5.2.3 Die vorm van voornaamwoorde

- i) By die persoonlike voornaamwoorde is daar 'n onderskeid tussen die *subjekvorm* en die *nie-subjekvorm*.

Die subjekvorm is :· *ek, jy(u), hy/sy*

Die nie-subjekvorm is: *my, jou(u), sy/haar*.

- ii) 'n Ander vormvariasie by die voornaamwoorde is die verskil tussen die voorsetselvorm van die bepaalde nie-menslike voornaamwoord, *dit* en die nie-voorsetselvorm daarvan. Vergelyk:

Ek sien *dit* (Sonder voorsetsel)

Ek hou *daarvan* (Met voorsetsel)

4.5.2.4 Slotopmerkings

- i) In basiese strukture, d.w.s. waar nie rangverskuiwing (vergelyk 4.10.3) plaasvind nie, bestaan die voornaamwoordgroep uit 'n enkele stam, wat ons die *hoofwoord* (h) noem. Daar is konstruksies wat nie so saamgestel is nie, bv. 'n aanspreekvorm soos *u-hulle*. 'n Rangverskuifde voorsetselgroep kan as nabepaling by 'n voornaamwoord optree, bv. *Die hy in die derde ry moet nou opstaan*. Maar in dié geval het 'n mens nie met 'n gewone funksie van taal te doen nie.
- ii) Die bepaalde menslike voornaamwoorde in Afrikaans toon nog spore van ou persoonsvorme en naamvalle wat bewaar gebly het. By die tweede persoon enkelvoud is daar 'n onderwerpsvorm *jy*, en 'n nie-onderwerpsvorm *jou*. By die derde persoon enkelvoud is daar 'n onderskeid tussen manlike en vroulike voornaamwoorde, en het elke kategorie ook sy eie persoonsvorme:

a) Manlike enkelvoudsvorme

Onderwerpsvorm	:	hy
Genetiefvorm	:	sy
Direkte en in= direkte objekts= vorm	:	hom

b) Vroulike enkelvoudsvorme

Onderwerpsvorm	:	sy
Nie-onderwerpsvorm	:	haar

4.5.3 Die substantiefgroep

Die substantiefgroep het 'n substantief as kern. Die substantief kan gemodifiseer word, soos in *die man*, en dit kan ook gekwalifiseer word soos in *die man langzaam*. In ooreenstemming met Muir (1972) en Berry (1975) word die modifiserende deel (dele) in die substantiefgroep die *modifiseerder(s)* (m) genoem, en die kwalifiserende deel (dele) die *kwalifiseerder(s)* (k). As die afkorting *h* vir die *hoofwoord*, d.w.s. die kernsubstantief in die groep, gebruik word, kan 'n mens sê dat die substantiefgroep se struktuur (m) h (k) is. Die elemente *m* en *k* word tussen hakies geplaas omdat hulle opsionele of weglaatbare gedeeltes is, waarsonder die substantiefgroep kan funksioneer. Die *h* is egter verpligtend, want sonder die kernsubstantief is daar geen substantiefgroep nie (vergelyk ook Du Plessis 1982: 38).

Die kernsubstantiewe in die substantiefgroep kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik *soortnaamwoorde* en *massanaamwoorde* (vergelyk ook Ponelis 1979: 43-48); Du Toit 1982: 120-123 en Du Plessis 1982: 46). Die soortnaamwoorde is 'n groep wat deel het aan die opposisie enkelvoud/meervoud. Dit is woorde soos byvoorbeeld: *man/mans; kind/kinders; blom/blomme*, ens. Die massanaamwoorde het nie hierdie kenmerk nie. Dit is woorde soos: *tee, wyn, goud*, ens.

'n Mens kan sê:

- 'n blom / die blomme,
- 'n kind / die kinders, ens., maar nie
- * 'n goud / die goude
- * 'n wyn / die wyne
- * 'n sand / die sande

* 'n tee / die tees, as hierdie woorde as gewone massanaamwoorde bedoel word nie. 'n Mens kan egter sê:

Gee vir my twee lekker *wyne*;
Daardie is 'n slegte *koffie*;
Ek wil twee *tees* hê, ens.

In hierdie geval word die substantiewe nie as massanaamwoorde gebruik nie, maar het 'n mens te doen met elliptiese konstruksies waar daar telkens 'n maatbepaling of soortbepaling weggelaat is:

Gee vir my twee lekker *sopies* / *soorte* wyn;
Daardie is 'n swak *soort* / *gehalte* koffie;
Ek wil twee *koppies* / *bekers* tee hê.

Daar is ook al hoe meer druk van Engels op sekere tradisionele massanaamwoorde om met meervoudsuitgange gebruik te word, byvoorbeeld: *gelde* (dees= dae *fondse*), *temperature*, *statistieke*, ens. Dit is ook interessant dat daar by 'n klompie massanaamwoorde in Afrikaans, sodra hulle op 'n gemeenskaplike wyse met 'n verkleiningsuitgang gebruik word, 'n meervoudsuitgang aangelas word. Vergelyk:

Ek werk swaar vir my ou *geldjies*
Kry ons dan nie 'n bietjie *teetjies* nie?
Smeer maar so 'n ou bietjie *spoegies* aan
Ek het toe maar die ou *medisynetjies* gedrink

4.5.3.1 Die soortnaamwoordmodifiseerder(s)

Die soortnaamwoordmodifiseerders word nou kortliks bespreek. Omdat die items wat die m-element(e) in die enkelvoud vul, van dié wat dit in die meervoud vul, verskil, word die enkelvoud en die meervoud afsonderlik behandel.

4.5.3.1.1 Die enkelvoudsoortnaamwoordmodifiseerder(s)

Daar is twee groepe items wat m-elemente by die soortnaamwoord vul. Die een word die *lidwoordreeks* genoem omdat 'n lid van die *lidwoordparadigma* daarin voorkom. Die ander groep staan as die *onbepaaldetelwoordreeks* bekend omdat 'n onbepaalde telwoord daarin voorkom.

Skema

Lidwoordparadigma + Telwoord + Adjektiefgroep + Substantief,

byvoorbeeld: die een vrotsige poging

h swak skop

watter versukkelde ou mannetjie?

Die onbepaaldetelwoordreeksSkema

Onbepaalde telwoord + Adjektiefgroep + Substantief

byvoorbeeld: elke vrotsige opstel

enige duur motor, ens.

4.5.3.1.2 Die meervoudsoortnaamwoordstukmodifiseerder(s)

Hier is ook 'n onderskeid tussen die lidwoordreeks en die onbepaaldetelwoordreeks.

Die lidwoordreeksSkema

Deelbepaling + Lidwoordparadigma + Tel= + Adjektief= + Substantief,
woord groep

byvoorbeeld: ses van die vyftien bekroonde skrywers

een van die tien stout seuns, ens.

4.5.4 Die massanaamwoordstukmodifiseerder(s)

Daar is baie ooreenkoms tussen hierdie modifiseerder(s) en dié van die soortnaamwoordmodifiseerder(s) in die meervoud (Ponelis 1968: 85).

Skema

Deelbepaling + Lidwoordparadigma + Adjektiefgroep + Substantief,

byvoorbeeld: baie van daardie goeie wyn

min van die sterk drank

veel van die lekker skaapvleis, ens.

4.5.5 Rangverskuiwing by die naamwoordgroep⁽¹⁾

Rangverskuiwing word in meer besonderhede in 4.10.3 bespreek. Hier word

1) Vergelyk ook 4.10.3.5

net kortliks gewys op rangverskuiwing by die Ng wat te doen het met die vul van 'n m-element in die struktuur van die Ng.

By beide soortnaamwoorde en massanaamwoorde kan 'n m-element deur 'n maatbepaling gevul word. Hierdie maatbepaling kan op twee plekke optree:

Eerstens kan dit optree as deel van die deelbepaling, byvoorbeeld:

'n emmer van die water,
'n blikkie van die bier,
'n mandjie van die appels, ens.


Tweedens kan dit direk voor die substantief optree, byvoorbeeld:

'n koppie tee,
'n happie roomys, ens.


In al die voorbeelde word die maatbepaling deur 'n Ng gerealiseer. Ons het dus te doen met 'n Ng wat deel vorm van die modifiserende strukturelement van 'n ander naamwoordgroep, en het dus met rangverskuiwing te doen. Die onderstreepte naamwoordgroepe het 'n rangverskuiwing na onder ondergaan (vergelyk ook onder andere Berry 1975: 107-116).

Die struktuur van: *'n emmer* van die water, en *'n koppie* tee, kan met struktuurdiagramme soos volg voorgestel word:

a) *'n emmer* van die water



b) *h* *happie* *roomys*



4.5.6 Verduideliking van terme

Hier bo is verskeie nuwe terme, soos byvoorbeeld *telwoord*, *lidwoordparadigma*, en dies meer gebruik. Hierdie terme word nou kortliks verduidelik.

4.5.6.1 Die lidwoordparadigma (lwp)

Die patroon wat gevolg word in 'n konstruksie soos *die arme vrou*, kan herhaal word deur *die* te vervang met *h*, *hierdie*, *daardie*, *watter*, *wat se*. Dieselfde kan gesê word van 'n konstruksie met 'n meervoudsubstantief, soos byvoorbeeld twee van *die* oudste seuns. In dié geval kan *die* deur *hierdie*, *daardie*, *watter* en *wat se* vervang word. Die onbepaalde lidwoord *h* pas nie in nie omdat die substantief in die meervoud is.

Die groepie items wat in die bogenoemde patrone inpas, word deur Ponelis (1968: 78) die *lidwoordparadigma* (lwp) genoem. Hierdie klein geslote paradigma het net ses lede. Hulle is:

twee lidwoorde (lw), 'n onbepaalde lw, *h*, en 'n bepaalde lw, *die*;

twee aanwysende woorde (aanw) nl. *hierdie* (naby) en *daardie* (verwyderd), asook die twee vraagwoorde (vraag), nl. *watter* en *wat se*.

4.5.6.2 Die telwoorde (tw)

Die telwoordkategorie val in twee groepe uiteen, nl. die *bepaalde telwoorde* (tw bep) en die *onbepaalde telwoorde* (tw onbep).

In bepaalde telwoorde val weer uiteen in die *hoofdtelwoorde* (htw) (een, twee, drie ...), en die *rangtelwoorde* (rangtw) (eerste, tweede, derde ...).

Die onbepaalde telwoorde is woorde soos: *baie*, *verskeie*, *menige*, *etlike*.

4.5.6.3 Die deelbepaling (dbp)

Die deelbepaling het twee stukke, naamlik *stuk 1* en *stuk 2*. Stuk twee is "van". As die dbp 'n m-element by 'n soortnaamwoord vul, kan stuk 1 'n bepaalde telwoord wees, byvoorbeeld: *twee* van die sterkste mans. In verbinding met 'n soortnaamwoord kan stuk 1 ook 'n onbepaalde telwoord wees, byvoorbeeld: *baie* van die rykste mense.

In 'n konstruksie met 'n massanaamwoord is stuk 1 van die dbp gewoonlik 'n maatbepaling en word dit deur 'n rangverskuifde Ng gerealiseer, byvoorbeeld: *'n kelkie* van die wyn (sien weer 4.4.5). Maatbepalings kan ook as stuk 1 van die dbp optree as die hoofwoord in die Ng 'n soortnaamwoord is, byvoorbeeld: *'n sakkie* van die groter lemoene.

4.5.6.4 Die adjektiefgroep

Die selfstandige adjektief, met of sonder voorbepaling kan hier funksioneer, byvoorbeeld:

baie koue water,
erg ontstelde ouers, ens.

'n Selfstandige adjektief is 'n adjektief wat alleen voorkom, met sy eie voorbepaling en wat deel het aan die *stellende, vergrotende, oortreffende* graadtrappe. Dit is voorlopig al wat oor die adjektiefgroep gesê word. Hierdie groep word in 4.6 in meer besonderhede bespreek.

4.5.6.5 Die substantiefgroepkwalifisering

In 4.4.4 is die verskillende items bespreek wat die substantiefgroep se m-elemente kan vul. Vervolgens word daar net vlugtig gekyk na die items wat die k-elemente kan vul.

4.5.6.5.1 Voorsetselgroepe

'n Konstruksie wat bestaan uit 'n voorsetsel in verbinding met 'n naamwoordgroep word 'n *voorsetselgroep* genoem. Tipiese voorsetselgroepe is:

op die dak; langs die pad; deur die woud; op die dorp, ens.

Die k-element in die struktuur van die naamwoordgroep kan deur 'n voorsetselgroep gevul word. Voorbeelde is:

- i) die man *op die stoep*;
- ii) die vrou *in die bed*;
- iii) die man *met die pet*;
- iv) die vrou *sonder arm*, ens.

In (i) en (ii) het die voorsetselgroepe met plek te doen, maar nie in (iii) en (iv) nie. In hierdie twee voorbeelde verwys die voorsetselgroepe na eienskappe van die referente, naamlik *die man* in (iii) en *die vrou* in (iv).

Dit is egter maklik om te sien dat die voorsetselgroepe 'n adjektiwiese funksie het. Elkeen van hierdie voorsetselgroepe kan vervang word deur 'n stel wat rangverskuiwing ondergaan het:

- a) Die man *wat op die stoep is*;
- b) Die vrou *wat in die bed lê*;
- c) Die man *wat die pet dra*;
- d) Die vrou *wat 'n af arm het*.

In die tradisionele grammatika word die gekursiveerde stelle wat almal met *wat* begin, *byvoeglike (adjektiwiese) bysinne* genoem. Voorlopig word hier niks meer oor die rangverskuifde stelle gesê nie. Rangverskuiwing word in 4.10.3 in meer besonderhede bespreek.

4.5.6.5.2 Adjektiefgroepe gekoppel deur "en"

In Afrikaans is die ongemerkte posisie van 'n adjektiefgroep wat as bepaling in die Ng optree, voor die substantief, d.w.s. dit vul 'n m-element in die struktuur van die Ng. Adjektiefgroepe kan egter verskuif word sodat hulle 'n k-element kan vul. Dikwels bestaan so 'n verskuifde bepaling uit meer as twee adjektiewe. Die laaste twee adjektiewe wat in so 'n konstruksie optree, word gewoonlik verbind deur "en".

Voorbeelde:

Die osse, uitgevreet en sterk ...

Sarie, kort, dik en stiksiening ...

Die onderwyser, woedend, moeg, koud, honger en mismoedig...

4.5.6.5.3 Los voorbeelde

- a) Die item *langsaan* tree as kwalifiseerder by substantiewe op, byvoorbeeld:

Die meisie *langsaan*.

Langsaan is nie 'n gewone adjektief nie. Dit kan 'n mens sien aan die feit dat dit nie 'n m-element kan vul nie. Vergelyk:

* Die *langsaan* meisie.

b) Die item *daar* kan ook soos *langsaan* gebruik word. Vergelyk:


Die seun *daar*;

* Die *daar* seun

Daar is heelwat voorsetsels van plek en bywoorde van plek wat soos *daar* hier bo gebruik kan word: die vrou *hier agter*; die vrou *daar agter*; daardie seun *links*; die man *daar voor*, ens.¹⁾


4.5.6.6 Voorbeelde van ontledings

a) die ou vrou langsaan



1) Dit is interessant dat *voor* en *agter* moontlik is, maar nie *middel* nie. 'n Mens kan wel sê: Die man *in die middel*, maar dan word die k-element deur 'n voorsetselgroep gevul.

b) twee van die oudste mans in die saal



4.6 DIE WERKWOORDGROEP (Wg)

In die werk van onder andere Ponelis (1968), Du Toit (1982), Du Plessis (1982), De Villiers (1975 en 1983) en Botha (1985) word 'n stel soos *Die seun eet roomys*, soos volg in twee onmiddellike stukke verdeel:

(Die seun)(eet roomys)

Die deel, *Die seun*, is 'n Ng wat funksioneel die *subjek* van die stel vorm. Die ander deel, *eet roomys*, is 'n Wg wat uitdrukking gee aan die predikaat of die gesegde van die stel.


Die Wg self het weer twee onmiddellike stukke, naamlik die *transitiewe werkwoord* (w tr) en 'n Ng wat die *komplement direkte objek* (K°) is.

Beide die w tr en die K° in hierdie stel vorm deel van die verpligte of hoofmoment van die Wg. Dit is so omdat nie een van die twee elemente van die stel verander kan word sonder beïnvloeding van die wesenskenmerke van die Wg nie. Sou die K° byvoorbeeld weggelaat word, sou die werkwoordgroep nie meer 'n transitiewe werkwoordgroep wees nie. Sou die werkwoord *eet* verander na 'n voorsetselwerkwoord soos *eet aan*, sou die werkwoordgroep ook nie meer 'n transitiewe werkwoordgroep wees nie, maar 'n intransitiewe werkwoordgroep bestaande uit 'n intransitiewe werkwoord en 'n voorsetselvoorwerp.


Die betekenis daarvan sou ook verander omdat die verskil in betekenis tussen *eet* en *eet aan* 'n verskil is in leksikale aspek (Aktionsart) (sien byvoorbeeld Van der Westhuizen 1981: 50-59).

Die direkte objek is 'n verpligte nie-verbale deel van die Wg. Daar is ook nie-verbale dele van die Wg wat weglaatbaar is. Hulle word *adverbiale* genoem. Die stel *Die seun eet roomys* kan deur die toevoeging van 'n adverbiaal soos volg gewysig word: *Die seun eet nou roomys*. Daar kan ook 'n weglaatbare werkwoordelike deel bygevoeg word, byvoorbeeld *Die seun wil nou roomys eet*. Hierdie nie-verpligte of weglaatbare werkwoordelike dele word *medewerkwoorde* genoem. Die verpligte of nie-weglaatbare dele van die werkwoordgroep word die *hoofmoment* (HM) genoem.

Die weglaatbare dele staan as die *vrye moment* bekend. Die posisie soos tot dusver uiteengesit kan met behulp van 'n "stukbeeld" (sien Ponelis 1968: 18-19) soos volg weergegee word:



Hierdie soort indeling in onmiddellike stukke word deur Hudson (1967) 'n "few IC approach" genoem. Dit is nie die benadering wat deur die sistemiese skool gebruik word nie. Hulle maak van 'n "many constituent approach" gebruik. Die voorbeeldstel: *Die seun sal nou roomys eet*, kan volgens die "many constituent approach" soos volg ontleed word:



Volgens hierdie benadering word net die werkwoordelike dele van die stel beskou as behorende tot die Wg. In hierdie afdeling wat die opskrif *die werkwoordgroep* het, sal dus net werkwoorde bespreek word.

4.6.1 Die leksikale werkwoord (1)

Die leksikale werkwoord is die kernwerkwoord in die Wg. As daar slegs een werkwoord in die Wg optree, is dit vanselfsprekend die leksikale werkwoord. As daar meer as een werkwoord in die Wg optree, is die leksikale werkwoord die een wat die kern van die Wg vorm. Dit is die werkwoord wat nie weglaatbaar is nie en waar, indien dit verander sou word, die wesenskenmerke van die Wg aangetas sou word.

In 'n stel soos *Hy droom*, is *droom* die leksikale werkwoord. In 'n stel soos *Hy wil gaan slaap*, is *slaap* die leksikale werkwoord. *Wil* en *gaan* kan weglaat word of vervang word met ander werkwoorde, maar die stel sal nog steeds 'n intransitiewe stel wees. As 'n mens egter *slaap* vervang met 'n werkwoord soos *skop*, kan die werkwoord 'n K° verplig omdat dit inherent 'n transitiewe werkwoord is. Dit kan dus die wesenskenmerke van die Wg verander.

4.6.2 Die medewerkwoorde (MW)

Elke werkwoordelike deel van die stel wat nie 'n l is nie, is 'n medewerkwoord. In Engels is die term *medewerkwoord* onnodig, omdat hulle net een tipe medewerkwoord het, naamlik die hulpwerkwoord. In Afrikaans is die posisie meer ingewikkeld, en is dit nodig om 'n term soos medewerkwoord te gebruik as term vir al die werkwoordelike elemente wat nie verplig is in die stel nie. Die vrye werkwoordelike elemente vorm dan die medewerkwoordklas, wat self weer soos volg onderling verdeel kan word:

1) Hulpwerkwoorde

Die eerste weglaatbare werkwoordelike element wat bespreek word, is die *hulpwerkwoord* (hlpw). Hierdie groep werkwoorde het self weer subkategorieë. Volgens Ponelis (1968) is die volgende indeling moontlik:

i) Die *hulpwerkwoord van tyd*, byvoorbeeld *het* en *was* in stelling soos:

Hy *het* die lemoen geëet

Sy *was* daar gewees

ii) Die *modale hulpwerkwoorde*. By hierdie groep kan ook nog verdere indelings gemaak word, naamlik die modale hulpwerkwoorde met "te" en die sonder "te". Met "te" is byvoorbeeld:

Jy *behoort* dit nie *te* doen nie

Hy *hoef* dit nie *te* doen nie

Sonder "te" is *sal/sou*; *wil/wou*; *kan/kon*; *moet/moes*; *mag/mog* ens. in stelling soos:

Hy *sal/sou* dit doen

Hy *kan/kon* dit doen¹⁾ ens.

2) Skakelwerkwoorde

Daar is twee tipes skakelwerkwoorde, nl. die *direkte skakelwerkwoord* (skw dir) en die *indirekte skakelwerkwoord* (skw ind).

Die direkte skakelwerkwoorde is: *bly*, *gaan*, *kom*, *aanhou*, *begin*, *ophou*, *leer* en *probeer*

Hierdie medewerkwoorde verbind direk met die leksikale werkwoord, byvoorbeeld:

Hulle moet *ophou* drink

Hy *probeer* slaap

Die indirekte skakelwerkwoord word aan die leksikale werkwoord verbind met die bindpartikel (bndprt) "en". Daar is net vier indirekte skakel-

1) Daar word nie hier ingegaan op die betekenisverskille tussen byvoorbeeld *sal* en *sou*, *wil* en *wou* nie. Sien De Villiers (1968: 82-96) vir 'n breedvoerige bespreking van die betekenis van die modale hulpwerkwoorde.

werkwoorde, naamlik: *sit en ...*; *staan en ...*; *loop en ...* in byvoorbeeld:

Hy kan *sit en dink*

Hulle *loop en lag*

(vergelyk ook Ponelis 1968: 43-50; Senekal e.a. 1972: 100-145 en Du Plessis 1982: 66-90).

4.6.3 Die tipes leksikale werkwoord

Die vier tipes leksikale werkwoord word hier slegs kortliks genoem. In die bespreking van die stelstruktuur in 4.6 word hulle in meer besonderhede bespreek.

4.6.3.1 Die intransitiewe werkwoord

Die intransitiewe werkwoord het normaalweg nie 'n objek (direk of indirek) nie. Voorbeelde is onder andere:

Alles *blink*

Ons *lewe*

Dit *raas*

'n Intransitiewe werkwoord kan egter in verbinding met 'n *kognaatobjek* (sien Jespersen 1928: 134-135) verander word na 'n oorganklike werkwoord, byvoorbeeld:

Hulle *lewe* 'n vuil *lewe*

Sy *droom* 'n aaklige *droom*

4.6.3.2 Transitiewe werkwoorde

In hoofstuk 5 word 'n spesiale paragraaf aan transitiwiteit bestee, en word gewys op die voordele wat daaraan verbonde is om transitiwiteit nie net as 'n eienskap van die werkwoord in isolasie te beskou nie, maar as eienskap van die stel. Hier word die verskillende tipes transitiewe werkwoord net genoem en voorbeelde gegee:

1) Monotransitiewe werkwoorde

Hulle neem slegs 'n direkte objek, byvoorbeeld:

Ons *lees die boek*

Hy *melk die koei*

Naas *skop die bal*

2) Ditransitiewe werkwoorde

Hulle neem twee objekte, 'n direkte en 'n indirekte, byvoorbeeld:

Hulle *vertel die prinsipaal 'n storie*

Sy *gee die bediende 'n opdrag*

3) Komplekstransitiewe werkwoorde

Hulle kom voor in konstruksies soos:

Die volk *maak hom koning*

Sy *noem hom Koos*

Hy *doop haar Gertruida*

4) Voorsetselwerkwoorde

Sommige werkwoorde neem vaste voorsetselgroepe as komplemente. Daar is twee tipes. Die eerste tipe neem slegs 'n voorsetselobjek en word daarom as onoorganklik beskou. Vergelyk:

Ek *hou van meisies*

Hulle *teer op die staat*

Die tweede tipe voorsetselwerkwoord neem 'n voorsetselobjek sowel as 'n direkte objek. Vergelyk:

Ons *vertel die storie aan die pers*

Die *voorman gee die bonus aan die werker*

Die tweede tipe kan dus 'n transitiewe voorsetselwerkwoord genoem word.

4.6.3.3 Die koppelwerkwoord

Op die oppervlakte lyk 'n stel wat 'n koppelwerkwoord bevat dikwels soos 'n gewone transitiewe stel, byvoorbeeld:

i) Hy sien die onderwyser (transitief)

ii) Hy is die onderwyser (koppelwerkwoord)

Maar (ii) verskil van (i) in dié opsig dat (ii) nie in die passief geskryf kan word nie. 'n Mens kan sê:


ib) Die onderwyser word deur hom gesien,
maar nie

iib) *Die onderwyser word deur hom gewees, nie.


In stelling met koppelwerkwoorde is die werkwoord nie transitief nie. Die komplement is nie 'n direkte objek nie, maar 'n *intensiewe komplement* (K^{int}).

In hoofstuk 5 word hierdie verskil in meer besonderhede bespreek. Hier word die koppelwerkwoord net genoem, en die verskil tussen 'n stel met 'n koppelwerkwoord en 'n stel met 'n transitiewe werkwoord met behulp van twee sintaktiese diagramme geïllustreer.

1) Hy sien 'n onderwyser



2) Hy is 'n onderwyser



Nog voorbeelde van koppelwerkwoordstelle is onder andere:

Die vleis *ruik sleg*

Die boek *is mooi*

Die man *klink gaaf*


Hy *word 'n man*



Hierdie voorbeelde toon aan dat nie net die Ng as K^{int} kan funksioneer nie, maar dat die K^{int} ook 'n Ag kan wees. Ook rangverskuifde sinne kan as K^{int} optree. Voorbeelde van rangverskuifde sinne as K^{int} word in 4.10.3.7 bespreek.

4.6.4 Voorbeelde van ontledings



1) Die intransitiwe stel



Voorbeeldstel: Hy *lewe*



4) Die komplekstransitiewe stelVoorbeeldstel: *Ons maak haar koningin*5a) Die koppelwerkwoordstel met Ag-komplementVoorbeeldstel: *Jan is lank*

1) In dié geval is die tweede komplement 'n intensiewe komplement. Vergelyk onder andere Quirk, e.a. (1972: 820-830)

5b) Die koppelwerkwoordstel met Ng-komplementVoorbeeldstel: *Hy is 'n dominee*6a) Die onoorganklike voorsetselwerkwoordstelVoorbeeldstel: *Jan hou van meisies*

6b) Die oorganklike voorsetselwerkwoordstelVoorbeeldstel: *Ek gee die pen aan die onderwyser*7) Die werkwoordgroep met medewerkwoordeVoorbeeldstel: *Hy kan sit en lees*

4.7 DIE ADJEKTIEFGROEP (Ag)

4.7.1 Tipes adjektief

De Villiers (1983: 106-113) bespreek die adjektief as woordsoort. Hy onderskei tussen die sentrale adjektiewe wat attributief sowel as predika-tief gebruik kan word, en die ander wat nie hierdie eienskap het nie. Hierdie onderskeid van De Villiers stem ooreen met die onderskeid wat Ponelis (1968: 97) maak tussen selfstandige adjektiewe en die res. Van die belangrikste tipes wat De Villiers (1983: 106-113) by die adjektief onderskei, is: (1) *naamwoordelike adjektiewe*, byvoorbeeld: *departementele, mediese, militêre*; (2) *werkwoordelike adjektiewe*, byvoorbeeld: *lopende, stromende, werkende*; (3) *bywoordelike adjektiewe*, byvoorbeeld: *vorige, oorlede, nabye, verre, westelike*.

Alhoewel De Villiers se werk nuttig is,¹⁾ is dit nie van primêre belang vir wat op hierdie stadium met hierdie studie beoog word nie. 'n Nuttiger in-deling is dié soos gemaak in die werk van Ponelis (1968: 103); Du Plessis (1983: 94-95) en Senekal e.a. (1972: 149-160). Hulle onderskei die vol-gende tipes:

- 1) Die selfstandige adjektief met of sonder 'n voorbepaling, byvoorbeeld:
(*baie*) *arm*; (*erg*) *verveel*; (*uiters*) *ellendig*; (*redelik*) *min*, ens.
- 2) Die adjektief in verbinding met 'n naamwoord, byvoorbeeld:
...hom dankbaar; *... Frans magtig*; *...mense gewoon*; *.. jou lewe seker*, ens.
- 3) Die adjektief in verbinding met 'n vaste voorsetsel, byvoorbeeld:
... bang vir iemand; *... gek na daardie meisie*; *... klaar met drank*;
... verslaaf aan werk, ens.

4.7.2 Graadtrappe

Die meeste adjektiewe het deel aan die opposisie van *stellend, vergrotend, oortreffend*. In die meeste gevalle word dit morfologies gedoen deur die toevoeging van die agtervoegsels *-er* vir die vergrotende trap en *-ste*

1) Dit kan onder-ondere die sinvolheid daarvan om taalkategorieë nie in water-digte kompartemente te probeer indeel nie, maar in *klines*, onderstreep. Vergelyk weer 2.2.3.2.2 vir die term *kline* soos dit in sistemiese gramma-tika gebruik word.

vir die oortreffende trap. In party gevalle word *meer* en *mees* in verbin- ding met die adjektief gebruik om die vergrotende en die oortreffende trap aan te dui.

Voorbeelde van graadtrappe

i) Met *-er* en *-ste*

Stellend

Sy is mooi

Hy is bang

Vergrotend

Sy is mooier

Hy is banger

Oortreffend

Sy is die mooiste

Hy is die bangste

ii) Met *meer* en *meeste*

Stellend

Ek is mense gewoon

Vergrotend

Ek is mense *meer* gewoon


Oortreffend

Ek is mense die *mees* gewoon

Ten slotte moet net genoem word dat daar sekere adjektiewe is wat weens die aard van hulle betekenis nie graadtrappe het nie. Een so 'n adjektief is *dood*. 'n Ander adjektief wat ook nie normaalweg graadtrappe het nie is *klaar*. Hierdie verskynsel lewer 'n probleem op vir Halliday se onderskeid tussen oppervlaktegrammatika en dieptegrammatika bloot in terme van sintag- matiese verhoudings en paradigmatische verhoudings omdat 'n mens hierdie soort subkategorieë by eenhede nie net in terme van distribusionele kenmerke kan verklaar nie. Betekenis en sintaksis kan nie heeltemal geskei word nie. Daar word in 6.4 weer na hierdie punt teruggekeer.

4.8 DIE VOORSETSELGROEP

Die voorsetselgroep bestaan uit 'n voorsetsel in verbinding met 'n naamwoord- groep (of 'n rangverskuifde stel). Senekal, e.a. (1972: 44) ontleed dit soos volg:



Voorsetsels kan *vas* wees of *vry*. Die vaste voorsetsels is voorsetsels wat altyd in verbinding met sekere werkwoorde voorkom. Die gebruik van een van hierdie voorsetsels vereis dan ook dat die werkwoord deur 'n voorsetselgroep met een van hierdie vaste voorsetsels gevolg moet word.

Voorbeelde van sodanige verbindings is onder andere:

teer <i>op</i>	+	Ng
stry <i>met</i>	+	Ng
hou <i>van</i>	+	Ng
voortgaan <i>met</i>	+	Ng

Die naamwoordgroep (of rangverskuifde stel) wat in hierdie geval op so 'n vaste voorsetsel volg, word 'n *voorsetselvoorwerp* genoem (Ponelis 1979: 64). Die naamwoordgroep (of rangverskuifde stel) wat die vrye voorsetsel volg, word 'n *voorsetselaanvulling* genoem (Ponelis 1979: 64).

4.8.1 Enkelvoudige en komplekse voorsetsels

Quirk, e.a. (1972: 303) onderskei twee tipes voorsetsels wat in Engels voorkom. Hulle noem die een tipe "simple" en die ander tipe "complex". Hierdie onderskeid kom ook in Afrikaans voor. *Eenvoudige* voorsetsels het slegs een lid, byvoorbeeld: *van; op, langs, by* en *komplekse* voorsetsels het meer as een lid, byvoorbeeld: *in terme van, in verbinding met, ten gunste van, in ooreenstemming met*, ens. Quirk, e.a. (1972: 203) sê verder dat 'n mens kan toets of 'n voorsetsel kompleks of eenvoudig is deur die ooreenstemmende voorsetselbywoord te vind. Hulle sê: "A complex preposition loses its final element when transferred to the function of adverb". Vergelyk:

Hulle besluit <i>in ooreenstemming met</i> die reëls	—————→
Hulle het <i>ooreenstemmend</i> besluit	
Hy het <i>ten gunste van</i> die voorstel gestem	—————→
Hy het <i>ten gunste</i> gestem	

In die geval van die eenvoudige voorsetsel is die item dikwels identies aan die item soos dit in bywoordelike funksie gebruik word. Soms is daar egter 'n klein wysiging.

Voorbeelde van identiese items:

Dit sit *bo* die deur → Dit sit *bo*
 Hy sit *by* die groep → Hy sit *by*

Voorbeelde van effens gewysigde items:

Dit kom langs die vuur → Dit kom langsaan
 Dit kom op die T.V. → Dit kom bo-op

4.8.2 Semantiese verskille

Voorsetselgroepe kan ook ingedeel word volgens hulle betekenis wat dit vir hulle moontlik maak om as verskillende bywoordelike bepalings op te tree. Die volgende hoofipes kan onderskei word:

i) Plekvoorsetselgroepe:

Daar is perskes *aan die boom*
 Hy was *buite die huis*
 Daar is nog goed *agter die kas*

ii) Rigtingvoorsetselgroepe:

Hy het *deur die deur* gestorm
 Ons het *na die winkel* geloop
 Hy hardloop *langs die pad*

iii) Tydvoorsetselgroepe:


Jy sit *van vanoggend af* al hier
 Die troepe het *voor dagbreek* vertrek
 Hulle is terug *van die huis af*

4.9 STELSTRUKTUUR4.9.1 Inleiding


In hierdie paragraaf word die struktuur van die stel bespreek. 'n Stel is 'n taaleenheid wat 'n onderliggende *proposisie* verteenwoordig. Young (1980: 23) sê onder andere die volgende oor die betekenis van die stel:

"Typically a clause embodies a proposition, that is, an expression in the language of some part of our experience of the world. Propositions are things that are capable of being asserted, or negated, or speculated about, or suggested as being desirable though not actual".

'n Proposisie (S) bestaan uit 'n *predikaat* (PRED) en een of meer *argumente* (ARG) (sien Langacker 1972: 95-102). 'n Stel soos *My pa is onderwyser*, verteenwoordig daarom 'n proposisie wat soos volg weergegee kan word:



Die proposisie onderliggend aan die stel *My pa sien 'n onderwyser*, kan weer soos volg weergegee word:



(Vir 'n kort bespreking van "propositional structure" sien Langacker 1983: 98-102).

In die eerste voorbeeld stel die proposisie 'n verhouding tussen *my pa* en *'n onderwyser* voor. Dit is 'n verhouding wat in die woorde van Leech (1971: 102) "a state of being" genoem kan word, en wat in die oppervlaktegrammatika deur die koppelwerkwoord *is* gerealiseer word. In die tweede voorbeeld is die onderlinge verhouding wat deur die werkwoord gerealiseer word van so 'n aard dat die proses van die een argument na die ander "oorgaan". Dit is dus 'n transitiewe verhouding en daarom word dit in die oppervlaktegrammatika deur die transitiewe werkwoord *sien* gerealiseer. Die soorte verhoudings, aksies, ens. wat deur proposisies uitgedruk word, is velerlei van aard, daarom sê Young (1980: 23): "... propositions ... are spoken of in such terms as material action, mental activity, logical relation and verbal action". Hierdie verhoudings word in 5.2 en 5.3 in meer besonderhede behandel.

4.9.2 Stelstruktuurelemente

In 2.3.2.2 word daar gewys op die feit dat die patroon wat deur die opeen=volging van die Ng + Wg + Ng + Ag (of bw of Vsg, ens.) gevorm word, die *struktuur* van die stel genoem word. Elkeen van hierdie woordgroepe *vul* 'n *struktuurelement*. Die struktuurelemente wat die struktuur van die stel vorm, is die *subjek*(S), die *predikator*(P), die *komplemente*(e)(K) en die *adjunk*(te)(A) (sien Halliday 1961). Young (1980: 29) sê dat: "The elements *subject* and *predicator* are largely definable by the part they play in signalling the mood of the clause". As die S byvoorbeeld eerste geplaas word, kom 'n bewerende stel tot stand. Word die subjek en die predikator omgeruil, kom 'n vraende stel tot stand. Word die subjek weg=gelat, gee dit aan die stel die eienskap "bevelend"¹⁾

Vergelyk:

S	P	
Hy	kom eet	(bewerend)
	P	⟨⟨S⟩⟩
Kom	hy eet ²⁾	(vraend)
	P	
Kom	eet	(bevelend)

Die naamwoordgroep realiseer beide die S-element en die K-element in die stel. Die oorblywende dele, nadat die S, p en K vasgestel is, is die Adjunk(te) (A). Van die K- en A-elemente sê Butler (1982: 21): "Note that Halliday uses the terms Complement and Adjunct more widely than in some other accounts; the former covers the direct and indirect objects of traditional grammar as well as complements of copula-type verbs; the latter covers a wide range of groups with 'adverbial' function".

- 1) Dit moet beklemtoon word dat daar 'n onderskeid is tussen 'n vraag en *vraend*; 'n bewering en *bewerend*; 'n bevel en *bevelend*. Die eienskappe *vraend*, *bevelend* en *bewerend* is steleienskappe wat afhang van die keuses wat uit die modussisteemnetwerk gemaak word (sien 5.6), en vorm dus deel van die studieveld van grammatika. Of 'n mens wel met 'n vraende sin 'n vraag vra, of 'n bevel gee met 'n bevelende sin, ens. vorm deel van die studieterrrein van diskoers en is nie hier van belang nie (vergelyk byvoorbeeld Sinclair 1972: 52-53 en Young 1980: 4.8).
- 2) As een eenheid 'n ander eenheid uiteenplaas, word hierdie tipe hakie gebruik om die eenheid te beskryf. Omdat die werkwoordgroep *kom eet* in die vraende stel deur die naamwoordgroep *hy* uiteengeplaas word, is die struktuur van die stel P⟨⟨S⟩⟩ (vergelyk ook Muir 1972: 52-53 en 68-70).

Dit is nie nodig dat elkeen van die stelstruktuurelemente wat hier genoem is in die stel teenwoordig hoef te wees nie. 'n Stel hoef nie 'n S te hê nie, ook nie 'n P, 'n K of 'n A nie (sien onder andere Muir 1972: 52-53). Vir die doel van die bespreking word hier onderskei tussen stelle wat 'n P bevat en stelle wat nie 'n P bevat nie. Die tipe wat 'n P bevat, word deur die sistemici 'n "major clause" genoem, en die wat nie 'n P bevat nie 'n "minor clause". Die term "major clause" word hier vertaal met *volstel* en die term "minor clause" met *deelstel*. In die bespreking wat volg, sal die klem op die volstel val.

4.9.3 Die volstel

4.9.3.1 Inleiding

Die volstel is 'n stel wat 'n predikator bevat, terwyl die ander stelstruktuurelemente daarin teenwoordig kan wees of kan ontbreek (Halliday 1967a: 38). As die weglaatbare gedeeltes in hakies geplaas word, kan die struktuur van die volstel soos volg uitgedruk word' (S), (K), (A) en P.¹⁾

In 4.8.1 word genoem dat stelle bewarend, vraend en bevelend kan wees. Die bespreking word hier slegs ten opsigte van die *bewerende volstel* voortgesit, d.w.s. ten opsigte van stelle met die struktuur S P (K) (A). Die volgende stelle word as vertrekpunt vir die bespreking geneem:

- 1) Die man lees deesdae
- 2) Die boom groei nou
- 3) Die seun word 'n atleet
- 4) Die blom is mooi
- 5) Sy verstaan die probleem
- 6) Hy gee die onderwyser die pen

4.9.3.2 Die struktuurelemente van die bewerende volstel

Die bewerende volstel het 'n verpligte P-element, en word deur 'n verpligte

1) As 'n mens met 'n inventaris van struktuurelemente te doen het, word die elemente met kommas geskei. As jy met 'n spesifieke struktuur te doen het, word nie kommas gebruik nie. (S), (K), P, (A) is dus 'n inventaris van die struktuurelemente wat in die volstel kan voorkom. Dit kan in enige volgorde geskryf word, solank dit net met kommas van mekaar geskei word. Aan die ander kant is bv. S P K 'n spesifieke struktuur. So byvoorbeeld ook A S K, P, ens.

S-element voorafgegaan. In 4.5 word aangedui dat die Wg uit meer as een deel kan bestaan, soos wat die Ng en Ag ook uit meer as een deel kan bestaan. Op grond van die voorbeeldlys wat hier bo gegee is, kan gesê word dat die bewerende volstel onder andere die volgende struktuurelemente kan hê:


	S	P	A	
1)	Die man	lees	deesdae	
2)	Die boom	groei	nou	
3)	Die seun	word	h ateleet	
4)	Die blom	is	mooi	
5)	Sy	verstaan	die probleem	
6)	Hy	gee	die onderwyser	K die p

Hierdie voorbeelde toon duidelik dat h ontleding slegs in terme van *oppervlaktegrammatika* arm aan insigte en ook misleidend kan wees, want as h mens bloot op grond van die elemente wat hier bo aangedui word, moet oordeel, sal dieselfde struktuur aan (3), (4) en (5) toegeken moet word, naamlik S P K.


Daar is ook h duidelike verskil tussen (4) aan die een kant en (3) en (5) aan die ander kant omdat die komplement in (4) deur h Ag gerealiseer word, terwyl die komplemente in (3) en (5) deur Ng's gerealiseer word. Daar is ook nog h ander opvallende verskil tussen hierdie stelle. Dit is naamlik dat net (5) in die passief omgesit kan word, terwyl dit nie met (3) en (4) kan gebeur nie. Vergelyk:

- (3a) * h Atleet word deur hom geword
- (4a) * Mooi word deur die blom gewees
- (5a) Die probleem word deur die meisie verstaan

Om die verskil tussen (3) en (4) aan die een kant en (5) aan die ander kant te verstaan, moet daar dieper as net die oppervlakte gekyk word. Daar moet na die semantiese vlak beweeg word. As dit gedoen word, val dit dadelik op dat die proposisies wat aan die stelle onderliggend is, verskil. In (5) het 'n mens te doen met 'n predikaat en twee argumente en in (3) en (4) bevat die proposisies slegs een argument elk. Dit kan soos volg voorgestel word:



(5)



Halliday (1967a) beskryf hierdie verskil in terme van die prosesse wat geprediseer word en die deelnemers wat by die prosesse betrokke is. As 'n mens na die proposisies wat aan die stelle onderliggend is, kyk, is dit duidelik dat daar in (5) twee deelnemers is, naamlik 'n entiteit waarvan die proses uitgaan, wat die *doener* genoem kan word, en 'n entiteit waarop die proses "gerig" is, wat die *doelwit* genoem kan word. In (3) en (4) is daar slegs een deelnemer, wat nie 'n *doener* genoem kan word nie, want die proses¹⁾ wat hier ter sprake is, is 'n *relasionele proses*²⁾ wat 'n relasie

-
- 1) Soos deur Halliday (1967a en 1967b) word die term *proses* hier in 'n wye verband gebruik om alles aan te dui wat deur 'n (kombinasie van) (n) werkwoord(e) aangedui kan word, en wat daarom in verskillende tye uitgedruk kan word.
 - 2) Naas die *relasionele prosesse* is daar ook nog *verstandelike prosesse*, *materiële prosesse*, ens. (vergelyk 5.3).

aandui tussen *die blom* en *mooi* en tussen *die seun* en *'n atleet*. Ons het hier te doen met wat Halliday (1967a) *askripsie* noem. Die S-element in (3) en (4) is nie 'n *doener* nie, maar 'n *attribuant*, en die K-element is die *attribuut*. Dit is omdat (5) uitdrukking gee aan 'n proses wat oorgaan op 'n doelwit dat die leksikale werkwoord in die stel transitief is. In (3) en (4) is die werkwoord 'n koppelwerkwoord, daarom is die K-elemente wat deur die Ag *mooi* en die Ng *'n atleet* gevul word *intensiewe komplemente* en nie objekkomplemente nie.

In voorbeelde (3) en (4) word aangetoon dat beide die Ag en die Ng as *attribute* kan optree. 'n Rangverskuifde stel kan ook as *attribuut* optree (sien 4.10).

In sy bespreking van *transitiwiteit* wat besondere aandag in 5.2 kry, onderskei Halliday (1967a) tussen stelle wat *intensiewe komplemente* het en dié wat nie *intensiewe komplemente* het nie. Al die stelle wat nie *intensief* is nie noem hy *ekstensief*. 'n Stel met die eienskap [intensief] het dus 'n *intensiewe komplement*, terwyl 'n stel met die eienskap [ekstensief] 'n *verskeidenheid ander komplemente* kan hê, byvoorbeeld 'n *komplement direkte objek*, 'n *komplement indirekte objek*, *voorsetselgroepe*, ens.

4.9.3.3 Die predikator en die komplemente

In 4.5.3 is die verskillende tipes leksikale werkwoorde genoem. Leksikale werkwoorde kan in groepe verdeel word volgens die prosesse en deelnemers waarby hulle betrokke is. In die geval van 'n relasionele proses word die P-element deur 'n koppelwerkwoord gevul. As die stel uitdrukking gee aan 'n verhouding tussen 'n doener, 'n doelwit en 'n "oorganklike" proses, word die P-element deur 'n transitiewe werkwoord gevul. Soms is daar ook nog 'n ander deelnemer by die proses betrokke, naamlik 'n *bevoordeelde* en sal die werkwoord in so 'n geval *ditransitief* wees, of 'n *transitiewe voorsetselwerkwoord*. Voorbeelde van stelle met elk van die laasgenoemde werkwoorde is:

Hy gee *die onderwyser* 'n boek (ditransitief)

Hy vertel 'n storie aan *die klas* (transitiewe voorsetselwerkwoord)

Vervolgens word die komplemente wat op die verskillende werkwoorde volg, bespreek. Eerstens word aandag gegee aan die *intensiewe komplemente* en daarna die *ekstensiewe komplemente*.

d) Muir se Z-element

In die stel *Hulle verf die dak rooi*, het *die dak* 'n dubbele funksie. Aan die een kant vul dit die komplement direkte objek van die proses wat deur die doener, *hulle*, uitgevoer word. Dit is dus die komplement van die transitiewe werkwoord *verf*. Aan die ander kant is dit ook die subjek van die intensiewe komplement *rooi*.¹⁾ Dit is dus terselfdertyd K° en S. So 'n strukturelement word deur Muir (1972: 54-55) 'n Z-element genoem.²⁾

Items wat die Z-element realiseer, is onder andere die volgende:

1. Voorsetselgroepe van plek, byvoorbeeld:

pak die klere *in die tas*
 plaas die foon *op die rakkie*
 werk 'n knoop *aan die hemp*
 vat jou kos *na die eetkamer*

2. Adjektiefgroepe, byvoorbeeld:

maak die koek *klaar*
 vryf die skoene *blink*
 vat die glas *vuil*
 verf jou wenkbroue *swart*

3. Naamwoordgroepe, byvoorbeeld :

maak hom *leier*
 noem haar *Sarie*
 vind dit 'n *treurige verhaal*
 doop hom *Gert*

1) Hierdie punt word na my mening duideliker geïllustreer deur Ponelis (1968: 116-117). Hy wys daarop dat 'n konstruksie soos *Ons vryf die vloer blink*, 'n oppervlakteverteenwoordiging is van twee onderliggende stelle:

Hy vryf die vloer
 (die vloer) word blink.

Dit is omdat daar 'n koppelwerkwoord in die onderliggende sin *Die vloer word blink* is, dat *blink* 'n intensiewe komplement genoem kan word. Weens die oppervlaktegerigtheid van die sistemiese benadering word hierdie feit nie so bevredigend verduidelik nie (vergelyk ook 6.4).

2) In werklikheid onderskei hy drie tipes Z-elemente en noem hy die een soos in bogenoemde voorbeeld Z^{POS}. Vir die doel van hierdie verhandeling word daar nie verder op die Z-element ingegaan nie.

4. As/tot + Ag/Ng, byvoorbeeld :

beskou die model *as verouderd*
 brandmerk hom *as agterbaks*
 erken jou vrees *as ongegrond*
 aanvaar *dit as wet*
 beroep hom *tot predikant*
 bevorder Jan *tot korporaal*

5. Rangverskuifde stelle, byvoorbeeld :

Ek stamp hom *dat hy trek*
 Ek vloek hom *dat hy huil*¹⁾

4.9.3.5 Ekstensiewe komplemente

Alle stelle wat nie *intensief* is nie is *ekstensief*. Ekstensiewe stelle kan sonder 'n komplement voorkom — die intransitiëwe stel — en met een of meer komplemente, byvoorbeeld:

Ek sien *die man*
 Ek vertel *die kinders 'n storie*

In verband met komplementering sê Quirk e.a. (1972: 820) onder andere die volgende:

"Where complementation occurs, there are four main types:

- [A] Intensive, eg. John is only a boy
- [B] Monotransitive, eg. He caught a big fish yesterday
- [C] Ditransitive, eg. He gave Mary a doll
- [D] Complex transitive, eg. She called him a hero".

Afrikaanse voorbeelde van elkeen van hierdie tipes van komplementering is:

- A Intensief : Hy is 'n onderwyser
- B Monotransitief : Ons verf die huis
- C Ditransitief : Ek gee Sannie 'n soen
- D Kompleks transitief: Hulle doop hom Jan

Die intensiewe komplemente is in 4.8.3.4 bespreek. Vervolgens val die fokus slegs op die ekstensiewe komplemente.

1) In 4.10.3 word rangverskuiwing in meer besonderhede bespreek.

4.9.3.5.1 Die komplemente wat volg op montransitiewe werkwoorde

Die komplement kan òf 'n Ng wees òf 'n rangverskuifde stel. Omdat rangverskuiwing in 4.10.3 bespreek word, val die klem hier net op die Ng-komplemente. Quirk e.a. (1972) gee 'n bespreking van verskillende subtypes wat in Engels voorkom. Die toestand in Afrikaans kan daarmee vergelyk word.

1) Ng-objekte

Die konstruksies is:

- a) lewende subjek + nie-lewende, konkrete objek

Die seun vang die bal → Die bal word deur die seun gevang

Die hond kou die been → Die been word deur die hond gekou

- b) lewende subjek + nie-lewende, abstrakte objek

Elkeen verstaan die probleem → Die probleem word deur elkeen verstaan

Hy ken die oplossing → Die oplossing word deur hom geken

- c) lewende subjek + lewende objek

Al die mans het haar bemin → Sy is deur al die mans bemin

Ons het hom almal geloof loof → Hy is deur ons almal geloof loof

- d) nie-lewende, abstrakte subjek + lewende objek

Die nuus het die hele gesin geskok → Die hele gesin is deur die nuus geskok

Die gerugte ontstel my → Ek word deur die gerugte ontstel

Hierdie indeling bevat nie die soort objek wat deur Jespersen (1928) 'n *kognaatobjek* genoem word nie. Voorbeelde van kognaatobjekte is onder andere:

Hy *lewe* 'n vuil *lewe* → 'n Vuil *lewe* word deur hom *geleef*

Hy *draf* 'n mank *draffie* → 'n Mank *draffie* word deur hom *gedraf*

Hy *lag* 'n sataniese *lag* → 'n Sataniese *lag* word deur hom *gelag*

Sy *loer* 'n skelm *loer* → 'n Skelm *loer* word deur haar *geloer*

Halliday (1967a) bespreek ook die probleme wat kan ontstaan as 'n mens in party gevalle tussen die objek en 'n adjunk wil onderskei. Vergelyk byvoorbeeld die volgende stelle:

- i) Hy hardloop *h myl*
- ii) Hy hardloop *die myl*

In (i) is daar 'n moontlike dubbelsinnigheid omdat 'n mens nie weet of *h myl* 'n adjunk of 'n objek is nie. In (ii) waar die Ng, *die myl*, bepaald is, is daar nie so 'n dubbelsinnigheid nie¹⁾

4.9.3.5.2 Komplemente wat volg op voorsetselwerkwoorde

Quirk e.a. (1972: 831) sê van hierdie tipe in Engels: "Sentences with prepositional objects, which should really be termed 'objects after prepositional verbs' can occur in the passive just like sentences with non-prepositional objects". Dit is nie die geval in Afrikaans nie, vergelyk:

Hy hou van meisies —————→ * Van meisies word deur hom gehou
 Ek sing van blomme —————→ * Van blomme word deur my gesing

As die konstruksie egter onbepaald is, kan dit in Afrikaans in die passief voorkom byvoorbeeld:

Daar word aan die lemoene geëet
 Daar word aan die kerk gebou

4.9.3.5.3 Komplemente wat volg op ditransitiewe werkwoorde

Quirk e.a. (1972: 843) sê: "Ditransitive complementation involves two objects that are not in a co-referential, intensive relation". Afrikaanse voorbeelde van ditransitiewe komplementering is:

Hy gee *die seun h pen*
 Hy koop *sy kind h roomys*
 Ek vertel *hulle h leuen*

Die indirekte objek kan weggelaat word sonder om die basiese betekenis te verander:

1) Om te onderskei tussen gewone objekte en hierdie soort objekte wat as 't ware die gevolg is van die proses wat ter sprake is, moet daar dieper as net op die oppervlakte gekyk word. Die soort werkwoorde wat betrokke is en die verhoudings tussen doeners, doelwitte, belanghebbendes, ens. is van belang. Vergelyk die werk van Van der Westhuizen (1981), Comrie (1976), asook Vendler (1968) vir 'n indeling van werkwoorde op grond van leksikale aspek. Vergelyk ook 5.4 hier onder.

Hy gee 'n pen
 Hy koop 'n roomys
 Hy vertel 'n leuen

Indirekte objekte kan voorsetselparafrases neem:

Hy gee 'n pen *aan die seun*
 Hy koop 'n roomys *vir die dogter*
 Hy vertel 'n leuen *aan hulle*

Quirk e.a. (1972: 843) sê verder van die indirekte objekte dat hulle tipies lewend is, maar dat dit nie altyd die geval is nie, soos in gevalle van metaforiese taalgebruik waar die direkte objek 'n verbale analoog het, byvoorbeeld:

Hy gee die motor $\left\{ \begin{array}{l} \text{'n ghries} \\ \text{'n skop} \\ \text{'n lagie verf} \end{array} \right.$

en

Hy *skop* die kar
 Hy *ghries* die kar
 Hy *verf* die kar

Stelle waarin daar nie 'n verbale analoog is nie, werk nie so nie. Vergelyk:

Hy gee die meisie 'n pop \longrightarrow * Hy pop die meisie

Direkte objekte en voorsetselobjekte

Daar is twee tipes:

- i) nie-lewende direkte objek + voorsetselobjek

Ons vertel die storie aan die kinders
 Hulle gee geskenke aan die dames
 Ek sien die rolprent namens hulle

- ii) lewende direkte objek + vaste voorsetselgroep

Hulle maak 'n gemors van die huis
 Ons maak gebruik van die gerief
 Hy skep behae in my leed
 Ons verloor voeling met die groep

4.9.3.5.4 Komplekstransitiewe komplemente

Omdat die een komplement by die komplekstransitiewe stel 'n intensiewe komplement is, is dit reeds in 4.8.3.4 bespreek. Daar word dus hier net met 'n paar voorbeelde volstaan:

Hulle tref *hom by die winkel* aan
 Naas Botha skop *die bal deur die pale*
 Ouma blaas *die kers dood*
 Ek vind *dit snaaks*

4.9.3.6 Die adjunkte

In 4.8.3.7 is aangetoon dat die subjek en die predikator in die volstel onder andere uitgeken kan word aan die rol wat hulle speel ten opsigte van die modus van die stel. In 'n bewerende volstel soos *Hulle speel*, is die subjek *hulle* in eerste posisie en die predikator *speel* in tweede posisie. Word hulle omgeruil, word die stel 'n vraende stel *Speel hulle?* Daar is ook aangetoon dat die P-element in die stelstruktuur deur verskillende tipes werkwoorde gerealiseer kan word (kyk weer 4.8.3). Die leksikale werkwoorde kan deur verskillende tipes komplemente gevolg word.

As die subjek, die predikator en komplemente uitgeken is, bly nog net die adjunk(te) oor (sien Young 1980: 30-31). Neem 'n mens 'n stel soos *Hulle speel die wedstryd dalk vandag*, is die adjunkte *dalk* en *vandag*. 'n Mens moet daarop let dat die A-elemente nie so nou by die stelprosesse betrokke is as die S-, P- en K-elemente nie. A-elemente kan weggelaat word sonder om die wesenskenmerke van die stel te beïnvloed. Hulle bepaal byvoorbeeld nie of die stel intensief, ekstensief, transitief of intransitief is nie (vergelyk weer 4.6). 'n Mens kan in die voorbeeldstel hier bo *dalk* en *vandag* weglaat, en die stel sal nog steeds 'n bewerende volstel wees, met die doener wat 'n materieële proses (sien 5.3) wat op 'n doelwit gerig is, uitvoer, d.w.s. 'n stel met 'n lewende subjek, 'n transitiewe werkwoord en 'n komplement direkte objek. *Dalk* en *vandag* kan byvoorbeeld ook vervang word deur *miskien* en *môre*, en nog sal dit nie die wesenskenmerke van die stel verander nie (sien Young 1980: 9.9). Dit is om hierdie rede dat die adjunkte *vrye momente* van die stel genoem kan word.

Die bespreking van die subtipies van die items wat die A-elemente van die stel kan vul, word aan die hand van die volgende voorbeelde aangevoer:

1. a) *Môre* speel ons teen Helpmekaar
 b) Ons speel *môre* teen Helpmekaar
 c) Ons speel teen Helpmekaar *môre*
2. a) *Netjies* verf hy die huis
 b) *Hy verf *netjies* die huis
 c) Hy verf die huis *netjies*
3. a) *Gelukkig*, sy is getroud¹⁾
 b) Sy is, *gelukkig*, getroud
 c) Sy is getroud, *gelukkig*
4. a) *Daarom* slaap ons bedags
 b) Ons slaap *daarom* bedags
 c) * Ons slaap bedags *daarom*

Groep 1 verskil van groep 2 omdat die item *netjies* nie soos *môre* in die stel gebruik kan word nie. Verder verskil 1, 2 en 4 gesamentlik van 3 omdat die vooropplasing van die A-element in hierdie drie stelling tot inversie van die S en die P lei (*speel ons* word *ons speel*; *verf hy* word *hy verf* en *slaap ons* word *ons slaap*), terwyl inversie nie in 3 plaasvind nie. Hierdie ooplopende verskil dui op die bestaan van subkategorieë binne die veld van die items wat die A-element(e) van die stel kan vul. Die term wat vir hierdie groep items gebruik word, is *adverbiaal* (sien onder andere Greenbaum 1969). Vervolgens word die verskillende tipes adverbiale onderskei.

4.9.3.6.1 Kernadverbiale

Quirk e.a. (1972) het 'n stel semantiese en sintaktiese toetse uitgewerk om die vereistes waaraan 'n kernadverbiaal in Engels moet voldoen vas te stel. Hier word dieselfde toetse, aangepas vir Afrikaans, gebruik. Hulle is soos volg:

1) Op skrif, in isolasie, lê hierdie voorbeeld 'n dubbelsinnige sin; omdat 'n mens die item, *gelukkig*, in tradisionele terme uitgedruk, óf as 'n bywoord, óf as 'n sinsbywoord kan verstaan. Die bywoordbetekenis kan 'n mens parafraseer as: "Sy is gelukkig in haar huwelik". Die sinsbywoordbetekenis kan geparafraseer word as: "Dit is gelukkig dat sy getroud is". In die voorbeeld hier bo word die sinsbywoordbetekenis bedoel, en daarom word die kommas gebruik.

1. Normaalweg is 'n kernadverbiaal onaanvaarbaar in inleidende posisie in 'n negatiewe bewerende volstel in Afrikaans. Vergelyk:

Stadig het hy opgestaan

* *Stadig* het hy nie opgestaan nie

(Natuurlik is daar bepaalde kontekste waarin die kernadverbiaal gewoon in hierdie posisie voorkom, soos byvoorbeeld in die geval van alternatiewe ontkenning in 'n negatiewe stel, byvoorbeeld:

Stadig het hy nie opgestaan nie, maar *vinnig*)

(vergelyk ook 2 hier onder).

2. As 'n adverbiaal met 'n ander adverbiaal in alternatiewe ontkenning gekontrasteer word, is dit 'n adjunk, want dit wys dat die betrokke item die fokus van stelontkenning kan wees. Vergelyk:

Hy het nie *stadig* by die deur ingeloop nie; hy het *vinnig* by die deur ingeloop

(Inleidende posisie:

Stadig het hy nie by die deur ingeloop nie; hy het *vinnig* by die deur ingeloop.)

3. As 'n adverbiaal die fokus kan wees van stelbevraging is dit 'n kernadverbiaal. 'n Mens kan dit sien aan die item se vermoë om met 'n ander adverbiaal in alternatiewe bevraging gekontrasteer te word. Vergelyk:

Hy skryf *mooi* vandag

Skryf hy vandag *mooi*, of skryf hy *lelik*?

4. As 'n adverbiaal die fokus kan wees van 'n gesplete sin is dit 'n kernadverbiaal. Vergelyk:

Dit was *toe* dat ek hom sien

Dit was *daar* waar dit gebeur het

(kyk ook in Greenbaum 1969: 24)

Die belangrikste subkategorieë waarin die kernadverbiale verdeel kan word, is die volgende:

1. Gesigspuntkernadverbiale

Quirk, e.a. (1972: 429) sê dat hierdie soort adverbiale ruweg soos volg geparafraseer kan word: "... as ons dit wat ons sê van 'n adjektiefge="

sigs punt oorweeg", of "... as ons wat ons sê oorweeg van die gesigs= punt van naamwoordgroep".

Vergelyk:

Godsdienstig, moreel en finansieel is dit belangrik dat die Raad gou h besluit neem

Geografies, etnies en taalkundig hoort hierdie groep mense bymekaar

Dit kan h groot terugslag wees, nie net *tegnies* nie, maar ook *finansieel* en *moreel*

2. Fokusadverbiale

Quirk e.a. (1972: 431) sê dat fokusadverbiale dit duidelik maak dat dit wat gekommunikeer word, beperk word tot h deel wat in fokus is, in welke geval hulle *beperkende fokusadverbiale* genoem word, of dat h deel wat in fokus is, bygevoeg is, in welke geval hulle *byvoegende fokusadverbiale* genoem word. Die beperkende fokusadverbiale kan self weer in twee groepe verdeel word, naamlik: *eksklusiewe fokusadverbiale* en *partikulariseerders*. Vergelyk:

a) Beperkende kernadverbiale

i) Eksklusiewe fokusadverbiale

Slegs die rykes kan hier bly
Dit moet *presies* wees soos ek sê
Net hulle kom hier eet
Alleenlik dié wat betaal, kan ingaan
Hulle word *suiwer* op grond van die eindeksamen beoordeel

ii) Partikulariserende fokusadverbiale

Hoofsaaklik diegene wat seisoenkaartjies het, sal die All Blacks kan sien speel
Veral die dames wat die kursus gevolg het, het presteer
Hy moet *ten minste* sy hare kam voordat hy inkom
Hy dink in die *besonder* aan die oues van dae

b) Byvoegende fokusadverbiale

Hy doen dit *weer*
Nog Jan, *nog* Sannie is daar

Ook die onderwyser het geglimlag
Selvs die armes kan die motor bekostig
Verder moet hulle net doen wat gesê word

3. Intensiveerders

Quirk e.a. (1972: 438-439) sê onder andere: "Intensifiers have in common a heightening or lowering effect on some unit in the sentence". In hierdie geval is ons geïnteresseerd in hulle uitwerking op die predikaat in geheel of gedeeltelik. Die intensiveerders kan in drie semantiese groepe ingedeel word:

- i) Nadruklêers
- ii) Versterkers
- iii) Afskalers

Van hierdie drie tipes sê Quirk e.a. (1972: 439): "Emphasizers have a general heightening effect; amplifiers scale upwards from an assumed norm; downtoners have a lowering effect, usually scaling downwards from an assumed norm. Scaling is possible only when the verb is gradable."

Voorbeelde van elk in:

Nadruklêers

Jy sal dit *beslis* nie doen nie
 Hy is *inderdaad* die sterkste
 Ek moet *eerlik* sê dat ek nie verstaan nie
 Dit is *duidelik* wat jy moet doen

Versterkers

Hier is twee groepe:

In die eerste plek is daar die *uiterstes* wat die hoogste moontlike punt op die skaal aandui, byvoorbeeld:

Ek stem *absoluut* met jou saam
 Ek het *totaal* van haar verjaardag vergeet
 Hy het my versoek *heeltemal* geïgnoreer
 Hy het ons *ten volle* vir die werk vergoed

Naas die uiterstes is daar 'n ander groep, die *vergroters*, wat 'n hoë mate aandui, maar nie die uiterste nie. Voorbeelde is:

Ek het geld *baie* nodig
 Hulle hou *geweldig* van die musiek
 Ek sal *veel liever* die ou boek wil gebruik
 Ek het *so* gewens om haar te kon sien

Afskalers

Quirk e.a. (1972) gee 'n breedvoerige bespreking van 'n hele klomp sub=types in Engels. Die posisie in Afrikaans moet nog nagegaan word, daarom word hier net met 'n paar voorbeelde van afskalers volstaan:

Voorbeelde:

Jy sal *wel* genoeg van haar hou
 Hy het *min of meer* elke voorstel gehaat
 Ons ken hulle *effens*
 Ek stem *gedeeltelik* met hulle saam
 Ek het *byna* moed verloor

4. Proseskernadverbiale

Hierdie adverbiale definieer op die een of ander wyse die proses wat deur die werkwoord aangedui word. Daar is minstens drie subklasse:

a) Wyse

Hy het hom *kil* aangespreek
 Hulle speel die spel *anders*
 Hy doen dit *op 'n ander manier*

b) Metode

Hy gaan *per motor* skool toe
 Jy kan *met jou eie voorbeeld* hulle verwar
 Hulle het besluit om die pasiënte *sjirurgies* te behandel

c) Instrument

Hy het die selle *mikroskopies* ondersoek
 Sny die vleis *met daardie mes*
 Dit is *met 'n termometer* gemeet

5. Subjekadjunkte

Hierdie adverbiale karakteriseer die referent van die subjek in terme

van die proses of toestand wat deur die werkwoord aangedui word. Quirk e.a. (1972:466) sê dat baie van hierdie items "show their relationship to the subject by the paraphrase they allow in which their adjective stem is in predicative relationship to the subject".

Hier volg voorbeelde van subjekadjunkte in Afrikaans, met 'n parafrase by elkeen:

Voorbeeld	<i>Met trots het hy dit aangekondig</i>
Parafrase	<i>"Hy het dit aangekondig en hy was trots"</i>
Voorbeeld	<i>Met hartseer het hy die deksel toegespyker</i>
Parafrase	<i>"Hy het die deksel toegespyker en hy was hartseer"</i>
Voorbeeld	<i>Gelukkig¹⁾ het sy haar taak voltooi</i>
Parafrase	<i>"Sy het haar taak voltooi en sy was gelukkig"</i>

6. Formuleagtige adverbiale

In Engels is daar 'n klein groepie van hierdie adverbiale wat dien om beleefdheid uit te druk (Quirk e.a. 1972: 470). Hierdie tipe adverbiaal kom ook in Afrikaans voor. Vergelyk:

Maak asseblief die hek oop

In die meeste gevalle word hierdie hoflikheidsformule egter deur 'n hoflikheidsin gerealiseer, byvoorbeeld:

Wees so vriendelik om dit nie weer te doen nie
Vergun my om te sê dat dit nie so is nie

(Vergelyk ook:

Ons het hulle ordentlikheidsonthalwe uitgenooi
Ek het hulle hoflikheidsonthalwe versoek om weer te sit)

1) *Gelukkig* kan ook hier as 'n sinsbepaling verstaan word. In so 'n geval is die parafrase: "Dit is gelukkig dat sy haar taak voltooi het". 'n Mens moet telkens die betrokke adverbiaal in 'n stel binne 'n konteks toets, want daar is heelwat gevalle van homonimie wat dubbelsinnigheid in die hand werk (vergeelyk onder andere Quirk e.a. 1972: 466-467). Vergelyk ook die volgende voorbeeld waarvoor daar twee parafrases vir die kernadverbiaal is:

Hy het moedswillig besluit om nie te kom nie
 Dit kan wees : "Hy het besluit om nie te kom nie en hy was moedswillig,"
 of : "Dat hy nie gekom het nie was moedswillig."

7. Plekkernadverbiale

Hierdie A-element word in die meeste gevalle deur die voorsetselgroep gevul.

Voorbeelde van plekadverbiale is:

a) Voorsetselgroeprealisasiei) Posisievoorsetselgroepe

Die vrugte is *aan die bome*

Die een speler lê *onder die ander*

Hy druk *teen die muur*

Sy staan *voor die klas*

ii) Rigtingvoorsetselgroepe

Hy kyk *deur die venster*

Ek loop *tot by hom*

Ons ry terug *van die see af*

b) Bywoordrealisasie

Hy sit *daar*

Ons staan *hier*

Hulle is *buite*

Sy is *binne*

Hy is *êrens*

c) Realisasie deur rangverskuifde stelle

Die soort stel waarvan hier sprake is, is die tradisionele "bysin van plek" (sien byvoorbeeld Barnes 1948: 303). Omdat rangverskuiving in meer besonderhede in 4.10.3 bespreek word, word hier met slegs 'n voorbeeld volstaan:

Hy werk *waar hy betaal word*

8. Kernadverbiale van tyd

Daar kan drie hoofgroepe tydsadverbiale onderskei word, naamlik *tyds-* *punt-*, *tydsduur-* en *frekwensieadverbiale* (sien onder andere Quirk e.a. 1972: 482 en Ponelis 1979: 335).

a) Tydspuntadverbialei) Naamwoordgroepprealisasie

Hy het *een oggend* hier aangekom
 Ons het *daardie keer* gewen

ii) Bywoordrealisasie

Ons woon *nou* hier
Toeka was hulle daar
Vanjaar is dit droog
Tien oor vier sal ek daar aankom

iii) Voorsetselgroepprealisasie

Teen drie uur verwag ek hulle
 Dit het *op die laaste nippertjie* gebeur
 Ons het *nie veel in die toernooi* vermag nie
 Die storm het *voor die aand* losgebars

b) Duuradverbialei) Daar is 'n groep wat kan dien as antwoord op die vraag: *Hoe lank?*

	Nie lank nie
<i>Hoe lank bly julle?</i>	Vir twee dae
	'n Kort rukkie
	Omtrent 'n week

ii) Daar is 'n ander groep wat duur vanaf 'n sekere tydspunt uitdruk:

Ons woon *sedert* 1 Junie hier
 Hy werk *van Maandag af* hier

iii) Ponelis (1979: 341) gee ook nog voorbeelde van belangrike tyds=
duuradverbiale in Afrikaans. Hulle is onder andere:i) 'n Naamwoordgroep met LANK

Ons moes *drie dae lank* op hulle wag
 Dit het *ure lank* gesneeu

ii) Setselgroepe

Vir 'n jaar het ek gewag
Die hele dag het die reën geval
Van gister af tot nou het sy toestand onveranderd gebly

iii) Tydsduursinne

Omdat ons hier weer eens met rangverskuiwing te doen het, en die verskynsel in 4.10.3 bespreek word, word hier met slegs 'n voorbeeld volstaan:

Terwyl die wedstryd aan die gang was, is geen sterk drank op die terrein verkoop nie

c) Frekwensieadverbiale

Die meeste frekwensieadverbiale kan as antwoord dien op die vraag:

Hoe dikwels? Vergelyk:

Een maal per jaar

Elke Sondag

Hoe dikwels werk jy hier?

Dikwels

Af en toe

Soms

Die duuradverbiale kan semanties verder in twee groepe verdeel word:

- i) *Besliste frekwensie* - 'n groep wat eksplisiet die tyd noem waarvolgens die frekwensies gemeet kan word. Hierdie groep kan weer in twee subgroepe verdeel word:

ia) Periodefrekwensie

Hulle werk *daaglik*s

Hy teken die lesings *uurlik*s op

Ons kom *jaarlik*s hierheen

Die tydskrif verskyn *weeklik*s

ib) Tydsfrekwensie

Doen dit *nog 'n keer*

Ons doen dit *een maal*

Hulle roer die pap *twee maal*

- ii) *Onbesliste frekwensie* - 'n groep wat nie eksplisiet die tyd noem waarvolgens die frekwensie gemeet kan word nie. Hierdie groep kan ook verder onderverdeel word:

iia) Gewone voorkoms

Ons werk *gewoonlik* hier
 Hulle doen dit *gebruiklik* so
 Hy sal *normaalweg* nie weier nie

iib) Herhalende/herhaaldelike voorkoms

Hulle doen dit *altyd*
 Hy werk *konstant*
 Sy sit nou *permanent* so
 Ons sal *vir ewig* hier moet bly

iic) Hoë frekwensie

Dit reën *dikwels* hier
 Hierdie verskynsel kom *frekwent* voor
 Ek sien haar *gereeld*
 Hulle val ons *herhaaldelik* aan

iid) Lae of zero frenwensie

Sy werk ongelukkig *ongereeld*
 Sy polsslag is vandag *onreëlmstig*
 Hulle het van *tyd tot tyd* daar aangedoen
 Ek lees *dan en wan* een van daardie tipe boeke
 Jy sal *selde of ooit* hoor dat hy dit sê
 Ons sal dit *nimmer* doen

4.9.3.6.2 Randadverbiale

In 4.8.7.1 word die kriteria genoem waarvolgens getoets kan word of 'n item 'n kernadverbiaal is of nie. Volgens Greenbaum (1969: 24) is items wat aan die volgende kriteria voldoen nie kernadverbiale nie:

- a) "It is acceptable in initial position in an independent tone unit with a rising, falling rising, or level nuclear tone when the clause is negated
- b) It cannot be the focus of clause interrogation, as demonstrated by its inability to be contrasted with another focus in alternative interrogation
- c) It cannot be the focus of clause negation, as demonstrated by its inability to be contrasted with another focus in alternative negation".

Adverbiale wat aan hierdie kriteria voldoen, noem Greenbaum (1969) òf *conjuncts* òf *disjuncts*. Die term wat hier gebruik word vir die klas as geheel is *randadverbiaal*. Binne hierdie kategorie kan die *disjunkte* en die *konjunkte* dan onderskei word.

Greenbaum (1969: 25) noem 'n maklike toets om te onderskei tussen 'n adverbiaal met 'n konjunktiewe funksie en een met 'n disjunktiewe funksie. Die toets is dat disjunkte kan dien as antwoord op 'n ja-nee vraag, maar dikwels moet hulle dan van *ja* of *nee* in die antwoord vergesel word. Hierdie toets geld ook vir Afrikaans (sien onder andere Van der Westhuizen 1974: 7).

Voorbeelde:

a) *Kortliks*, stuur Indië op 'n ramp af?

Vraag : Stuur Indië op 'n ramp af?

Antwoord : *Kortliks*, ja!

b) *Nogtans*, die voorbeeld is vir my baie werd

Vraag : Is die voorbeeld vir my baie werd?

Antwoord : **Nogtans*, ja!

Op grond van die toets is dit dus duidelik dat *kortliks* 'n disjunk is en *nogtans* 'n konjunk.

Die toets hier bo dien om die twee tipes randadverbiale van mekaar te onderskei. Vervolgens word hulle ter wille van 'n vollediger beeld afsonderlik behandel.

1. Konjunkte

Semanties het konjunkte 'n verbindende funksie.

Voorbeelde

Ons is moeg. *Daarom* slaap ons

Ons het daarvoor gekla. *Nogtans* doen julle dit

Al het ons hulle nie gesien nie, is hulle hier

Party het *selfs* geglo dat hy onskuldig was

2. Disjunkte

Hierdie groep kan in twee subgroepe verdeel word, naamlik *styldisjunkte* en *houdingsdisjunkte*.

a) Stylidisjunkte

Hierdie tipe disjunkt word deur Ponelis (1979: 291) "sprekersgebonde uitdrukkings" genoem.

Voorbeelde

*In alle erns, hou op daarmee
Vir die duisendste maal, luister nou na my
Alle grappies op 'n stokkie, ons moet nou begin*

Ponelis wys ook daarop dat die onderstreepte uitdrukkings op die spreker betrekking het en dat hulle herlei kan word tot adjunkte in 'n sin met "sê ek", byvoorbeeld:

*In alle erns, sê ek, hou nou op daarmee
Vir die duisendste maal, sê ek, luister nou na my
Alle grappies op 'n stokkie, sê ek, ons moet nou begin*

b) Houdingsdisjunkte

Greenbaum (1969: 94) sê: "Disjuncts other than style disjuncts are termed attitudinal disjuncts. In general they express the speaker's attitude to what he is saying, his evaluation of it or shades of certainty and doubt about it". Die items wat in hierdie adverbiale funksie optree, is onder andere:

1. Adjektiefgroepe - met of sonder modifikasie

*Mooi, hy is oor die laaste hekkie
Baie eienaardig, maar ek het hom nie daar gesien nie
Fantasties, hy skop die bal deur die pale
Baie lekker, ons het vandag twee Franse lesse*

2. Tradisionele "bywoorde", veral die "modale bywoorde"

*Hy is mos dood
Dit is stellig waar
Ons gaan miskien werk
Sy is darem mooi
Dit is dalk reg
Sy is glo nie meer daar nie*

Dekparafrases

In die meeste van die gevalle kan die disjunk deur 'n parafraserende sin vervang word, wat dieselfde semantiese waarde as die disjunk alleen het. Van der Westhuizen (1974: 48-53) noem hierdie parafraserende sinne "dekparafrases", en deel die disjunkte in klasse in op grond van die dekparafrases waarmee hulle vervang kan word. Voorbeelde van dekparafrases is onder andere:

<i>Fantasties</i> , hy is deur die gaping	—————>	"Dit is fantasties dat hy deur die gaping is"
Sy is <i>mos</i> mooi	—————>	"Dit is mos so dat sy mooi is"
<i>Oulik</i> , die baba sit vanself	—————>	"Dit is oulik dat die baba vanself sit"

Omdat die voorbeeldstelsel wat hier bo gebruik word om die verskillende items wat A-elemente in die stelstruktuur kan vul te identifiseer, uit die aard van die saak, nie elkeen binne 'n duidelike konteks aangehaal kan word nie, is party van die voorbeelde miskien effens problematies. Aanhalings binne konteks sou grootliks kon help. Dit is ongelukkig egter nie moontlik binne die omvang van 'n verhandeling soos hierdie nie.

4.10 DIE STRUKTUUR VAN SINNE

Berry (1975: 91) sê: "In grammar each unit can be identified in two ways: by the way in which it combines with other units to form longer units and by the combination of smaller units of which it is itself composed. In other words it can be identified by the part it plays in the structure of a larger unit and also by its own structure". Die woord, die groep en die stel kan op beide hierdie wyses geïdentifiseer word, maar nie die sin en die morfeem nie. Omdat die morfeem die kleinste eenheid op die grammatiese rangskaal is, bestaan dit nie uit kleiner betekenisvolle eenhede nie, en kan dit slegs geïdentifiseer word op grond van die rol wat dit in die struktuur van die woord speel. Omdat die sin op sy beurt weer die grootste eenheid op die rangskaal is, kan dit nie gedefinieer word in terme van sy optrede in die struktuur van 'n groter eenheid nie. Daar kan slegs op grond van sinsmorfologie verskillende sinstipes onderskei word (vergelyk byvoorbeeld Muir 1972: 67). Sinsmorfologies kan daar twee basiese sinsoorte onderskei word, naamlik *enkelvoudige sinne* en *samegestelde sinne* (vergelyk Muir 1972: 72).


4.10.1 Enkelvoudige sinne

Omdat enkelvertakking op die rangskaal moontlik is, kan die voorbeeldstelle wat in 4.8.3.1 gebruik is ook dien as voorbeelde van enkelvoudige sinne. Die toestand kan soos volg met 'n skets voorgestel word:

Voorbeeldstelle

1. Die man lees deesdae
2. Die boom groei nou
3. Die seun word 'n atleet
4. Sy verstaan die probleem
5. Hy gee die onderwyser 'n pen

Skets



Al vyf die stelle is voorbeelde van enkelvertakking op die rangskaal, m.a.w. hulle vorm sinne wat uit slegs een stel bestaan.

4.10.2 Samegestelde sinne

In die volgende voorbeelde bestaan die sin uit meer as een stel:

6. Hy sal kom, indien jy bly
7. My pa, wat 'n dokter is, het my die pille gegee
8. Hulle sê dat sy nie kom nie

In 6, 7 en 8 is daar in elke geval twee stellinge. In 6 is dit *Hy sal kom en (indien) jy bly*. In 7 is dit *My pa het my die pille gegee en (wat) 'n dokter is*. In 8 is dit *Hulle sê en (dat) sy nie kom nie*. Elkeen van hierdie sinne bestaan uit 'n deel wat 'n onafhanklike woordorde het en wat alleen as 'n selfstandige sin gebruik kan word, naamlik *Hy sal kom*; *My pa het my die pille gegee*; *Hulle sê*. Verder bevat elke sin ook 'n ander deel wat deur 'n voegwoord ingelei word en wat 'n afhanklike woordorde het, naamlik *(indien) jy bly*; *(wat) 'n dokter is*; *(dat) sy nie kom nie*. Hierdie dele het 'n afhanklike woordorde in die sin dat hulle nie in hulle huidige vorm selfstandig as sinne gebruik kan word nie.


As ons nou die onafhanklike dele met die Griekse letter α aandui, en die afhanklike dele met die letter β , kan ons sê dat 6 die struktuur $\alpha\beta$ het; 7 die struktuur $\alpha\langle\langle\beta\rangle\rangle$, terwyl 8 se struktuur $\alpha\beta$ is. Verder is dit ook duidelik dat ons hier met verskillende tipes β -elemente te doen het. In 6 dui die β -stel op 'n *toegewing*; in 7 op 'n *toevoeging* en in 8 op 'n *rapportering* (vergelyk Muir 1972: 70). As ons nou die subkategorieë van die β -stelle met β_1 (toegewing), β_2 (toevoeging) en β_3 (rapportering) aandui, kan die struktuur van die volgende stellinge:

9. Indien nodig, druk die knoppie;
10. Koos, as jy hom mooi vra, behoort die boek vir jou te leen;
11. Sentraal Afrika, wat baie warm is, is nie die plek vir 'n Engelsman nie;
12. Ek is toe na Kaapstad, wat in die suide geleë is;
13. Sy sê sy wil dit koop;
14. Sy wou kom, het sy gesê,


soos volg aangedui word:

- | | |
|--|--|
| 9. β_1 | 10. $\alpha \langle\langle\beta_1\rangle\rangle$ |
| 11. $\alpha \langle\langle\beta_2\rangle\rangle$ | 12. $\alpha \beta_2$ |
| 13. $\alpha \beta_3$ | 14. $\beta_3 \alpha$ |

Die α -element in die sin word die verpligte deel van die sin genoem, omdat dit (1) alleen as 'n enkelvoudige sin kan optree, en (2) die kontekstuele tipe van die sin bepaal (sien Muir 1972: 69). Dit hang dus van die α -element in die sin af of dit 'n *bewerende*, 'n *vraende* of *bevelende* sin is. Uit die aard van die saak kan sinne soos volg ingedeel word:



Muir (1972: 68) gee die toestand soos volg op 'n meer delikate wyse weer:



4.10.3 Aanlywing en inlywing

Die manier waarop samegestelde sinne tot stand kom, is (i) deur die proses van *aanlywing* (neweskikking) en (ii) deur die proses van *inlywing* (verryking).

Aanlywing sluit nie rangverskuiwing in nie maar inlywing sluit dit wel in. Onafhanklike stelle realiseer die α -element in sinne en afhanklike stelle die β -element. Vervolgens word daar na 'n paar voorbeelde gekyk om aanlywing te illustreer:

- a) Hy eet en slaap altyd hier
- b) Hy was en poleer die motor
- c) Sy is verlief en gelukkig

Elkeen van hierdie sinne bevat twee stelle. In elke geval is die een stel "verkort" in die sin dat dele daarvan nie in die oppervlaktegrammatika ge-realiseer is nie. 'n Mens kan die "weggelate dele" in hakies soos volg voorstel:

- a) Hy eet (altyd hier) en (hy) slaap altyd hier
- b) Hy was (die motor) en (hy) poleer die motor
- c) Sy is verlief en (sy is) gelukkig

Sinne (a), (b) en (c) bestaan dus uit twee stelle wat deur middel van die bindwoord "en" aanmekaar geskakel is. Hulle het dus die volgende strukture:

a)

Σ		
α		
onafh	&	afh
hy eet	en	slaap altyd hier

b)

Σ		
α		
onafh	&	afh
hy was	en	poleer die motor

c)

Σ		
α		
onafh	&	afh
sy is verlief	en	gelukkig

In elkeen van hierdie sinne het ons dus met twee stappe te doen wat gesamentlik die α -element realiseer. Daar vind nie rangverskuiwing plaas in die totstandkoming van die meer komplekse struktuur uit die struktureel minder komplekse dele nie. In die geval van aanlywing het 'n mens dus met 'n paraktiese univariante struktuur te doen (kyk weer 2.3.2.2).

4.10.3.1 Die status van die bindwoord "en"

Muir (1972: 72-73) bespreek die probleme wat opduik in verband met die status van die bindwoord "en" wat in strukture soos dié hier bo voorkom. Dit is kortliks soos volg:

Omdat die sistemiese rangskaalteorie vereis dat elke item volledig op elke vlak op die rangskaal verantwoord moet word, en ons hier op die stelvlak werk, is die logiese gevolgtrekking dat "en" in 'n sin soos *Hy was en poleer die motor*, 'n stel behoort genoem te word (vergelyk Matthews 1965 en Halliday 1965). Om hierdie gevolgtrekking te vermy beveel Muir (1972: 73) aan dat daar van 'n rangvrye sisteem van *binding* ("linkage") gepraat moet word. 'n Mens kan dus sê dat *en* in 'n sin soos *Ek was en sy stryk*, stappe verbind en

en dat *en* in *Hy speel goeie tennis en slegte rugby*, woordgroepe verbind. Verder kan 'n mens ook sê dat *en* in *Hy speel goeie en interessante skaak*, woorde verbind. Laastens kan 'n mens sê dat dit in *Vis-en-skyfies is 'n tipiese Engelse maal*, morfeme verbind.

Twee ander bousels wat op dieselfde manier as *en* optree, is *maar* en *of*, byvoorbeeld *Hy drink of rook of speel*

en

Hy is arm maar gelukkig (vergelyk ook Ponelis 1968: 73).

Waar aanlywing plaasvind, word dit met 'n &-simbool aangedui, maar die simbool het nie die waarde van 'n konstituent nie.

4.10.3.2 Diepte


Die bindende element kan op verskillende dieptes binne dieselfde sin voorkom. Vergelyk byvoorbeeld die ontleding van die volgende sin:

Ek het tuis gebly en 'n boek gelees want ek was moeg en wou rustig wees

Σ		
α	&	α
onafh		onafh
Ek het tuis gebly	en	'n boek gelees

β	&	β
onafh		onafh
want ek was moeg	en	wou rustig wees

In die een geval verbind die *en* twee α -elemente en in die ander geval twee β -elemente. In 'n boomdiagramontleding sou die α -elemente 'n knoop hoër as die β -elemente aangedui word wat aantoon dat hulle nie op dieselfde dieptevlak is nie. Vergelyk:



(Vergelyk ook Steiner 1980: 325 vir die tipe diagram)

4.10.3.3 Inlywing

In verband met inlywing noem Muir (1972: 79) drie tipes afhanklike stelle. Hier volg voorbeelde van elkeen, verdeel onder drie hoofde, naamlik *toewyng* (β_1), *toevoeging* (β_2) en *rapportering* (β_3).

Toewyng (β_1)

- i) *As jy seker is, skreeu*
- ii) *Koos, as jy hom vra, sal dit doen*

Toevoeging (β_2)

- iii) *Ek hou van die somer as die dag lank is*
- iv) *My oom, wat 'n matroos is, kom kuier*

Rapportering (β_3)

- v) *Hy sê dat hy kom*
- vi) *Sy sou gewerk het, het sy gesê*

Met die onderskeid wat nou tussen tipes β -elemente gemaak word, sou 'n mens kon sê dat die sinne die volgende strukture het:


- | | | |
|--|--|----------------------|
| i) $\beta_1 \alpha$ | iii) $\alpha \beta_2$ | v) $\alpha \beta_3$ |
| ii) $\alpha \langle\langle \beta_1 \rangle\rangle$ | iv) $\alpha \langle\langle \beta_2 \rangle\rangle$ | vi) $\beta_3 \alpha$ |

Die voorbeelde van inlywing wat deur Muir (1972: 70) gegee word, dek nie naastenby die veld van inlywing soos dit in Afrikaans aangetref word nie. In die volgende paragraaf waarin daar aan rangverskuiwing aandag gegee word, word die toestand in Afrikaans met betrekking tot inlywing in meer besonderhede geskets.

4.10.4 Rangverskuiwing

In 2.3.2.2 word verwys na die onderskeid wat tussen univariante en multi= variante strukture getref kan word. 'n Sin soos *Hy was en poleer die motor*, is 'n voorbeeld van 'n parataktiese univariante struktuur. Nog 'n voorbeeld van so 'n parataktiese univariante struktuur is *Hulle loop; speel; werk*, ter= wyl 'n sin soos *Ek sou gebly het as jy my laat weet het dat hy vertrek het*, 'n voorbeeld is van 'n hipotaktiese univariante struktuur. Wat beide die hipotaktiese en parataktiese univariante struktuurtypes gemeen het, is dat hulle rekursief is. Maar daar is 'n wyse waarop rekursiwiteit ook in multi= variante strukture ingevoer kan word, en dit is deur *rangverskuiwing* (sien onder andere Halliday 1981: 33).

Rangverskuiwing is die verskynsel waar 'n item van 'n hoër rang in die rang= skaal gebruik word as strukturelement in die plek van 'n eenheid wat laer op die rangskaal geleë is. In 'n sin soos *Die man wat daar staan, is my pa*, is die stel *wat daar staan* afgeskuif om op te tree as die agterelement (a) in die naamwoordgroep *die man*. Dit kan soos volg met 'n diagram ver= duidelik word:



Daar is verskillende plekke in die sinstruktuur waar rangverskuifde stelle ingelyf kan word. Hierdie plekke word vervolgens puntsgewys bespreek:

1) $\downarrow\Sigma$ = rangverskuifde stel op 'n *diepte* van een (vergeelyk 6.3).

- v) In die plek van die naamwoordgroep wat optree in 'n voorsetseladjek=
tiefgroep (vergelyk onder andere Ponelis 1968: 97)

'n Mens kan die enkelvoudige sin *Ek is bly oor die storie*, uitbrei tot 'n samegestelde sin deur 'n afhanklike sin in te lyf in die plek van die naamwoordgroep *die storie*. Vergelyk:

Ek is bly oor *die storie*

Ek is bly oor *wat gebeur het*

Vergelyk ook:

Ek is klaar met *die boeke*

Ek is klaar met *wat jy my gegee het*


Verdere voorbeelde:

Ek is ontsteld oor *wat jy glo*

Ek is teleurgesteld in *wat jy doen*

Diagrammatiese ontleding van een voorbeeld

Voorbeeld: Ons is onthuts oor *wat jy beweer het*




4.10.4.3 In die plek van disjunkte

Voorbeelde:

*Dit is fantasties, hy kon die werk so doen**Dit is gelukkig, sy is gesond*


In hierdie voorbeeldsinne het 'n mens te doen met 'n randsin wat deur 'n disjunk vervang kan word. Vergelyk:

*Fantasties, hy kon die werk doen**Gelukkig, sy is gesond*Diagrammatiese ontleding van een voorbeeldVoorbeeldsin: *Dit is mooi, die baba is gebore*Hoof trekstruktuurdiagram4.10.4.4 As kwalifiseerder by 'n naamwoordgroep

Voorbeelde:

*Die man, wat daar loop, is die skurk**Durban, wat aan die ooskus lê, is baie warm**Hy gee toe die geld aan die man wat die bruin pak dra*Diagrammatiese ontleding van een voorbeeld

Voorbeeld: Hy gee die tjek aan die man *wat die geld invorder*

Hoof trekstrukturdiagram4.10.4.5 Rangverskuiwing op vlakke laer as die sin¹⁾

In die voorafgaande gedeelte van paragraaf 4.10.3 is rangverskuiwing ten opsigte van sinne bespreek. Ander eenhede as die sin neem egter deel aan rangverskuiwing. Die belangrikste eenheid wat op 'n vlak kleiner as die stelvlak aan rangverskuiwing deelneem, is die naamwoordgroep. Die naamwoordgroep kan in die volgende posisies as strukturelemente van ander naamwoordgroepe optree:


- i) As stuk 1 van die deelbepaling in die m-element van die Ng

Voorbeelde: *'n Emmer van die water*
 'n Mandjie van die druiwe

1) Vergelyk ook 4.5.5

Diagrammatiese ontleding van een voorbeeldnaamwoordgroep


Voorbeeld: *h Bakkie* van die roomys

ii) As h maatbepaling in die m-element van h naamwoordgroep

Voorbeelde: *h Kelkie* wyn
 h Koppie tee
 h Glas water

Diagrammatiese ontleding van een voorbeeld

Voorbeeld: *h Bottel* bier




1) ↓Ng is h rangverskuifde naamwoordgroep op h diepte van een (vergelyk 6.3).

iii) As voorsetselaanvulling binne 'n Vsg wat die k-element van 'n naamwoord= groep vul

Voorbeelde: Die man in *die huis*
 Die kind op *die bed*
 Die spook langs *die spieël*

Diagrammatiese ontleding van een voorbeeld

Voorbeeld: Die vrou op *die stoep*



4.10.4.6 Rangverskuiwing en rekursiwiteit

In die inleiding tot hierdie paragraaf is daarop gewys dat rangverskuiwing 'n wyse bied waarop rekursiwiteit in multivariate strukture ingevoer kan word. 'n Goeie voorbeeld van hoe dit werk, kan 'n mens vind in 'n kinder=rympie soos die volgende:

"Dit is die huis van Adriaan
 Dit is die graan wat lê in die huis van Adriaan
 Dit is die rot wat eet van die graan wat lê in die huis van Adriaan
 Dit is die kat wat die rot vang wat eet van die graan wat lê in die huis van Adriaan ... ens".

Die *wat*-sinne kan tot in die oneindigheid bygevoeg word. Die enigste beperking daarop is die menslike geheue wat nie so 'n oneindige lang string kan hanteer nie.

4.10.4.7 Soort bysinne wat by rangverskuiwing optree

Tot dusver is gekyk na die plekke in die ontvangsin waar die inlyfsin in=gevoeg kan word. Laastens word daar net kortliks gekyk na die soorte bysinne wat in hierdie posisies kan optree.

Daar is twee tipes tipes bysinne, die *volle bysin* en die *verkorte bysin*.

4.10.4.7.1 Die volle bysin

Voorbeelde van hierdie bysintipe is:

*Ek weet dat hy bedoel wat hy sê
Dit is opmerklik hoe baie polisie daar is
Wanneer die bome blom, sal ons mekaar weer sien*

4.10.4.7.2 Die verkorte bysin

Twee tipes kan onderskei word, naamlik die *lang infinitiefsin* en die *kort infinitiefsin* (sien Ponelis 1979: 429-431).

Voorbeelde van die lang infinitiefsin is:

*Hy bied aan om met haar te trou
Hulle het bedoel om later te kom
Om dit te doen, is lekker*

Voorbeelde van die kort infinitiefsin is:

*Ek wil jou leer geduldig wees
Heel nag wakker lê, put jou uit
Snoei is nou 'n slegte ding*

4.11 SAMEVATTING

In die voorafgaande paragrawe is gepoog om 'n oorsig te gee van die struktuur van eenhede op die verskillende vlakke op die rangskaal in Afrikaans. Daar is aangetoon dat die struktuurelemente van woorde deur morfeme gevul word. Daar is hoofsaaklik drie tipes morfeme wat in Afrikaans 'n rol speel, naamlik die voorvoegsels, die agtervoegsels en die stamme. Daar kan wel ander morfeemtipes onderskei word, maar hulle is periferaal.

Daar is ook aangetoon dat woorde, op hulle beurt die struktuurelemente van

groepe vul. Daar is verskillende tipes groepe, naamlik naamwoordgroepe, werkwoordgroepe, adjektiefgroepe en voorsetselgroepe. Elkeen van hierdie groepe het sy eie kenmerkende struktuur.

Die verskillende groepe vul weer een of meer struktuurelemente in die stel, d.w.s. hulle kan of die subjek, of die predikator, of (h) komplement(e) of (h) adjunk(te) vul. Stelle vul, op hulle beurt, weer die struktuurelemente van sinne. 'n Stel kan of 'n α -element of 'n β -element in 'n sin vul.

Die sistemiese grammatika wil rekenskap gee van 'n item op elke vlak op die rangskaal. 'n Volledige oppervlaktebeskrywing sal dus 'n item vanaf die sinsvlak tot op die morfeemvlak dek. Dit moet weer eens genoem word dat die term *oppervlaktegrammatika* in sistemiese teorie nie net na distribusionele kenmerke verwys nie. Kenmerke wat tradisioneel as semanties beskou word, kan ook in ag geneem word by die klassifisering van items. Dit is dan ook wat hier bo gedoen is.

5. 'N BESPREKING VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKAANSE DIEPTEGRAMMATIKA

5.1 INLEIDING

Die onderskeid tussen oppervlaktegrammatika en dieptegrammatika word in 2.2.3. bespreek. In 2.2.4 word verduidelik hoe 'n sistemiese generatiewe grammatika werk. Dit is dus nie nodig om hier weer daarop in te gaan nie. Dit moet net weer beklemtoon word dat die sistemiese model waarmee hier gewerk word, voorsiening maak vir 'n semantiese komponent wat rekenskap gee van die *makro-funksies* van volwasse taal, naamlik die *ideë-funksie*, die *interpersoonlike funksie* en die *tekstuele funksie* (sien onder andere Halliday, 1979: 57-79). Halliday (1979) sê ook dat die ideë-funksie, wat te doen het met die onder-vindingswêreld en die logiese wêreld van die spreker-hoorder deur die *transitiwiteitsnetwerk* gerealiseer word, die interpersoonlike verhoudings deur die *modusnetwerk* en die tekstuele verhoudings deur die *tematiese netwerk*.

In hierdie hoofstuk sal vervolgens afsonderlik na elkeen van hierdie funksionele komponente gekyk word. Die klem sal egter veral op transitiwiteit en tema val, wat sisteme is wat op die stelvlak gerealiseer word. Wat dus hier bespreek gaan word, vorm deel van die semantiese komponent van die grammatika.

5.2 TRANSITIWITEIT

In die Afrikaanse grammatika maak ons keuses tussen verskillende prosestipes, verskillende deelnemers aan die prosesse, en ook tussen verskillende tipes omstandighede wat by die prosesse betrokke is. Verder kies 'n mens ook tussen verskillende maniere waarop prosesse, deelnemers en omstandighede verbind kan word. Hierdie keuses staan gesamentlik as die *transitiwiteitskeuses* bekend. Tradisioneel word transitiwiteit op woordvlak (sien Steiner 1982: 179) benader. Dit is ook die geval in die meeste Afrikaanse grammatikas. Werkwoorde wat 'n "lydende voorwerp" of 'n "direkte voorwerp" kan neem, word "transitiewe werkwoorde" genoem (sien onder andere Barnes 1948: 127-128; Ponelis 1968: 51-57; De Villiers 1975: 174-176).

Die definisies wat in die 1983-uitgawe van die HAT (Odendal e.a.) van "transitiewe" en "intransitiewe" werkwoorde gegee word, stem ook met hierdie siening ooreen.

Daar is egter ook werkwoorde wat dikwels sônder 'n direkte objek voorkom en dikwels wel met een. Chrystal (1980: 364) is daarvan bewus, daarom sê hy: "Many verbs can have both a transitive and intransitive use (c.f. *went a*

mile vs *we went*), and in some languages this distribution is marked morphologically".

Ook in Afrikaans tref 'n mens dieselfde verskynsel aan, naamlik dat talle werkwoorde oorganklik sowel as onoorganklik gebruik kan word (sien in De Villiers 1975: 183-187 en 1983: 131-133).

Wat presies die verhouding tussen 'n werkwoord en sy objek(te) is, is 'n ingewikkelde saak wat nie hier uitgepluis gaan word nie. Dit moet egter net onthou word dat die aard van die objek 'n belangrike rol in hierdie verhouding speel.

Jespersen (1928: 229-252) onderskei onder andere die volgende tipes objekte: "object of result" (*John has built a house*); "cognate object" (*the king lived the life of an exile*); "ordinary objects", waarbinne daar 'n subklas is wat hy die "instrumental object" noem. Ook Quirk e.a. (1972: 830-834) bespreek verskillende tipes objekte onder die opskrif "Types of complementation".

Ponelis (1979: 197) noem dat die passieftoets nuttig kan wees by die vasstelling van die direkte objek. As 'n mens egter in ag neem dat Afrikaans, net soos Engels "kognaatobjekte" en "resultaatobjekte" het, byvoorbeeld:

Hy leef 'n *hondelewe* (kognaatobjek);
Hy teken 'n *prent* (resultaatobjek)

(kyk weer na die onderskeid wat deur Jespersen 1928: 229-252 gemaak word), dan word dit duidelik dat die passieftoets nie altyd kan help om die direkte objek uit te ken nie (vergelyk ook Palmer, 1974: 83ff en Branford, 1980: 122). Halliday (1973: 38ff) maak beswaar teen hierdie strukturele siening van transitiwiteit. Hy wys daarop dat 'n stel soos (a) *Hy sien die onderwyser* identies is aan 'n stel soos (b) *Hy is die onderwyser*, naamlik S P K. Tog is daar 'n verskil in die komplemente van die twee stelle, want waar die komplement in (a) duidelik 'n direkte objek is, waarvoor die passieftoets slaag, byvoorbeeld: (a.i) *Die onderwyser word gesien (deur hom)*, is die komplement in (b) nie 'n direkte objek nie. Struktureel word (a) en (b) dus identies ontleed, terwyl (a.i) met struktuur S P (A) op die oppervlakte heeltemal van (a) verskil, en dit terwyl daar tog 'n groot ooreenstemming op semantiese vlak tussen hulle is.

Dit is dus duidelik dat 'n blote strukturele ontleding nie voldoende is nie, en dat daar na 'n ander vlak beweeg sal moet word. Halliday (1967: 37-81) se oplossing is om transitiwiteit te herdefinieer as eienskap van wat hy noem die "major clause", d.w.s. 'n stel wat 'n predikasie bevat. Die Afrikaanse term wat hier vir die "major clause" gebruik sal word, is die *volstel*.

Halliday (1968: 180) brei verder uit op die voordele wat dit het om transitiwiteit te sien as 'n eienskap van die hele stel, en nie net as 'n eienskap van die werkwoord of werkwoordgroep nie:

"Once transitivity is treated as a system of the clause, or rather as a set of such systems, it can be seen to be part of a wider domain extending over the whole of the experiential component of clause organization and embracing the full set of structural functions; not only actor and goal and their equivalents, but also beneficiary, range, attribute, instrument, manners, time, place or whatever are found to be appropriate and most useful generalizations. The question whether the term 'transitivity' is then used to cover the whole of this domain, or is limited to the area of processes and participants, or even more narrowly to processes, actor and goal, is a terminological one; the line between participants and circumstances is not a sharp one, and is almost certainly specific to a given language".

In die res van hierdie paragraaf sal die belangrikste *prosesse*, *deelnemers* (aan prosesse), *omstandighede* en *trefwydte*, ens. wat 'n transitiwiteitsrol speel in Afrikaanse volstelle, uitgelig en bespreek word. Omdat hierdie onderwerp in Engels reeds taamlik breedvoerig en uitvoerig beskryf is, word die werk van veral Halliday (1967 en 1968), Muir (1972), Berry (1976), Steiner (1982) en Monaghan (1979) hier as basis geneem. Daar sal natuurlik ook verwys word na ander skrywers wat oor hierdie onderwerp in Engels geskryf het.

5.2.1 Basiese steltipes

Met betrekking tot die basiese steltipes wat op grond van transitiwiteit onderskei kan word, stem die posisie in Afrikaans baie ooreen met die posisie in Engels soos dit onder andere deur Halliday (1967: 38-51) en Muir (1972: 104-120) bespreek is. Die Afrikaanse bespreking word nou hier onderaan die hand van die volgende voorbeeldstelte gedoen:

- i) Sy was die klere
- ii) Die klere word gewas
- iii) Die soldate marsjeer

- iv) Sy lyk gelukkig
- v) Hy dril die soldate
- vi) Die soldate word gedril
- vii) Hy skeer (homsself)
- viii) Hy skeer (skape)
- ix) Die materiaal was (maklik)¹⁾

As stelling (i)-(iv) met mekaar vergelyk word ten opsigte van die betrokke deelnemersrolle en die prosesse wat ter sprake is, kan die onderlinge verskille soos volg in informele semantiese terme weergegee word (vergelyk ook Halliday 1967: 38-41):

In die eerste plek kan (i) *Sy was die klere* in die passief omgestel word as (ii) *Die klere word gewas (deur haar)*. In terme van die oppervlaktegrammatika is die verskille tussen (i) en (ii) dus: (i) S P K en (ii) S P (A). Word daar egter na (i) en (ii) gekyk in terme van die deelnemersrolle wat by die betrokke proses betrokke is, word die ooreenkoms tussen (i) en (ii) duidelik — 'n feit wat nie deur die strukturele ontleding weergegee word nie.

In (i) is daar 'n *doener* en 'n *proses* wat op 'n *doelwit* gerig is:

S	P	K
<i>doener</i>	<i>proses</i>	<i>doelwit</i>
Sy	was	die klere

In (ii) is daar 'n weglaatbare (opsionele) *doener*, 'n *proses* wat op 'n *doelwit* gerig is, en ook die *doelwit*. Let egter daarop dat die *doelwit* in hierdie stel as S gerealiseer word, en nie as K soos in (i) nie. Die *doener* word ook as (A) gerealiseer en nie as S soos in (i) nie. Hierdie verskille tussen (i) en (ii) is nie transitiwiteitsverskille nie, maar *tematiese* verskille waarop daar nie hier ingegaan sal word nie.

S	P	K
<i>doelwit</i>	<i>proses</i>	<i>doener</i>
Die klere	word gewas	(deur haar)

1) Alhoewel hierdie voorbeeldstel op die rand van aanvaarbaarheid lê, is daar tog kontekste waarin hy aanvaar kan word, en daarom word hy, ter wille van die redenasie, ingesluit.

In (iii) is daar 'n *doener* en 'n *proses* wat nie op 'n *doelwit* gerig is nie, gerealiseer as S P:

S	P
<i>doener</i>	<i>proses</i>
Die soldate	marsjeer


As ons die term "proses" gebruik vir alles wat deur 'n werkwoord aangedui word en wat tyd in beslag neem (vergelyk ook Halliday 1968: 181), dan voel 'n mens dadelik aan dat die proses waarvan daar in (iv) sprake is, van die prosesse in (i)-(iii) verskil. Waar ons in (i)-(iii) duidelik met *doeners* te doen het wat iets *doen*, is dit nie die geval met (iv) nie. 'n Mens kan nie sê dat "sy" in *Sy lyk gelukkig* 'n doener is nie. As dit 'n doener was, sou 'n mens (iv), wat struktureel identies is aan (i), naamlik S P K, kon verander na die passief. Maar (iv) kan nie in die passief omgesit word nie. Vergelyk:

* *Gelukkig word deur haar gelyk*

Halliday noem die proses wat in (iv) ter sprake is "askripsie", en die deelnemersrolle die *attribuant* en die *attribuut*. Ons kan (iv) dus soos volg ontleed:

S	P	K
<i>attribuant</i>	<i>proses</i>	<i>attribuut</i>
Sy	lyk	gelukkig


By hierdie tipe stel is die K-element altyd verpligtend, terwyl dit nie die geval is by die doentertipe stel nie (vergelyk Muir 1972: 108-109). As ons in navolging van Halliday (1967a: 40) 'n stel met 'n aksietipe proses 'n *ekstensiewe stel* noem, en 'n stel met 'n askripsietipe proses 'n *intensiewe stel*, dan het ons die eerste basiese indeling in die sisteemnetwerk van basiese volsteltipes in Afrikaans, naamlik:




Maar dit is slegs die begin. As ons terugkeer na stelle (i)-(iii) sien ons dat daar 'n duidelike onderskeid is tussen (i) en (ii) aan die een kant, en (iii) aan die ander kant, omdat ons in (i) en (ii) met 'n proestetipe te doen

het wat 'n gerigte aksie behels. In (i) en (ii) is daar twee deelnemers aan die proses, alhoewel net een, die doelwit, gerealiseer hoef te word. Die ander een se realisasie is opsioneel ... In (ii) is daar net een deelnemer, die doener, en is die proesestipe nie-gerigte aksie.

As ons nou in navolging van Halliday (1967a: 40) 'n stel met gerigte aksie *effektief* noem, en 'n stel met nie-gerigte aksie *deskriptief*, het ons 'n eerste subsisteem in die netwerk van volsteltipes, naamlik:



Hierdie netwerk gee egter nog nie rekenskap van die verskille tussen (i) *Sy was die klere* en (ii) *Die klere word gewas (deur haar)* nie. Halliday (1967a: 40) onderskei tussen hierdie twee tipes deur die stel met gerigte aksie, en die doener as S, *operatief* te noem, en die stel met gerigte aksie en die *doelwit* as S, noem hy *reseptief*. Daar is dus nog 'n subsisteem wat in die netwerk ingevoer kan word:



Dit is nou moontlik om op grond van die steltipes wat onderskei is aan die hand van stelle (i)-(iv) die volgende *sistemiese* beskrywing gegee:

- | | |
|---|------------------------------------|
| i) <i>Sy was die klere</i> | [ekstensief: effektief: operatief] |
| ii) <i>Die klere word gewas
deur haar</i> | [ekstensief: effektief: reseptief] |
| iii) <i>Die soldate marsjeer</i> | [ekstensief: deskriptief] |
| iv) <i>Sy lyk gelukkig</i> | [intensief] |


Daar kan nou oorgegaan word na voorbeelde (v) en (vi) om verdere sistemiese kenmerke van die verskillende volsteltipes aan te dui. Die twee stelle,

(v) *Hy dril die soldate* en (vi) *Die soldate word gedril*, is volgens die= selfde oppervlaktestruktuur as (i) en (ii) gebou, naamlik S P K en S P (A). As 'n mens egter na die sistemiese vlak kyk, word dit duidelik dat daar onderliggende verskille tussen hierdie stelpare is. In (i) *Sy was die klere*, is dit duidelik dat dit *Sy* is wat die waswerk doen, maar in (v) *Hy dril die soldate*, is dit nie *Hy* was dril nie, maar *die soldate*. Die *Hy* in stel (v) se rol is dus nie dié van doener nie, maar wel dié van *inisieerder* (vergelyk Halliday 1967a: 42).

Dit is duidelik *die soldate* in hierdie stel wat die rol van doener vervul, en die aksie is nie 'n gerigte aksie nie, want daar is nie 'n doelwit nie. Halliday (1967a: 42) wys daarop dat daar dus drie moontlikhede bestaan by die prosesse waarby nie-gerigte aksie betrokke is:


S	S as doener	S as doener
Inisieerder (nie doener)	(en inisieerder)	(nie inisieerder)
Hy dril die soldate	Die soldate dril	Die soldate word gedril

Die onderskeid tussen *operatief* en *reseptief* wat in die geval van die effek= tiewe stelle hierbo, gemaak is, kan duidelik ook in die geval van die twee deskriptiewe stelle (v) en (vi) gemaak word. Die netwerk wat hierbo gegee is, kan dus weer eens soos volg hersien word:



Dit sê egter nog nie waar stel (iii) waarin die S beide die inisieerder en doener is, inpas nie. Halliday (1967: 42) noem hierdie tipe 'n "middle type" en ek wil die term *middel* hier behou, omdat ek die term *mediaal* (sien ook De Villiers 1975: 183-184) wil gebruik vir die Engelse "ergative" wat hier onder bespreek sal word.


By die deskriptiewe sinstipe het ons dus nou 'n keuse tussen [operatief], [middel] en [reseptief]. Die vraag ontstaan nou of daar nie ook in die geval van effektiewe stelle 'n tipe is waarin die rol van doener en doelwit saamgevoeg is in 'n middelvorm, soos in die Engelse voorbeeld wat deur Muir (1972: 112) gegee word nie. So 'n voorbeeld vind 'n mens wel in 'n stel soos (vii) *Hy skeer (homself)*. Daar is dus ook in die geval van effektiewe stelle 'n keuse tussen [operatief], [middel] en [reseptief]. Die netwerk moet dus weer eens gewysig word, en word nou ter wille van ekonomie soos volg weergegee (vergelyk ook Muir 1972: 113).




Nou moet stel (viii), *Hy skeer (skape)*, nog bespreek word. Die verskil tussen (viii) en (i) is bloot dat in (i) die doelwit gerealiseer is, en in (viii) nie. Hierdie keuse verteenwoordig 'n verdere sisteem wat in die netwerk ingevoeg kan word, naamlik 'n keuse tussen doelwit gerealiseer en doelwit onge-realiseer in die geval van stelle met die sistemiese kenmerke: [ekstensief: effektief: operatief] (vergelyk ook Muir 1972: 113).

Stelle soos (ix) *Die materiaal was; Die vrugte kook; Die boek verkoop*, kom in Afrikaans, net soos in Engels (kyk in Muir 1972: 113) dikwels in die teenwoordige tyd voor. In stel (ix) is die verhouding tussen *die materiaal* en *was* sodanig, dat *die materiaal* die doelwit is. Dit is dus 'n effektiewe stel wat ook reseptief is, want S is die doelwit. Muir (1972: 114) wys daarop dat 'n stel soos (ix) dus dieselfde sistemiese kenmerke het as (ii) *Die klere word gewas*. Ten opsigte van die oppervlaktestruktuur is daar egter 'n duidelike verskil tussen (ii) en (ix), omdat (ii) 'n passiewe werkwoordgroep by P. het, en in (ix) is daar 'n aktiewe werkwoordgroep by P. Halliday 1967a: 47) bespreek ook hierdie verskil en noem 'n stel soos (ii) *doenergeoriënteer*, terwyl 'n stel soos (ix) *prosesgeoriënteer* is. Die keuse tussen stelle wat doenergeoriënteer is en die wat prosesgeoriënteer is, verteenwoordig daarom 'n verdere sisteem wat in die volsteltipe netwerk

weergegee kan word:



Op grond van al die keuses wat tot dusver bespreek is, kan die transitiwiteitsnetwerk vir volstelle op die mees ekonomiese wyse soos volg weergegee word.¹⁾



Die sistemiese beskrywing van die nege voorbeeldstelle sal wees:

- i) *Sy was die klere* (S P K)
[ekstensief : effektief/operatief : doelwit gerealiseer]
- ii) *Die klere word gewas* (S P)
[ekstensief : effektief/reseptief : doenergeoriënteer]
- iii) *Die soldate marsjeer* (S P)
[ekstensief : deskriptief : middel]

1) Vergelyk 2.2.4.5 vir die notasionele konvensie by sisteemnetwerke.

- iv) *Sy lyk gelukkig* (S P K)
[intensief]
- v) *Hy dril die soldate* (S P K)
[ekstensief : deskriptief : operatief]
- vi) *Die soldate word gedril* (S P)
[ekstensief : deskriptief : reseptief]
- vii) *Hy skeer* (S P)
[ekstensief : effektief : middel]
- viii) *Hy skeer* (S P)
[ekstensief : effektief : operatief : doelwit ongerealiseer]
- ix) *Die materiaal was* (S P)
[ekstensief : effektief : reseptief : prosesgeoriënteer]

Om hierdie bespreking van volsteltipes af te sluit, word daar nou teruggekeer na die intensiewe stel (iv) *Sy lyk gelukkig*, omdat daar nog 'n belangrike steltipe is wat met behulp daarvan onderskei moet word.

Na wat gesê is oor die ekstensiewe steltipe en die intensiewe steltipe, kan 'n mens sê dat die onderskeid tussen die twee gegrond is op die feit dat daar by eg. meer as een potensiële deelnemer ter sprake is, terwyl daar by die intensiewe steltipe net een deelnemer betrokke is (vergelyk byvoorbeeld Steiner 1982: 201), nl. die *attribuant*, soos geïllustreer deur voorbeeldstel (iv) hierbo:

S	P	K
attribuant	proses	attribuut
Sy	lyk	gelukkig

In sy bespreking van die werkwoord "be" noem Halliday (1967a: 66-71) dat stelle met "be" nie noodwendig intensief hoef te wees nie, omdat daar meer as een werkwoord "be" in Engels is. Die belangrikste verskille t.o.v. transitiwiteit kan gesien word as 'n mens twee stelle soos "John is the leader" en "John is happy" met mekaar vergelyk. Omdat dieselfde verskil by die Afrikaanse werkwoord "wees" bestaan, word die bespreking hier voortgesit met behulp van twee Afrikaanse voorbeeldstelle, nl:

- x) *Jan is gelukkig*
xi) *Jan is die leier*

In (x) het ons, net soos wat die geval is in (iv), met askripsie te doen. Van hierdie tipe sê Halliday (1968: 190): "The intensive clause, like *Mary is/ seems happy, Mary was/ became a teacher*, is a non-reversible, one participant type with the verb being of the copulative class". Van die ander tipe, voorbeeld (xi), sê hy dat ons te doen het met "a reversible two participant type with the verb being of the equative sub-class ...". Hierdie tipe stel sal ons in Afrikaans *vergeelykend* noem. Omdat hier meer as een deelnemer betrokke is, moet die stel as 'n ekstensiewe stel beskou word. Hierdie stel bevat 'n *identifiseerder* wat met 'n ding, die *geïdentifiseerde*, verbind moet word. Halliday (1968: 190) sê van die *geïdentifiseerde* dat dit na 'n onderliggende W-vraag herlei kan word, en dat beide die *geïdentifiseerde* en die *identifiseerder* eerste in die opeenvolging geplaas kan word. Halliday (1968: 190) sê verder: "Ascription is an inclusion relation, equation a relation of identity, so that there is an unmarked association of indefiniteness with an identifier". 'n Mens kan dit duidelik sien aan 'n vergelyking tussen twee stelle soos:

*Jan is 'n onderwyser, en
Jan is die onderwyser.*

As 'n mens die vraag sou vra: *Wat is Jan?*, sou die antwoord kan wees: *Jan is 'n onderwyser*, maar nie: *'n Onderwyser is Jan*, nie. Sou die vraag wees: *Watter een/ wie is die onderwyser*, sou die antwoord identifiserend wees, bv. *Die onderwyser is Jan*, of: *Jan is die onderwyser*. Van die intensiewe "be"-stelle sê Halliday (1967: 67) o.a.:

"Intensive *be* clauses, such as *John is a teacher, John is very rich*, answer questions concerning the attributes or qualities of an attribuant, including definition questions; the WH-form is normally *what* (human or non-human reference), *who* or *how*, ... Here the complement, as always in intensive clauses, cannot be a pronoun or proper name but can be adjectival".

Dit is ook so in Afrikaans. Stelle soos: *Sy word oud; Hulle is ingenieurs*, ens., is intensief. Die bekende Roman, "Bart Nel" se newetitel "En ek is nog hy", is dus nie 'n intensiewe stel nie, maar vergelykend, omdat 'n mens hier duidelik met identifisering te doen het.

Van die vergelykende stelle met "be" sê Halliday (1967: 67):

"Extensive Effective *be* clauses, which we may call 'equative', answer


questions of identification, normally with *which* or *who*, such as *Which is John?* John is the tall one. Here the complement, being extensive, can be a pronoun or proper name but cannot be adjectival. The equative relation is however more complex, since it is reversible; clauses of this type in fact display the operative/receptive opposition characteristic of effective clauses, and *be* is thus in effect a 'transitive' verb, although it does not show a morphological opposition of active and passive".

Die laaste punt wat hier genoem word t.o.v. die vergelykende stel is die onderskeid wat gemaak word tussen *dekoderende* en *enkoderende* vergelykende stelle. Dit is 'n onderskeid wat nie net verband hou met transitiwiteit nie, maar ook van belang is by die tematiese (vergelyk o.a. Halliday 1967b: 223-236 en ook Halliday 1968: 190-191). Halliday maak die onderskeid tussen "decoding" en "encoding" in terme van twee funksies in die vergelykende stel, nl. dié van die *waarde* en dié van die *veranderlike*. In 'n stel soos, *Hy is DIE LEIER*, is die beklemtoonde gedeelte die waarde en die onbeklemtoonde gedeelte die veranderlike.

'n Vergelykende stel, soos *Koos is DIE LEIER*, kan twee interpretasies hê. Dit kan as dekoderend verstaan word, as: "Koos vervul die funksie van die leier", d.w.s. *Koos* vervul dan die funksie van die veranderlike en *die leier* vervul die funksie van waarde. Die stel kan ook as enkoderend verstaan word, as: "Koos word gerealiseer as die leier". In dié geval is *Koos* die waarde en *die leier* die veranderlike. Dit is om die rede dat Halliday (1968: 190-191) sê: "All equative clauses are therefore ambiguous". Die voorbeelde wat hy in Engels gee is: "the noisiest ones are THE FRESHMEN" en "what they are selling might be SPORTS CLOTHES". Hierdie voorbeelde werk ook in Afrikaans: "die lawaaierigste is DIE EERSTEJAARS", en "wat hulle verkoop, is dalk SPORTKLERE". Vergelyk ook: "die beste bokkers is Swartmans". Dit kan dekoderend verstaan word, as: "Jy sien daardie bokkers? Wel, die beste is Swartmans". Dit kan ook enkoderend verstaan word, as: "Wil jy weet wie is die beste bokkers? Wel, dit is Swartmans".

As slotopmerking word nou nog net daarop gewys dat Halliday (1968: 191) noem dat van die twee tipes "the decoding is nearer to the intensive, being intermediate between this and the encoding type; ascription is itself a form of decoding relation ..."

Die transitiwiteitsnetwerk by die volstel kan dus soos volg weergegee word:



5.3 PROSESTIPES

Dit moet weer eens beklemtoon word dat die term *proses* hier in 'n wye betekenis gebruik word "to cover all phenomena to which the specification of time may be attached - ... anything that can be described by a verb" (Halliday in Kress 1976: 159).

As 'n mens die volgende sinne met mekaar vergelyk, word dit duidelik dat daar verskillende prosestipes is:


1. Die man *skop* die hond
2. Die meisie *vertel* die verhaal
3. Die seun *is* 'n atleet

Alhoewel 1, 2 en 3 struktureel dieselfde lyk, d.w.s. S P K-stelle is, is daar, as 'n mens dieper as net die oppervlakte kyk, opmerklike verskille tussen hulle. In die eerste plek voldoen 1 en 2 aan die *doen*-toets om aksies uit te ken. 'n Mens kan byvoorbeeld sê:

1. Wat die man *doen*, is om die hond te skop, en
2. Wat die meisie *doen*, is om die verhaal te vertel, maar nie:
3. *Wat die meisie *doen*, is om 'n atleet te wees nie.

Daar is dus 'n duidelike verskil tussen die werkwoorde in 1 en 2 en die werkwoord in 3. In 3 word daar niks *gedoen* nie, maar het 'n mens met 'n relasie tussen *die seun* en *'n atleet* te doen. Die seun verkeer as't ware in 'n *toestand van atleet wees* (vergelyk Leech 1971: 25-26). Die proses wat hier betrokke is, word 'n *rasionele proses* genoem. In 1 en 2 is daar ook 'n verskil tussen die twee prosesse wat ter sprake is. In 1 het 'n mens te doen met 'n proses wat 'n deelnemersrol bevat wat DOENER genoem kan word; die proses wat ter sprake is, is 'n fisiese aksie, 'n *materiële proses* (vergelyk Berry 1975: 151), en verder is die proses gerig op 'n deelnemer wat die DOELWIT genoem kan word. In 2, wat op die oppervlakte struktureel identies aan 1 is, is daar nie van 'n *materiële proses* sprake nie. Hierdie soort proses noem Halliday (in Kress, 1976: 164) 'n *verstandelike proses*. Hy wys daarop dat 'n mens by hierdie tipe proses nie van 'n DOENER en 'n DOELWIT kan praat nie maar van 'n PROSESSEERDER en 'n FENOMEEN.

Die prosestipes wat hier bo uiteengesit is, kan diagrammaties soos volg opgesom word:



By elkeen van hierdie proestetipes is daar nog verdere subtipes wat onderskei kan word. Dit sal vervolgens puntsgewys gedoen word.

In die eerste plek kan gekyk word na meer delikate verdelings by materiële prosesse. In 'n sin soos 1. *Die man skop die hond*, is daar 'n aksieproses wat aan die gang is. In 'n sin soos 4. *Die rivier vloei deur die park*, wat ook 'n materiële proses bevat, is dit duidelik dat daar nie van 'n aksieproses sprake is nie. Wat ons hier het is 'n *gebeurtenisproses* (vergelyk Berry 1975: 152). Aksieprosesse self kan weer *intensioneel* wees of *onintensioneel* wees. 'n Voorbeeld van 'n intensionele aksieproses is 5. *Jan pootjie vir Koos*, en van 'n onintensionele aksieproses 6. *Hy struikel oor die boomwortel*.


Wat die verstandelike proestetipes betref, kan 'n mens in die eerste plek kies tussen 'n *geïnternaliseerde* proses en 'n *ge-eksternaliseerde* proses. Geïnternaliseerde prosesse val uiteen in drie groepe, nl. die *persepsieproestetipe*, die *reaksieproestetipe* en die *kognisieproestetipe*. Voorbeelde van hierdie proestetipes is respektiewelik 7. *Hulle het aandagtig geluister*; 8. *Hy haat Beethoven*; en 9. *Sy dink hulle maak 'n fout*. 'n Voorbeeld van 'n ge-eksternaliseerde verstandelike proses is 10. *Hy beweer ek het gelieg*.

In die derde plek word die relasionele proses, waarvan daar ook twee tipes is, nou bespreek. Die twee tipes relasionele prosesse is *attribution* en *identifikasie*. 'n Stel wat uitdrukking gee aan 'n attributiewe relasionele proses is 11. *Hy is 'n onderwyser*. In hierdie geval is daar slegs een deelnemer aan die proses en die proses is een waarvolgens daar 'n verhouding tussen die *hy* en 'n hele klas, die onderwyserklas aangedui word. In die geval noem ons die *hy* die *attribuant* en 'n *onderwyser* die *attribuut*.

In voorbeeld 12. *Hy is die leier*, het ons nie met attribution te doen


nie. Die verhouding tussen *Jan* en *die leier* is 'n "gelyk aan"-verhouding waarin daar 'n eerste term, *Jan*, "gelyk aan" 'n tweede term, *die leier*, is. Omdat dit dié tipe verhouding is, kan die twee terme ook omgeruil word sonder dat dit die betekenis van die vergelyking beïnvloed. Vergelyk byvoorbeeld: *Die leier is Jan*.

Die verskillende proestetipes kan soos volg in 'n netwerk weergegee word:



5.4 LEKSIKALE ASPEK EN PROSESTIPES

Leksikale aspek het onder andere met die tydsbetekenis van werkwoorde te doen (sien Van der Westhuizen 1981 en Van Niekerk 1982). Werkwoorde kan gebruik word om *dinamiese* gebeure aan te dui en ook om *statische* gebeure aan te dui. Dinamiese gebeure kan weer òf *momenteel* wees òf *duratief*. Die werkwoordtipes kan op grond van leksikale aspek soos volg in 'n sisteemnetwerk weergegee word:



Vergelyk 'n mens hierdie netwerk met die netwerk vir procestipes, val dit op dat materiële prosesse slegs deur dinamiese werkwoorde, met of sonder duur, weergegee word. Verstandelike prosesse en die relasionele prosesse word deur die statiese werkwoorde weergegee. Die enigste tipe proses wat nie mooi inpas nie is die sogenaamde *geëksternaliseerde relasionele proses* wat voorkom in 'n sin soos *Hy sê dat sy nie weet nie*. Alhoewel hierdie sin in sekere opsigte uiting gee aan 'n verstandelike proses, is dit ook materieel, omdat dit wat gesê word klank is en daarom fisies waarneembaar is. In 'n sekere sin is dit dan net so 'n materiële proses soos *Hy skop die hond*. Hierdie voorbeeld is ook weer 'n bewys van die feit dat dit beter is om by die indeling van taalkenmerke liever van klines as vanklasse te praat (sien weer Berry 1975: 25-30).

5.5 DEELNEMERSTIPES

In 'n sin soos *Die hond jaag die kat*, is daar duidelik twee deelnemers wat by die materiële proses betrokke is naamlik *die doener, die hond* en die *die doelwit, die kat*. As die betrokke proses 'n verstandelike proses is, is die deelnemersrolle die van *prosesseerder* en *fenomeen*, byvoorbeeld: *Jan* (prosesseerder) *doen die berekeninge* (fenomeen). By 'n relasionele proses soos *Hy is onderwyser*, is daar net een deelnemer, die *attribuant*. In 'n stel soos *Hy dril die soldate* is *die soldate* die doener, en *Hy* is die *inisieerder*. Dit bring die aantal deelnemersrolle wat tot dusver onderskei is op ses te staan, nl. doener, doelwit; prosesseerder; fenomeen; attribuant en inisieerder.

Daar is egter nog 'n sewende rol wat onderskei kan word en dit is naamlik die deelnemersrol van *voordeeltrekker*. Die rol van die voordeeltrekker word deur die indirekte voorwerp gerealiseer. In 'n stel soos *Sy gee Jan die grondbone*, is *Jan* die voordeeltrekker.

Daar is nog ander elemente in die stel wat ook by die proses betrokke kan wees, maar hulle is nie deelnemers nie, maar slegs *omstandighede*. Omstandighede is tipies dinge soos tyd, wyse, plek, ens. wat as A-elemente in die stel gerealiseer word. Die onderskeid tussen omstandighede en inherente deelnemersrolle is nie altyd duidelik nie. 'n Tipiese probleem op hierdie gebied word byvoorbeeld deur die stel *Hy hardloop 'n myl*, opgelewer. In hierdie stel weet 'n mens nie of jy met 'n

afstandsadverbiaal, d.w.s. 'n omstandigheid te doen het nie, en of 'n *myl* nie dalk 'n resultaatobjek is nie, in welke geval 'n mens dan met 'n deelnemer te doen het. 'n Ander voorbeeld van hierdie tipe dubbelsinnigheid is die stel: *Ek leer hom Frans* (vergelyk ook Halliday 1967a: 60-61).

5.5.1 Die mediale ontleding

Tot dusver is stelle ontleed op grond van die prosesse wat by hulle betrokke is en die deelnemers aan die prosesse. Hierdie benadering in terme van doener en doelwit staan as die "nominatiewe" benadering bekend (sien Monaghan 1979: 108 en Fawcett 1982: 140). Volgens Halliday (1968: 182-183) is daar 'n ander soort stelorganisasie wat in moderne Engels veld wen. Dit is naamlik die organisasie van 'n stel in terme van die entiteit wat deur die proses geaffekteer word, die *geaffekteerde*, en in terme van die entiteit wat die proses veroorsaak, die *oorsaak*. Hierdie beskrywing in terme van oorsaak en geaffekteerde word 'n *mediale* ("ergative") ontleding genoem.

Ook in 'n beskrywing van Afrikaans is dit nodig om van die mediale organisasie van stelle kennis te neem en in die grammatika daarvan rekening te gee. De Villiers (1975: 175-176) gee 'n klomp voorbeelde van sogenaamde "mediale werkwoorde". Hier volg nou 'n klompie stelle wat elk 'n a- en 'n b-tipe bevat, met die b-tipe in elke geval 'n voorbeeld van 'n stel wat volgens die mediale stelsel gepatroneer is:

- 1 a Ons braai die vleis lekker
b Die vleis braai lekker
- 2 a Hy het die roomys geproe
b Die roomys proe lekker
- 3 a Hulle kook die kos
b Die kos kook lekker
- 4 a Hy vermeerder die werk
b Die werk vermeerder
- 5 a Ek verbeter my werk
b My werk verbeter
- 6 a Hy versprei die nuus
b Die nuus versprei
- 7 a Hulle breek die ruit
b Die ruit breek

Die deelnemersrol van die geaffekteerde is 'n verpligte rol, terwyl die rol van oorsaak nie verpligtend is nie. Halliday (1968: 188-189) sê ook verder van die twee tipes benadering: "The transitive functions are fundamentally those of action clauses, specifying the role of a participant in relation to the type of action, whereas the ergative functions seem to be common to all types of process and, in fact, to all clause types, including relations and mental processes". Halliday maak hierdie uitspraak op grond van heelwat werk wat in Engels gedoen is op die gebied van transitiwiteit. In Afrikaans is dit 'n terrein wat in sy geheel nog byna totaal onontgin is.


5.6 TEMA

5.6.1 Inleiding

Die *tema* is die uitgangspunt van 'n stuk kommunikasie en die *rema* is dit wat oor die tema gesê word (sien De Villiers 1983: 196). Die tema is daardie deel van die stel wat die spreker kies om aan te bied as dit waaroor gepraat word (sien Young 1980: 144). Die Afrikaanse stel is, nes die stel in Engels, so georganiseer dat dit belangrik is om te weet watter deel die tema is en watter deel die rema is. Halliday (1967b: 212) sê van die tema in die stel onder andere: "The theme is that which is being talked about, the point of departure for the clause as a message and the speaker has within certain limits the option of selecting any element in the clause as thematic. As often in this area of grammar, however, one of the options is unmarked, and the identification of the unmarked option provides a useful insight into the meaning of the theme-remes structure as a whole".

5.6.2 Gemerkte en ongemerkte tema

Voordat daar oor *gemerkte* en *ongemerkte* tema iets gesê word, is dit nodig om eers die area waarvoor tematiese keuses geld aan te dui. Tematies is daar twee tipes stelle ten opsigte waarvan keuses gemaak kan word, naamlik bewerende stelle en vraende stelle. 'n Mens kan die tematiese sisteemnetwerk begin as:




(sien onder andere Muir 1972: 119)

Tematisering berus op die onderskeid wat tussen sekere ongemerkte kategorieë en sekere gemerkte kategorieë gemaak kan word. Tematiese keuses is die verskillende wyses waarop die boodskap volgens 'n prominensie-orde gerangskik kan word. Die basiese elemente wat by tematiese prominensie betrokke is, is die elemente wat reeds onder transitiwiteit bespreek is, naamlik prosesse, deelnemers aan prosesse en omstandighede wat by prosesse betrokke is. Berry (1975: 162) sê egter dat "Processes, participants and circumstances are not of course the only basic ingredients of a message. They simply happen to be the ones with which theme is concerned. Nor are the theme systems the only systems concerned with arranging things in order of prominence".

Die eerste plek in die stel en ook die laaste plek speel 'n belangrike rol om prominensie aan items te gee. Deur slegs een van die basiese bestanddele van die boodskap eerste of laaste te plaas kan prominensie daaraan verleen word. In bewerende volstelle is die subjek gewoonlik in die eerste posisie. Hiervan sê Ponelis (1979: 539): "By neutrale volgorde word die eerste sinsposisie gevul deur die onderwerp. Dat dit juis die onderwerp van alle sinstukke is wat hierdie posisie vul, is vanself beduidend. Die onderwerp vergestalt naamlik dikwels die tema/topiek van die sin, naamlik dit waaroor die sin handel, en as sodanig bevat dit dus hoogs belangrike inligting. Die onderwerp het egter in die eerste posisie gegrammatikaliseer geraak; die onderwerp dra nie in hierdie posisie nadruk nie". Dit is om hierdie rede dat bewerende stelle met die subjek in eerste posisie as tematies neutraal of ongemerk beskou kan word. (1) Vergelyk: *Ons* gaan môre swem; *Hulle* doen die werk deeglik. In terme van die ongemerkte tipe kan al die ander elemente in inleidende posisie as tematies gemerk beskou word.

(2) Vergelyk: *Môre* gaan ons swem; *Deeglik* doen hulle die werk. (Sien ook Sinclair 1972: 87 en Young 1980: 145). Ongemerkte tema by bewerende sinne sal dus die moduskomponent in inleidende posisie hê (sien Muir 1972: 98).

Wat die vraende stel betref, is die ongemerkte een dié tipe waarin die W-vraag sonder spesiale klemtoon, aan die begin staan (sien Steiner 1982: 229). Die netwerk waarmee hier bo begin is, kan nou soos volg uitgebrei word:



5.6.3 Soorte gemerkte bewerende tema

5.6.3.1 Nie-geprediseerde tema

Nie-geprediseerde tema kan verdeel word in *S-nuuttema*, *identifikasie*, *K-tema* en *A-tema*. In 'n tematies ongemerkte bewerende stel dui die subjek gewoonlik "gegeewe"¹⁾ inligting aan, in die sin dat die inligting reeds in die voorafgaande konteks genoem is, of uit die situasie bekend is. Dit is ook normaal vir die klemtoonsillabe om op die laaste leksikale item in die stel te val, bv.:

Hulle sien die *hond*

Hulle eet die *skaapboud*

Muir (1972: 99) sê: "This is what we should expect: if the subject is 'given', as the theme of the clause, then some other element is 'new' and so receives the high-light afforded by the tonic syllable". Sou 'n mens dan sê: Hy het die *toneelstuk* gesien, (en nie die rolprent nie) is *Hy* reeds bekend en is *toneelstuk* die 'nuwe' inligting. 'n Subjek kan egter vir nuwe inligting gemerk word as die beklemtoonde sillabe daarop val, bv.:

Koos het die werk gedoen (nie Jan nie).

In 'n geval soos hierdie praat ons van *S-nuuttema*.

Wat Halliday (1967b: 223), *identifikasie* noem, word deur De Villiers

1) Kyk in Halliday (1967b: 204) vir 'n verduideliking van hoe hierdie terme 'nuut' en 'gegeewe' in sistemiese grammatika gebruik word.

(1983: 198) "omkeerbare tema" genoem. Dit kom voor by identifiserende stelle (vergelyk weer 5.2.1) waar twee terme in 'n verhouding van absolute gelykheid met mekaar verbind is, bv.:

Jan is die leier

of

Die leier is Jan

In elke geval word die term waaraan die spreker prominensie wil verleen in eerste posisie geplaas. Hierdie tipe tematisering word *identifiserende tema* genoem.

In die bewerende stel kan beide die komplement direkte objek (K°) en die komplement indirekte objek (K^{ind}) getematiseer word deur dit na die eerste posisie in die stel te verskuif. Vergelyk:

Rugby speel ons - nie tennis nie

Vis eet ek - nooit vleis nie

In die geval van K° in die eerste posisie moet daar baie swaar op die konteks geleun word of die sin moet 'n spesiale soort sin wees, met 'n negatiewe teenstellende stel soos die twee voorbeelde hier bo.

K^i in inleidende posisie:

Hom gee ek die geld - nie aan haar nie

Haar vertel ek alles - niemand anders nie

Ook in die geval van die K^i in inleidende posisie geld die opmerking oor die konteks en die teenstellende stel wat by die K° gemaak is. In die geval van die tematisering van die K° en die K^i praat ons van K-tema (sien ook De Villiers 1983: 199).

Die adjunk is die laaste stelelement wat nog ten opsigte van tema bespreek moet word. As 'n adjunk in die eerste posisie in 'n stel gebruik word, noem ons dit *A-tema*. Voorbeelde daarvan is onder andere:

Môre sal die son weer skyn

Hier word hy môre begrawe

Deeglik skrop sy die vloer¹⁾

1) Young (1980: 164) wys daarop dat nie alle tipes stelelemente met dieselfde opvallendheid na die inleidende posisie verskuif kan word nie. In Afrikaans is dit ook die geval. 'n Bywoordelike bepaling van wyse is meer opvallend in inleidende posisie as bepalings van tyd en plek. Onder die tydsbepalings word *toe* en *nou* so dikwels in die eerste posisie gebruik, dat hulle, as hulle nie met spesiale nadruk as S-nuut aangebied word nie, nie opvallend is in hierdie posisie nie.

Die adjektiwiese koppelwerkwoordkomplement (K^{int}) kan ook getematiseer word. Vergelyk:

Mooi is sy, die nooi van Perskebult
Lank en *slank* is haar pragtige hals

Daar kan ook meer as een bywoord of voorsetselgroep in die tematies geaksentueerde posisie optree. Verkieslik moet hierdie items een tipe adjunk realiseer, d.w.s. òf tyd, òf wyse, òf plek, ens. Vergelyk:

Daar, by die huis, in die kamer, op die stoel voor die bed, het hy gesit en wag.

Tyd en plek kan inleidende posisie verbind, maar wyse pas nie in nie. Vergelyk:

Môre, op hierdie plek, ontmoet ons mekaar

*Goed môre doen jy dit

*Hier deeglik doen jy die werk

5.6.3.2 Geprediseerde gemerkte bewerende tema

Die eerste tipe geprediseerde tema wat hier genoem word, is *dit-tema* (Young 1980: 148). Een van die opsies by dit-tema is om die subjek vir spesiale aandag uit te sonder. Dit kan met nie-geprediseerde tema gebeur slegs in die geval van S-nuut omdat die subjek in die eerste posisie in hierdie geval die ongemerkte keuse verteenwoordig. Om met dit-tema tematies prominensie aan die subjek te verleen, word dit deel gemaak van 'n sin met die onderwerp *dit* en 'n koppelwerkwoord met die subjek wat getematiseer moet word as aanvulling. Verder word die koppelwerkwoordaanvulling gevolg deur 'n wat-sin as nabepaling. Voorbeelde is o.a.:

Dit is die man wat die prys gewen het

Dit is die boek wat hy geskryf het

Soms verskyn slegs die eerste helfte van die dit-tema konstruksie. Dit gebeur as die substansie van die tema duidelik uit die situasie=konteks afgelei kan word (sien Young 1980: 149). Voorbeelde:

(Hulle het iets hierheen gestuur)

Dit was 'n *brief*

(Betekenis: Dit was 'n brief wat hulle hierheen gestuur het)

(Iemand klop aan die deur)

Dit is seker *Jan*

(Betekenis: Dit is seker Jan wat aan die deur klop)

5.6.4 Vraende tema

By vraende tema kan daar ook onderskei word tussen *gemerkte vraende tema* en *ongemerkte vraende tema*.

In ongemerkte vraende stelle is die W-vraagwoord altyd in die eerste posisie. Vergelyk:

Waar is die boeke?

Watter een is dit?

Waarheen gaan julle?

Die W-vraagsin word tematies gemerk as die W-vraagwoord in 'n ander posisie as aan die begin voorkom, byvoorbeeld:

(Hulle gaan Kaap toe)

Hulle gaan *waar*?

(Dit is die wengroep)


Dit is *watter* groep?

Die W-vraag kan ook in die begin van die stel tematies prominensie kry as die swaarste klemtoon daarom val, byvoorbeeld:

Wie het hy geskiet?


Waar is hulle?

Die netwerk van die vraende tema kan soos volg getrek word:



5.6.5 Netwerkskets

'n Voorlopige netwerk van die belangrikste keuses wat in Afrikaans beskikbaar is, kan dus nou soos volg weergegee word:



5.6.6 Ander tematiese verskynsels

- i) 'n Manier waarop die subjek tematies meer prominent gemaak kan word, is *temaverswaring* (sien Ponelis 1979: 93) waarin 'n stuk wat 'n "ver=swaarde tema" genoem word, gevolg word deur 'n "aangehaakte" sin met *die*, waar *die* na die gereleveerde stuk terugverwys. Voorbeelde:

Maar die man dié kan skop
 Die plan dié moes ons toe verander
 My pa dié laat hom nie voorskryf nie
 Sy hare, gaan jy dié nou ongeskeer laat?

(Young 1980: 150 bespreek 'n soortgelyke verskynsel in Engels. Hy noem dit "proposed theme".)

- ii) In sy bespreking van onbepaalde verskuiwing noem Ponelis (1979: 21) dat daar 'n groot mate van vrye wisseling is tussen konstruksies met en konstruksies sonder onbepaalde verskuiwing. Voorbeelde hiervan is:

a)

Iemand het vir my gelag
 'n Bonkige gestalte doem
 voor hom in die mis op

b)

Daar het iemand vir my gelag
 Daar doem 'n bonkige gestalte
 voor hom in die mis op

Die betekenisverskil tussen die onverskuifde vorm (a) en die verskuifde vorm (b) is 'n verskil in tematiese prominensie. Daar tree 'n tematies prominente naamwoordgroep as subjek op, terwyl 'n tematies nie-prominente onbepaalde naamwoordgroep onbepaalde verskuiwing ondergaan (sien ook De Villiers 1983: 408).

- iii) Ponelis (1979: 408) wys daarop dat by onpersoonlike konstruksies tematiese verskuiwing in die vorm van "detematisering" kan voorkom. In die sin, *Die gelowiges het verlede week hier ywerig gebid*, kan *die gelowiges* op grond van S-nuuttema as die tema aangewys word. In die onpersoonlike konstruksie, waarvan hier 'n voorbeeld volg, kom daar geen tema voor nie:

Hier is verlede week ywerig gebid

- iv) De Villiers (1983: 200) wys op 'n proses wat as *usurpasie* bekend staan en wat daarop neerkom dat die bepaalde naamwoord die funksie van subjek geüsurpeer het - 'n funksie wat die naamwoord in gewone sintaktiese verbindings nie sou hê nie. Vergelyk:

Die baan (was nat en) het swaar gehardloop
 Hierdie ertjies kook moeilik
 Die verhaal vertel lekker
 Die roman lees lekker
 Katoenklere was swaar

5.7

MODUS


In hierdie hoofstuk is tot dusver aandag gegee aan sisteme wat herlei kan word tot die basiese bestanddele van die boodskap, naamlik die transitiwiteitskeuses. Daar is ook aandag gegee aan sisteme wat in verband gebring kan word met die wyse waarop die elemente van die boodskap in 'n prominensie-orde gerangskik word. Hier word nou gekyk na keuses wat verband hou met die *spreker* en die *hoorder* en die *rolle* wat hulle in die kommunikasieproses aanneem.

Modus moet nie met modaliteit verwar word nie. Modaliteit is 'n sisteem wat op groepvlak optree en wat deur modale werkwoorde gerealiseer word. Tradisioneel is ook die realisasie van die moduskenmerke aan 'n spesifieke werkwoordvorm toegeken en is daar gesê dat 'n stel met 'n bepaalde tipe werkwoord 'n bewering, of 'n vraag of 'n bevel bevat. Weens die byna totale afwesigheid van fleksievorme in Afrikaans maak dit nie sin om in 'n beskrywing van modus van "werkwoordsvorme" te praat nie. Dit is veel beter om modus as 'n eienskap van die stel in sy geheel te beskryf (sien ook Muir 1972: 93). In Afrikaans word moduskeuses gerealiseer deur 'n rangskikking van (party van) die basiese stelelemente. Vergelyk 'n mens die volgende stelling met mekaar, is dit duidelik dat (i) en (ii) 'n S-element het, en dat die S-element in (iii) kan ontbreek. Vergelyk:

- i) Hy werk.
- ii) Werk hy?
- iii) Werk!

Stelling wat 'n S-element bevat, word *indikatief* genoem, en stelling

wat nie 'n S-element bevat nie, *imperatief*.¹⁾ Die eerste keuse in die modussisteemnetwerk is dus:



As die stel indikatief is, is daar 'n verdere keuse tussen *bewerend* en *vraend*. In die bewerende stel kom die subjek voor die predikator. Vergelyk:

S	P	K
Hulle	doen	dit
S	P	A
Sy	loop	daar

Daar is twee tipes vraende sin. Die een is 'n sin wat deur 'n w-vraag=woord ingelei word, en wat 'n w-vraagsin genoem kan word. Vergelyk:

Waar skiet julle?
Wat doen julle?
Watter een is dit?

Die ander tipe vraagsin kan die *inversievraagsin* genoem word, omdat dit ontstaan as gevolg van inversie tussen die naamwoord wat die subjek realiseer en die "verbindwerkwoord".²⁾

- 1) Daar kan 'n S-element in 'n imperatiefsin voorkom, as die spreker byvoorbeeld direk na die persoon of persone wat hy wil hê die bevel moet uitvoer, verwys. Vergelyk:


Jy, loop nou!
 Jan, roer jou!
 Daardie vet man daar met die rooi skoene, tel op jou pote!

(Sien ook Muir 1972: 94). Hierdie vokatiewe aanspreekvorm is fakultatief (behalwe by: *Jy daar* ...) omdat die spreker in direkte kontak met die aangesprokene is.

- 2) Ponelis (1968: 42) gebruik hierdie term vir die verbale element in die Wg wat die nouste verband met die subjek het. As daar net een werkwoord in die Wg is, is dit outomaties ook die "verbindwerkwoord". As daar meer as een werkwoord is, kan net een van hulle die "verbindwerkwoord" wees. In *Hulle loop* is *loop* die "verbindwerkwoord". In *Hulle sal kan loop* is *sal* die "verbindwerkwoord". As 'n mens hierdie stel in 'n inversievraagsin verander, sou daar inversie plaasvind tussen *hulle* en *sal* en *sal* die vraagsin wees:

Sal hulle kan loop?

In 'n stel soos *Wie sal die eerste wees om te gaan*, word die subjek bevraag. Die antwoord sal kan wees: *S sal gaan* (en S is enige Ng wat as S kan optree). In hierdie geval kan dit *subjekbevraging* (SV) genoem word. In 'n vraende stel soos *Wanneer sal hy die boek klaar hê*, is dit nie die subjek wat bevraag word nie. In hierdie geval het 'n mens te doen met die keuse *subjek nie bevraag* (S nie V). Die modus= netwerk kan nou soos volg weergegee word:



5.8 VORM

Die vormsisteem is die teenstelling van aktief::passief. Vorm is in die eerste plek 'n sisteem in die stelgrammatika want dit beïnvloed die verhouding tussen die subjek en die res van die proposisie en het ook te doen met die aan- of afwesigheid van 'n objek en 'n agens.


By die oordra van 'n taalboodskap kies 'n spreker tussen verskillende wyses waarop die boodskap ingeklee kan word. Hy kan byvoorbeeld kies om die doener as subjek te realiseer, dan kan 'n mens 'n sin hê soos byvoorbeeld:

S(doener)	P(proses)	K°(doelwit)
Die man	slaan	die hond

Hy kan ook besluit om die K° as die belangrikste deel van die boodskap aan te bied, en verder dalk die doener heeltemal te verswyg:

K°(doelwit)	S(doener)	P(passief)
Die hond word	(deur die man)	geslaan

Behalwe die keuses uit die transitiviteitsnetwerk dra ook hierdie keuses by tot die totale "betekenis" van die boodskap. In die tweede voorbeeld hier bo kan die doener verswyg word terwyl die doelwit in die tematies belangrike eerste posisie aangebied word. Dit is 'n keuse uit die vormnetwerk, wat soos volg voorgestel kan word:¹⁾



1) Muir (1972: 138) verkies om die aktief-passief keuses op die groepvlak te beskryf en die keuses op stelvlak in terme van operatief-reseptief te beskryf. Volgens hom vereenvoudig dit die grammatika omdat die items op groepvlak dan gesien kan word as realisasies van 'n keuse hoër op in die rangskaal. Dit is egter 'n debat waarby ons nie hier betrokke hoef te raak nie.

5.9 INFORMASIE

Die informasiesisteen het te doen met die wyse waarop die spreker sy boodskap as deels "gegewe" inligting, deels "nuwe" inligting aanbied. "Gegewe" inligting is inligting wat na die spreker se mening uit die situasie agterhaalbaar is. "Nuwe" inligting is inligting wat nie uit die situasie agterhaalbaar is nie, of wat deur die spreker aangebied word asof dit nie uit die situasie agterhaalbaar is nie (vergelyk Halliday 1967b: 204).

Om die informasienetwerk te beskryf is kennis nodig van die Afrikaanse toongroep, die toniese sillabe en toon (sien Muir 1972: 101). Om dit te kan doen, sal 'n groot hoeveelheid navorsing oor, en beskrywing van, Afrikaanse prosodieë verg (vergelyk byvoorbeeld die werk wat deur Halliday 1970b oor Engels gedoen is). Omdat dit hier nie moontlik is nie word die informasienetwerk nie in hierdie verhandeling bespreek nie.

5.10 'n PAAR SISTEME OP GROEPVLAK

Behalwe die informasienetwerk is die belangrikste sisteme wat op stelvlak gevind word, bespreek. Om ten slotte 'n indruk te gee van die sisteme wat op groepvlak gevind word, word 'n paar van hulle kortliks genoem.

5.10.1 Op naamwoordgroepvlak

i) Getal

Een van die belangrikste sisteme wat in Afrikaans op naamwoordgroepvlak gevind word, is die *getalsisteen*. Getal word gewoonlik as 'n eienskap van die naamwoord gesien, maar die onderskeid tussen enkelvoud en meervoud het met meer as net die weglaat of toevoeg van 'n morfeem by die naamwoord te doen. In 4.5.3.1 is die items wat die m-element(e) van die naamwoordgroep vul, opgenoem. In die eerste plek is daar 'n onderskeid tussen die items wat in verbinding met 'n soortnaamwoord gebruik kan word en die items wat in verbinding met 'n massanaamwoord gebruik kan word. Die bepaalde en onbepaalde lidwoorde en getalmodifiserings kan saam met soortnaamwoorde gebruik word:

'n arme ou man
 die arme ou man
 die arme ou mans
 ses van die arme ou mans
 die vierde van die dertig ou mans, ens.

Die onbepaalde lidwoord *h* kan net met 'n soortnaamwoord in die enkelvoud verbind. Die bepaalde lidwoord *die* verbind met soortnaamwoorde in die enkelvoud sowel as die meervoud. As die naamwoord in die meervoud is, kan telwoorde met 'n waarde van "meer as een" ook daarmee verbind. In die deelbepaling kan ook *een* en *die eerste* in verbinding met 'n meervoudsnaamwoord gebruik word, bv. *die eerste van die ses mans*, ens.

Dit is dus nie net die toevoeging van 'n agtervoegsel by die naamwoord wat by die onderskeid van enkelvoud en meervoud van belang is nie, maar sekere items wat die m-element(e) vul, is ook vir hierdie onderskeid belangrik. Om hierdie rede word die getelsistiem in 'n sistemiese grammatika as groepseienskap beskryf en nie as woordeienskap soos wat deur baie grammatikas gedoen word nie. Naas die soortnaamwoorde wat 'n enkelvoud of meervoud kan hê, is daar die massanaamwoorde wat nie aan hierdie opposisie deel het nie. 'n Mens kan byvoorbeeld sê:

twee mans
 maar nie
 twee wyn nie¹⁾

Daar is ook gevalle waar soortnaamwoorde nie 'n meervoudsuitgang neem nie, maar in die konteks as meervoud verstaan word, deels omdat tel=

1) Massanaamwoorde kan as "skynsoortnaamwoorde" met die meervoud verbind, soos byvoorbeeld in konstruksies waar 'n deel van die naamwoordgroep verswyg word. Vergelyk:

Gee my twee wyne (Twee tipes wyn/twee glase wyn)
 Gee my twee biere (Twee biersoorte/twee glase bier)

Onder die invloed van Engels word baie naamwoorde wat tradisioneel massanaamwoorde was teenswoordig met meervoudsuitgange gebruik. Van die opvallendste voorbeelde is:

temperature; gelde (fondse); voere; kosse; materiale; belastings;
 ens.

Dit lyk of die onderskeid tussen sommige soortnaamwoorde en massanaamwoorde tans in Afrikaans onder druk verkeer.

woorde, bepaald en onbepaald, as modifiseerders voorkom. Vergelyk:

Ons het duisend skaap in hierdie kamp
Heelwat bees het hier aan hartwater gevrek


Ook hierdie voorbeelde ondersteun die argument dat dit beter is om getal as eienskap van die woordgroep te beskryf.

Samevattend kan gesê word dat daar 'n getalsisteem is met die terme *telbaar* en *nie-telbaar*. Die *nie-telbare* term word deur die *massa-* naamwoorde gerealiseer en die *telbare* term deur *soortnaamwoorde*. Soortnaamwoorde kan in die enkelvoud of in die meervoud gebruik word. Die enkelvoud moet nie bloot as die afwesigheid van die *meervouds-* agtervoegsel gesien word nie, maar ook aan sekere kenmerke van die modifiseerder(s), byvoorbeeld die voorkoms van *een* en *'n* as modifiseerders.


As die meervoud gekies word, word dit ook nie bloot deur die *toe-* voeging van 'n morfeem gerealiseer nie, maar ook dikwels deur sekere kenmerke van die modifiseerder(s). As daar 'n hooftelwoord as modifiseerder optree, is die naamwoordgroep *bepaald*. As daar 'n onbepaalde telwoord as modifiseerder optree, is die naamwoordgroep *getalsonbepaald*. Vergelyk:

Sewentig ou mans
Die ses ou mans
Verskeie ou mans
Allerhande ou mans

Die getalsisteem kan soos volg weergegee word:



en die *voorsetselvorm* as terme. Vergelyk:



5.10.2 Op werkwoordgroepvlak

Laastens word net vlugtig na twee belangrike sisteme by die werkwoord= groep in Afrikaans gekyk, naamlik *finitiwiteit* en *modaliteit*.

a) Finitiwiteit

Finitiwiteit behels die keuse tussen *finitief* en *nie-finitief*. Be= halwe by die werkwoorde *hê* en *wees* is daar in Afrikaans geen vorm= verskil tussen die werkwoorde as hulle finitief of as hulle nie= finitief voorkom nie. Die onderskeid is egter belangrik omdat die afhanklike stel deur die finitiewe werkwoord en die onafhanklike stel deur die nie-finitiewe werkwoord gekenmerk word. Vergelyk:

i) *Onafhanklike stelle*

Hy *het* 'n boek

Hulle *is* moeg


Ons *verwag* moeilikheid

ii) *Afhanklike stelle*

Lees is lekker

Om te werk is lekker


Die gebruik van *om te* in verbinding met die werkwoord is 'n aandui= ding van die feit dat die betrokke werkwoord nie-finitief gebruik is. Die betrokke sisteem is dus:



b) Modaliteit

In die modaliteitsisteem is daar 'n keuse tussen *modaal* en *nie-modaal*.

Kies die spreker modaal, gee hy uitdrukking aan sy keuse deur 'n modale werkwoord te gebruik. Modale werkwoorde is o.a. *kan; mag; sal; wil*, ens. (vergelyk De Villiers 1968: 27-31). Die modaliteitsstelsel kan soos volg voorgestel word:



5.11

SAMEVATTING

Die skets wat in hierdie hoofstuk van die Afrikaanse dieptegrammatika gegee word, is geensins volledig nie. Daar moet nog 'n groot hoeveelheid navorsing gedoen word om vollediger en meer delikate sistemetwerke vir die Afrikaanse dieptegrammatikakeuses te kan trek. Die informasienetwerk sal ook eers getrek kan word nadat daar 'n goeie beskrywing van die Afrikaanse prosodieë gemaak is. Wat hierbo gedoen is, moet dus slegs as 'n inleiding tot hierdie studiegebied in Afrikaans gesien word.

Die kort bespreking van enkele sisteme wat op groepvlak optree, is ingesluit om 'n aanduiding te gee van die rigting wat navorsing op hierdie gebied inslaan. Op hierdie terrein is Afrikaans nog heeltemal onbeskryf.


6. EVALUERING EN FINALE OPMERKINGS

6.1 INLEIDING

Die sistemiese model wat in hierdie studie gebruik word om aspekte van die Afrikaanse oppervlakte- en dieptegrammatika te bespreek, is basies die "Skaal en kategorie"-model van Halliday (1961 en '66) met wysigings deur Muir (1972), Fawcett (1974) en Berry (1975 en '77). Die meer eksplisiete modelle van Hudson (1971 en '76) en Fawcett (1980) word nie gebruik nie, omdat daar nog 'n geweldige hoeveelheid navorsing oor Afrikaans gedoen sal moet word voordat die realisasiereëls geskryf sal kan word, en ook omdat beide Hudson en Fawcett nie in die hoofstroom van sistemiese denke beweeg nie. Hudson het in elk geval die terrein van die sistemiese grammatika verlaat en sy idees nie verder ontwikkel nie. Fawcett het weer 'n mentalistiese benadering, soos die transformasionaliste (vergelyk weer 2.1), en wyk dus af van die res van die sistemiese skool wat taal as handelingspotensiaal beskou. Omdat Halliday die kernfiguur in die ontwikkeling van hoofstroom sistemiese denke is, kom sy idees dikwels in hierdie studie op die voorgrond, en is baie van die kritiek wat op die "Skaal en kategorie"-grammatika gelewer word dan ook direkte kritiek op Halliday.

6.2 DIE RANGSKAAL

Van die skerpste kritiek wat op Halliday se idee van 'n rangskaal gelewer is, was dié van Matthews (1965). Sy belangrikste beswaar was gerig teen die vereiste dat elke item ten volle op elke vlak op die rangskaal verantwoord moes word. Dit vereis noodwendig dat die teorie vir enkelvertakking in 'n strukturele diagram voorsiening moes maak (vergelyk weer 4.4). Halliday sluit ook eksplisiet opwaartse rangverskuiwing uit (sien Matthews 1965: 104). As 'n mens op elke vlak van die rangskaal probeer verantwoording doen van 'n sin soos *Die man lees die boek*, ontstaan daar geen probleme nie. Dit is 'n sin, bestaande uit een stel. Die stel bestaan op sy beurt weer uit drie groepe, naamlik twee naamwoordgroepe en 'n werkwoordgroep. Elkeen van hierdie groepe bestaan weer onderskeidelik uit woorde wat op hulle beurt uit morfeme opgebou is. Die ontleding kan soos volg met 'n diagram voorgestel word:



Sodra die prosesse van neweskikking (koördinasie) en verryking (subordinasie) betrokke is, ontstaan daar probleme. In 'n neweskikkende konstruksie soos *Hulle werk en speel* is dit byvoorbeeld duidelik dat die dele *Hulle werk* en *speel* stelstruktuurelemente realiseer. *Hulle werk* is 'n stel met 'n SP-struktuur, en *speel* is 'n stel met slegs 'n P-element. Die woord *en* is nie deel van een van hierdie twee stelle nie, maar is tog duidelik deel van die saamgestelde sin *Hulle werk en speel*. Vergelyk die onderstaande bondige diagrammatiese ontleding

Σ			
α	&		
S	P		P
Hulle	werk	en	speel

Wat die posisie met *en* nog ingewikkelder maak, is dat *en* ook op ander vlakke van die rangskaal items verbind. Vergelyk:

- i) Ons hou van brood *en* tee
- ii) Hulle eet graag pap *en* melk

Ook *maar* en *of* kan soos *en* op meer as een vlak op die rangskaal optree.

Vergelyk:

maar Hulle werk bedags hard *maar* rus snags goed
 Hulle is arm *maar* gelukkig

of Hulle werk *of* speel
 Ek hou van koffie *of* tee

Van hierdie items sê Muir (1972: 73): "It seems, in fact, that the linkers should not be regarded as constituents in the structure at all, but as realisation of a rank-free system of linkage".

ʼn Ander groep items wat problematies is, is die groep wat deur Ponelis (1968: 66) die "verbindende sinsbywoorde" genoem word. Voorbeelde van hulle is onder andere: boonop, daarom, eweneens, gevolglik, nietemin, origens, vervolgens, weliswaar, ens. Verder moet ook die bindwoorde wat by inlywing (verryking) optree, verantwoord word. In ʼn sin soos *Ek weet dat hy kom* is dit byvoorbeeld maklik om twee stelle, *Ek weet*, en *hy kom*, te herken. Alhoewel die meeste grammatici die *dat* as deel van die ingelyfde sin sal beskou, is dit nie deel van die stel *hy kom* nie. Dit kan ewe maklik weggelaat word. Vergelyk:

Ek weet *hy kom*

In sy antwoord op die kritiek van Matthews (1965) noem Halliday (1965) ʼn hele paar belangrike taalteoretiese redes waarom ʼn rangskaalgrammatika ʼn belangrike hipotese oor die aard van taal is. Wat egter van meer direkte belang vir sistemiese grammatika is, is die feit dat hy dit beklemtoon dat die rangskaal dien om punte van oorsprong van sisteme en strukture met mekaar te verbind. Om aan te dui dat ʼn sisteem op ʼn gegewe plek op die rangskaal optree, is die eerste stap in die beskrywing van sy verwantskap met ander sisteme. Ook Anderson (1969) ondersteun die idee van ʼn rangskaalgrammatika. Soos Muir (1972: 70-73) en Butler (1985: 29-33) het hy dit ook teen Halliday se vereiste van volledige verantwoording op elke vlak van die rangskaal.

Butler (1985: 32) noem nog ʼn ander baie belangrike argument ten gunste van ʼn rangskaalgrammatika. Hy sê dat een van die belangrikste doelstellings met die ontwikkeling van die sistemiese model was om ʼn grammatika te skryf wat geskik sou wees vir die ontleding van tekste. Deur van

eenhede op 'n rangskaal gebruik te maak kan 'n teks in verskillende dele opgebreek word en gee dit aan 'n mens ook 'n basis waarop tekste vergelyk kan word.

Alhoewel die idee van 'n rangskaalgrammatika 'n debatteerbare saak bly, kan 'n grammatika baie sinvol en nuttig wees. Dit is miskien nodig om die rangskaal te hersien om vir minder vlakke voorsiening te maak. Allerton (1979: 202-207) redeneer dat slegs twee primêre vlakke nodig is, naamlik die sinsvlak en die morfeemvlak. Die sin is die eenheid wat vir hom 'n volledige spraakhandeling verteenwoordig¹⁾ en as konstruksie bestaan dit uit òf morfeme, òf intermediêre strukture wat hy "frases" noem. 'n Aanpassing soos hierdie sal daartoe lei dat die definisies van transitiwiteit, modus en tema ook aangepas sal moet word, omdat die stel as eenheid dan uit die grammatika sal wegval.

6.3 RANG EN DIEPTE

In die "Skaal en kategorie"-model van sistemiese grammatika wat hier bo as basis van die bespreking dien, is die rangskaal deel van die oppervlaktegrammatika. Dit moet egter weer beklemtoon word dat die term *oppervlaktegrammatika* in sistemiese teorie iets anders beteken as in die klassieke transformasionele grammatika (vergelyk Lyons 1968: 206-208).

Die sistemiese oppervlaktegrammatika behels die beskrywing van die strukturele verhoudings tussen eenhede op die rangskaal in terme van sintagmatiese of skakelverhoudings. Sistemiese dieptebeskrywings moet ook nie met transformasionele dieptestrukture verwar word nie, want dit het te doen met die paradigmatische verhoudings of keuseverhoudings in taal, wat in terme van sistemiese eienskappe in die vorm van sisteemnetwerke beskryf word (sien byvoorbeeld Butler 1985:40-46).


Die rangskaal in 'n sistemiese grammatika lê 'n verband tussen verskillende eenhede. Die diepteskaal lê weer 'n verband tussen verskillende strukture. Berry (1975: 116-122) wys daarop dat die rangskaal en die diepte=

1) Allerton sê nie presies wat hy met "spraakhandeling" bedoel nie. Op die konteks geoordeel, lyk dit egter of sy bedoeling aansluit by dié van onder andere Searle (1969) en Holdcroft (1978).


skaal op grond van elkeen se besondere aard dikwels (in 'n groot mate) saamval. As illustrasie kan die volgende sinne geneem word:

- i) Die man sien die hond
- ii) Die man sien die hond wat die kat jaag
- iii) Die man sien die hond wat die kat jaag wat die muis vang


'n Diagrammatiese ontleding van (i) toon aan dat rang en diepte in hierdie sin presies saamval:



In (ii) val die rangskaal en die diepteskaal nie so presies saam nie, want die rangverskuifde stel, *wat die kat jaag*, het self sy eie S, P, K wat weer self verder ontwikkel kan word nes die S, P, K van die stel, *Die man sien die hond*. Vergelyk:



In sin (iii) word daar weer 'n verdere bysin as k by die naamwoordgroep *die kat* ingelyf. Dit veroorsaak inlywing op 'n groter diepte as wat die geval is by die inlywing van *wat die kat jaag* in die diagram hier bo. As 'n mens die relatiewe diepte van 'n ingelyfde eenheid met 'n pyltjie merk van $\downarrow\Sigma$ tot ... $n\Sigma$, dan sal 'n mens *wat die muis vang*, $\downarrow\downarrow\Sigma$ moet merk. Vergelyk:




6.4 DIE STRUKTUURKATEGORIE


Afgesien van die probleme wat die sistematici het om in alle gevalle sinvol tussen univariate strukture en multivariate strukture te onderskei (sien weer 2.2.3.2.2), is daar ook nog ander besware wat teen die sistematici se siening van struktuur gemaak kan word. Berry (1975: 77) sê byvoorbeeld van strukture dat hulle "compound patterns, formed by the interaction of simple patterns" is. Hierdie strukturele verwantskap word deur die sistematici in 'n "veelvuldige konstituent"-diagram aangedui (sien Hudson 1965). Die tipe diagram moet noodwendig van boskryfte¹⁾ voor=

1) Ek gebruik die term *boskryf* vir die Engels "superscript", en sal, waar nodig, die term *onderskryf* vir die Engels "subscript" gebruik.

sien word omdat dit nie soos die strukturele diagramme van byvoorbeeld die vroeëre transformasionele grammatika funksionele gegewens deur middel van dominansie aandui nie. In plaas van die volgende ontleding van *Die man lees die boek*:



het 'n mens dan 'n ontleding soos die volgende:



Daar is ook nog ander boskryfte soos K^i en K^{int} , vir die indirekte objek en die intensiewe komplement respektiewelik. 'n Teoretiese beswaar hier teen is dat dit die grammatika onnodig gekompliseerd kan maak en dat die eenvoudige vereiste wat aan grammatika gestel word, verwaarloos word. Daar is egter niks wat aan hierdie beswaar gedoen kan word solank as wat die sistemiese model van 'n rangskaal gebruik maak nie, want die rangskaal vereis dat hierdie tipe "veelvuldige konstituent"-diagram gebruik word (vergelyk Hudson 1967: 225-250 en Butler 1985: 37-38).

Omdat struktuur in die "Skaal en kategorie"-model van sistemiese grammatika gesien word as dié kategorie wat verantwoording doen van patroonmatigheede op die sintagmatiese as, behoort strukturele ontledings, in terme van die onderskeid wat Halliday (1966) tussen oppervlaktegrammatika en dieptegrammatika gemaak het, tot die oppervlaktegrammatika. Hierdie beskouing word deur Muir (1972) en Berry (1975 en 1977) gehandhaaf.

So 'n streng onderskeid tussen die oppervlakte en diepte, lewer 'n baie beperkte oppervlaktegrammatika, waarmee daar nie veel onderskeide getref kan word nie. As 'n mens net op die oppervlakte wil werk, kan jy byvoorbeeld nie struktureel onderskei tussen twee sinne soos die volgende nie:

Die man sien die onderwyser

Die man is 'n onderwyser

Albei het die volgende oppervlaktestruktuur:

S P K

Om *Die man is 'n onderwyser* van *Die man sien 'n onderwyser* te onderskei, kan die passieftoets gebruik word. Die oomblik wat dit gedoen word, is 'n mens reeds in die dieptegrammatika, want die aktief-passief omskrywing het te doen met tematisering wat deel is van die teksbouende funksie van taal (sien onder andere Halliday 1970: 164).

Die onderskeid wat in al die diagramme hier bo tussen die intensiewe komplement en die ekstensiewe komplemente gemaak word, is onderskeide in terme van transitiwiteit, wat weer te doen het met die ideëkomponent van die grammatika. 'n Mens het met die intensiewe komplement te doen in koppelwerkwoordstelle soos *Hy is 'n onderwyser*, maar ook in stelle wat kompleks transitief is, soos byvoorbeeld *koning* in *Hulle maak hom koning*.

'n Mens moet eenvoudig van die semantiese onderbou gebruik maak om te sien dat *koning* in hierdie sinnetjie 'n intensiewe komplement is. Die semantiek en sintaksis bly voortdurend in interaksie (vergelyk De Villiers 1975) en 'n té streng skeiding van die twee lewer 'n baie arm oppervlaktegrammatika wat die taalbeskrywing nie tot veel werklike nut kan wees nie.

6.5 DIE KATEGORIE KLAS

In die 1961-model van "Skaal en kategorie"-grammatika word *klas* soos volg deur Halliday gedefinieer: "The class is that grouping of members of a given unit which is defined by the operation in the structure of the unit next above" (Halliday 1961: 160). Op p. 261 gaan hy voort: "Class like structure is linked to unit: a class is always a class of (members of) a given unit, and the class-structure relation is constant - a class is always defined with reference to the structure of the unit next above,

and the structure with reference to classes of the unit next below".

Dit moet onthou word dat daar binne hierdie model van sistemiese grammatika gepraat word van *sintaksis* as gekyk word na die rol wat 'n betrokke item speel in die struktuur van die eenheid direk daarbo op die rangskaal, en van *morfologie* as gekyk word na die interne samestelling van die item self (kyk weer 4.3 asook Butler 1985: 33). Daar is dus 'n groot onderskeid tussen die opwaartse kyk na die rangskaal (sintagmaties) en die afwaartse kyk na die rangskaal (morfologies). Halliday (1961) se definisie van klas is problematies. 'n Voorbeeld van 'n probleem wat daardeur opgelewer word, word deur die onderstaande voorbeeldsinne geïllustreer:

- i) *Hierdie maand* lyk baie belowend
- ii) Ek sit *hierdie maand* opsy vir ekstra werk
- iii) Ons vertrek *hierdie maand*

As die groepklasse beskryf moet word in terme van hulle optrede in die struktuur van die stel, moet die onderstreepte eenheid *hierdie maand* in (i) en (ii) as 'n naamwoordgroep beskou word, maar in (iii) is dit nie die geval nie. In (iii) is die onderstreepte eenheid 'n adverbiaal¹⁾.

Fawcett (1974: 9-10) het reeds gewys op hierdie probleem wat Halliday met sy opvatting oor klas het. Hy stel voor dat morfologiese eienskappe ook in ag geneem moet word by die definisie van 'n klas. Hy sê onder andere: "Indeed, to invoke it is to obscure one of the most elegant characteristics of language. This is the model's ability to state economically the fact that a relatively small number of units can carry a very large number of complex meanings precisely because there is not a one-to-one relationship between unit and element of structure". Met ander woorde, soos wat die naamwoordgroep in die plek van meer as een struktuurelement kan optree, so kan ook die voorsetselgroep in die plek van meer as een struktuurelement optree, ens.

1) Tradisionele grammatikas praat in hierdie geval van "funksiewisseling" (sien byvoorbeeld Kempen 1969).

Vergelyk:

S	P
<i>Die man</i>	<i>lees</i>

S	P	K
<i>Die man</i>	<i>lees</i>	<i>die boek</i>

S	P	K
<i>Hy</i>	<i>hou</i>	<i>van meisies</i>

S	P	A
<i>Hy</i>	<i>sit</i>	<i>op die stoep</i>

In die bespreking van die oppervlaktegrammatika in 4 word die klasse dan ook beskryf in terme van sowel hulle opwaartse verhoudings op die rangskaal as die verhoudings wat hulle afwaarts het. Hierdie siening toon 'n ooreenstemming met die funksionele en kategoriale gegewens wat Ponelis (1968) as "binnebou" en "buitebou" respektiewelik bespreek. Dit is om hierdie rede dat daar so 'n groot mate van ooreenstemming is tussen hierdie beskrywing van die oppervlaktegrammatika en die beskrywings van onder andere Ponelis (1968), Senekal e.a. (1972) en Botha (1985).

6.6 DIE TAKSONOMIESE AARD VAN DIE "SKAAL EN KATEGORIE"-MODEL

'n Verdere belangrike beswaar wat teen die "Skaal en kategorie"-model gemaak kan word, is dat dit *taksonomies* is. Met *taksonomiese* benadering word hier bedoel 'n studie waarin die versameling en rangskikking van gegewens oor die studie-objek die primêre doel is (sien onder andere Chomsky 1965: 57 en Botha 1978: 33). Botha (1978: 400-401) bespreek kortliks die verskille wat tussen die taksonomiese taalondersoek en die generatiewe taalondersoek bestaan. Van die belangrikste eienskappe van taksonomiese taalondersoek wat hy noem, is dat dit behavioristies is; dat dit as oogmerk die versameling en klassifikasie van korpusgebonde feite het; dat dit nie van idealisering gebruik maak nie en dat dit nie 'n wetmatige karakter het nie.

Alhoewel hierdie kritiek in 'n groot mate waar is (sien Butler 1985: 38), is dit nie so dat "Skaal en kategorie"-grammatika primêr in die versameling van korpusgebaseerde feite geïnteresseerd is nie. Halliday het reeds op 'n vroeë stadium (sien Halliday 1965) sy "Skaal en kategorie"-

grammatika as meer as net 'n raamwerk vir 'n taksonomie gesien. Mettertyd het die sistemici, veral Hudson en Fawcett, meer en meer in ooreenstemming met die vereistes soos aan generatiewe taalondersoek gestel, en deur Botha (1968: 400-401) uiteengesit, begin werk. Tog is dit so dat die ouer sistemiese grammatikas sterk taksonomies van aard was, maar of 'n mens, soos Botha (1968: 33), hulle "voorwetenskaplik" wil noem, is 'n vraag waarvan die antwoord van 'n bepaalde taalonderzoeker se wetenskapsfilosofiese opvattinge afhanklik is. Soos in 1 bespreek, is daar tot op datum nog geen vaste en onomstootlike beskouing oor wat dan wetenskap sou wees en wat nie. Daarom sê Stofberg (1985: 15) dan ook: "To give a generally acceptable definition of 'science' is probably impossible. Not only do people disagree about what exactly is involved in scientific practice, they also disagree about the nature of the relationship between science and society, science and religion, science and ideology, and so on".

Daar word nie hier verder op die wetenskapsfilosofiese argumente ingegaan nie. Dit moet egter net beklemtoon word dat die woord *taksonomies* nie as 'n skelwoord gesien moet word nie, en dat navorsing en beskrywing, al is dit taksonomies van aard, tog ook nuttig en bruikbaar kan wees. Hierdie punt word ook soos volg deur Butler (1985: 380) onderskryf: "There is one important point which should be made in defence of the Scale and Category approach. Halliday saw his theory as giving rise to descriptive methods which were applicable to the analysis of texts, and there is no doubt that Scale and Category linguistics does provide a useful set of categories for this purpose, and has for this reason proved to be a highly suitable model in, for example, stylistic studies ..."

Voorbeelde van werk wat in hierdie opsig gedoen is, is onder andere die opstel van Sinclair (1966: 68-81), met die titel: "Taking a poem to pieces", en 'n verdere bydrae van Sinclair (1968) met die titel: "A technique of stylistic description".

Ook Halliday het belangrike bydraes gelewer soos onder andere 'n opstel met die titel: "Linguistic function and literary style: an enquiry into the language of William Golding's 'The Inheritors'" in Halliday (1973). Hierdie opstel word skerp deur Fish in Freeman, red. (1981) gekritiseer. Ter verdediging van Halliday kan egter gesê word dat 'n groot gedeelte van Fish se kritiek spruit uit die feit dat hy die "Skaal en kategorie"-model nie korrek verstaan nie.

Daar is nog heelwat ander stilistiese artikels, waarvan net die belangrikste hier genoem word, naamlik Sinclair (1972), Burton (1977), Hasan (1984), Ventola (1984), Butt (1984) en Weber (1984). (Vergelyk ook 6.8 hier onder).

6.7 TOEPASSING VAN DIE OPPERVLAKTEGRAMMATIKA OP TWEË TEKSTE

Om die toepasbaarheid van die oppervlaktegrammatika te illustreer word hier van twee kort tekste gebruik gemaak, naamlik twee gedigte, die een, "My venster is ..." van Van Wyk Louw en die ander een, "Digter", van D.J. Opperman.

N. P. van Wyk Louw

D. J. Opperman

My Venster is 'n Blanke Vlak

My venster is 'n blanke vlak
in skaduwee en skemering,
waar ek my nagte waak en wag
op magiese deursuiwering:

dat hierdie siel deursigtig word
in vreemde voorgevoelde lig,
tot kring bo kring opglans en straal
in eindelose vergesig;

dat wat ek nog verlore waan,
o my verlore dae in my,
in hierdie stille skemering
hul vorming en gestalte kry,

tot ek my eensaamheid besit,
volmaak, as kosbare gewin,
van duister wense en van smart
die uiterste deurstraalde sin.

Digter

Ek is gevang
en met die stryd
ërens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban

waar al my drange
na 'n verlore vaderland
my dag na dag geëiland
hou met horisonne en verlange,


en in die geel gloed van die kers
snags deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stelliasies vers


wat groei tot boeg en mas
en takelwerk – en die uiteindelijke
reis met die klein skip
geslote agter glas.


Uit Opperman (1980: 125)


Uit Opperman (1980: 257)


h Strukturele ontleding van "My venster is ..." met die stelrangverskuiwing aangedui:














'n Strukturele ontleding van "Digter", met die stelrangverskuiwing aangedui







Aantekeninge by die ontledings

- 1) In die eerste plek word daarop gewys dat die ontledings nie enduit ontwikkel is nie. Dit is in elke geval net ver genoeg ontwikkel om die relatiewe diepte van ingelyfde sinne aan te toon. Onvolledige dele word met 'n stippellyn aangedui.


- 2) Die ontledings van die twee gedigte verteenwoordig in elke geval slegs een sintaktiese interpretasie. Dit word aanvaar dat daar meningsverskille oor die plasing van eenhede in 'n struktuurdiagram kan bestaan. In die eerste strofe van "My venster ..." kan daar byvoorbeeld geredeneer word dat die plekplasing *waar ek my nagte waak en wag* 'n k-element by die naamwoordgroep met *skemering* as hoofwoord (reël 2) vul, en nie optree in die naamwoordgroep met hoofwoord *vlak* soos in die diagram op p. 13 aangedui word nie. Die plasing van *o my verlore dae in my* as K° in (reël 10) binne die ingelyfde onderwerpsin mag ook 'n debat uitlok.

Ook in "Digter" kan daar sulke twyfelgevulle aangedui word. Is die spreker byvoorbeeld *gevang met die stryd êrens in die ewigheid*, m.a.w. vul *êrens* en *in die ewigheid* k-elemente by die naamwoordgroep wat *stryd* as hoofwoord het, of vul hulle, soos in die ontleding aangedui, A-elemente in die stel met die P-element gevul deur *verban*.


- 3) Hier is nie tyd en ruimte om komplekse eenhede soos die naamwoordgroepe *al my verlange na 'n verlore vaderland; van duister wense en van smart die uiterste deurstraalde sin* in "Digter", en 'n werkwoordgroep soos *opstraal en glans* in "My venster ...", in besonderhede te ontlee nie.

- 4) Die ontledings van "Digter" en "My venster ..." lê baie duidelik die tekortkomings van 'n oppervlaktebenadering soos dié wat hier gevolg word, bloot. Die aanduiding van sekere implisiete dele in terme van 'n onderliggende konseptuele struktuur sou in party van die gevalle baie meer eksplisiet en verhelderend gewees het. 'n Mens sou byvoorbeeld deur die implisiete elemente in (2) uit "My venster ..." tussen hakies in te voeg, kan aantoon dat dit dieselfde onderwerp as (1) het, en ook deur dieselfde bindwoord *waar* met die geheel geskakel word.

Vergelyk bijvoorbeeld die onderstaande skets met die skets op p. 195.



Vergelyk ook uit strofe een van "Digter" die sinsnede: Ek is gevang en ... verban:



Konstruksies soos: *laat skik tot klein stelladies vers* (uit "Digter") en *wat ek nog verlore waan, o my verlore dae in my* (uit "My venster..."), wat in die ontledings hier bo as deel van komplekstransitiewe konstruksies aangedui word, kan na my mening beter verduidelik word in terme van 'n "bodem- en omsettingsegment" soos byvoorbeeld gedoen word deur Ponelis (1968: 114-120) waar hy "komplemente by die oorganklike werkwoorde" bespreek. Volgens sy ontleding kan aangetoon word dat die woordjie *tot* in die verbinding: *tot klein stelladies vers*, wat in die ontleding hier bo as *voorsetsel* aangedui word, nie in werklikheid 'n voorsetsel is nie, maar dat dit 'n koppelwerkwoord in die dieptestruktuur vervang. Dit is dieselfde *tot* wat voorkom in die volgende voorbeeldstelle:

Hulle kies hom *tot* leier
 Hy is bevorder *tot* korporaal
 Julle maak my *tot* gek

5) Opmerkings oor die struktuur van die twee gedigte

Beide "Digter" en "My venster..." bestaan sintakties uit een enkele sin. In "Digter" bestaan die oorkoepelende struktuur uit twee neweskikkende sinne, wat deur *en* verbind is. Hierdie twee sinne beslaan die hele eerste strofe. Die res van die gedig, naamlik drie strofes, is ingelyfde sinne wat 'n k-element in die naamwoordgroep wat *Ceylon* as hoofwoord het, vul. Hierdie naamwoordgroep vorm deel van die voorsetselgroep wat 'n A-element vul in die neweskikkende sin waarin die P-element deur die Wg *verban* gevul word.

Die laaste drie strofes van die gedig vorm dus sintakties nie 'n hegte deel van die sin waarby dit ingelyf is nie, omdat A-elemente slegs aan "omstandighede" ("circumstantials") uitdrukking gee (sien onder andere Halliday 1967a: 51ff). Hulle vorm dus weglaatbare dele in die stelstruktuur en hulle verskyning of weglating verander nie die wesenskenmerke van die stel nie.

In "My venster..." is daar slegs een oorkoepelende struktuur, 'n enkele koppelwerkwoordstel, waarby die res van die gedig ingelyf is as k-elemente by die naamwoordgroep met *vlak* as hoofwoord, wat die

K^{int} -element van die ontvangsin vul. Verder is die sinne wat as (3) en (4) in die ontleding aangedui word by k-elemente ingelyf. Dit is net sin (5) wat 'n A-element vul.

Die inlywing in "My venster..." vind tot op 'n relatiewe diepte van drie ($\downarrow\downarrow\downarrow\Sigma$) plaas. In "Digter" gaan dit net tot op 'n diepte van twee ($\downarrow\downarrow\Sigma$). Dit op sigself gee aanduiding van 'n meer gekompliseerde struktuur in "My venster...", maar sê natuurlik nie iets oor die literêre verdienstelikheid van die gedigte nie.

Hier bo is aangetoon dat beide die gedigte slegs uit een sin bestaan. Struktureel is die sin waaruit "Digter" bestaan nie so 'n hegte eenheid as die sin waaruit "My venster..." bestaan nie. As 'n mens ander moontlike ontledings vir elkeen van hierdie gedigte kon maak, en dit is moontlik, omdat die plasing van eenhede by party knope in die ontledings hier bo debatteerbaar is, sou jy kon bewys dat ons met sintaktiese homonimie te doen het. Omdat elke gedig uit slegs een sin bestaan, sou dit dan ook beteken dat daar meer as twee gedigte sou wees - soveel sinne, soveel gedigte!

6.8 TOEPASSING VAN DIE DIEPTEGRAMMATIKA OP 'n TEKS

Bogenoemde strukturele ontledings is 'n aanduiding van die wyse waarop 'n "Skaal en kategorie"-grammatika gebruik kan word vir die ontleding en die vergelyking van tekste. Die ontledings was egter slegs in terme van die oppervlaktegrammatika. Hier volg ook nou 'n voorbeeld van die soort ding wat met die dieptegrammatika bereik kan word: As voorbeeld word die gedig van D.J. Opperman, "Ballade van die Gysland" geneem.

BALLADE VAN DIE GRYSLAND

Die vroegre boere-paradijs
is nou een molshoop, groot en grijs
Totius: Trekkerswee

I

Uit tonnels van die nag tuur
ek oor rook en mis as ysterspore
my in kringe van die stad instuur.

Teen dakke en skoorstene blink
die son, soos in 'n leeggeloopte dam
op bottelskerwe en geroeste sink.

Eers in slote langs die straat,
met blou koffiekannetjies en pik
het ek verbygangers beny, gehaat.

Toe het ons tot 'n staaldriehoek
die leë olievatte opgestapel –
bye aan 'n nat bruin heuningkoek.

En haar hande, soos oor 'n klavier,
gryp en vou en gryp en vou
stukke sjokolade in blinkpapier.

Draaisae gil en in my ore
klink die geklets van beitels,
die geneul van swart motore.

Uiteindelik valse syfers neergekrap,
kon ek uit vet van viskafees
na 'n paradys ontsnap.

II

Na tuine van die nag, waar neonligte blom,
het ek met haar gevlug; maar by my was
die vrees – die rekenmeester kom.

Bo na sterre, soos die grootwiel,
van sterre na die aarde,
duisel elke vrou my siel.

Bioskoop en dans, draak en die fisant
dra ons op die mallemeul
nagliks na 'n Feëland.

'n Pennieslotmasjien se kake
spoeg 'n kaartjie na my uit:
„Wees veral versigtig met geldsake.”

O die vrees! as die rekenmeester kom
hoe sal ek kan verantwoord
en verslag gee van sy eiendom?

Die dag breek grou: „op tafelblad”
links in my smalle kamer
staan leë bottels in hul nat’.

O week na week gebonde
'n haas aan die ovale kring
en agter my ses honde.

III

Die hospitaal is wit-gevlak en koel
as die glaspypie water uit my tap . . .
tot ek die vrees weer voel.

Smiddags groei 'n oog uit elke kwas
en in die nanag gryp 'n vlermuis
my dae soos 'n tros lukwarte vas.

'n Knop het in my keel gekom
die oggend toe die peerboom
in die steenkoolerf wit blom.

O as die rekenmeester kom!
wat sal ek van sy wêreld
nog kan wys aan hom?

Deur tralies wat die tuin omsluit
kyk ek en my verwarde broers
verlangend na die stad nog uit:

hoe deur die reën en laaste lig,
krukkig soos nat voëls
loop elke jas met sy gesig.

Blinkpapier, mallemeul en wiel,
'n laphaas en ses honde
om en om . . . die dun spil van die siel.

(Uit Opperman 1980: 254–256)

Die eerste taak is om vas te stel watter stelle in die gedig gebruik is. Hulle word weergegee met hulle implisiete dele tussen hakies. Die drie passasies waarin die gedig verdeel is, word vervolgens afsonderlik bespreek.

Die eerste passasie

Vir die doel van die bespreking word daar in die eerste passasie dertien stelle onderskei. Slegs die subjek (S), predikator (P) en die komplemente (K) word weergegee omdat hulle nodig is om vas te stel watter deelnemers en prosesse betrokke is. Die adjunkte (A) word nie weergegee nie. Die dertien stelle in die eerste passasie van die gedig is die volgende:

1. *ek* tuur
2. ysterspore stuur *my*
3. die son blink
4. *ek* het verbygangers beny
5. (*ek* het verbygangers) gehaat
6. *ons* het die olievate opgestapel
7. *haar hande* gryp (stukke sjokolade)
8. (haar hande) vou stukke sjokolade
9. draaisae gil
10. die geklets van beitels klink
11. die geneul van swart motore (klink)
12. (*ek*) het vals syfers neergekrap
13. *ek* kon ontsnap

In ses van hierdie stelle (nl. 1, 4, 5, 6, 12 en 13) is die verteller in die subjekposisie in die stel. Maar hy is 'n *doener* slegs in stelle 1, 6, 12 en 13 waarin daar materiële prosesse plaasvind. In 4 en 5 is hy nie 'n doener nie, maar is hy 'n *prosesseerder* wat betrokke is by 'n verstandelike proses. In hierdie twee gevalle is die verstandelike prosesse wat ter sprake is *geïnternaliseerde reaksieprosesse*. Hy doen dus nie self iets nie, maar reageer bloot net op wat van buite aan hom gedoen word.

Daar is sewe ander stelle in hierdie passasie en in elkeen van hulle het ons met 'n materiële proses te doen, d.w.s in elkeen van hulle

word na 'n werklike aksie verwys. In stel 3 het ons met 'n *materiële gebeurtenisproses* te doen. In stelling 2, 7, 8, 9, 10 en 11 het ons met *intensionele aksieprosesse* te doen. Wat egter van belang is in die verloop van die ballade is dat die doeners in hierdie stelling almal òf nie-menslik òf nie-lewend is. Die vroulike persoon waarna daar verwys word, word verontmenslik deurdat daar in 'n sinekdogeïese beeld slegs op haar hande gekonsentreer en hulle as meganiese instrumente, dus nie-lewend, voorgestel word. Die *Grysland* is 'n wêreld waarin die meeste van die doeners wat by materiële prosesse betrokke is nie-lewende entiteite is. Alhoewel hulle nie-lewend is, word daar eienskappe van lewende dinge aan hulle toegeken, byvoorbeeld *draaisae gil, beitels klets, motore neul*.

Die tweede passasie

In die tweede passasie word die volgende agtien stelling vir die doel van die bespreking onderskei:

14. *ek* het met haar gevlug
15. *die vrees* was by my
16. *die rekenmeester* kom
17. *elke vrou* duisel my siel
18. *bioskoop* dra ons
19. *dans* (dra ons)
20. *draak* (dra ons)
21. *fisant* (dra ons)
22. *'n pennieslotmasjien se kake* spoeg 'n kaartjie uit
23. wees veral versigtig met geldsake
24. *die rekenmeester* kom
25. hoe sal *ek* kan verantwoord?
26. (hoe sal *ek* kan) verslag gee?
27. *die dag* breek
28. *leë bottels* staan
29. (*ek* is) 'n haas in 'n ovale kring
30. (*ek* is) gebonde
31. die honde (is) agter *my*

In die eerste passasie was die verteller slegs in een stelling (stelling 2)

in die direkte objekposisie: "... as ysterspore *my* in kringe van die stad instuur". In die tweede passasie is daar vier stelle (18, 19, 20 en 21) waarin hy in die direkte objekposisie in die stel is. Hy en (vermoedelik) die meisie waarmee hy gevlug het, word deur *bioskoop*, *dans*, *draak* en *fisant* na 'n "feëland" gedra. Weer eens het ons te doen met nie-lewende doeners. En die sprekers se deelnemersrol is nou dié van *doelwit* van die aksie van die nie-lewende doeners. Hy doen dus nie meer self dinge nie, maar hulle word aan hom gedoen. In stelle 29 en 30, waarin hy wel in die onderwerpsposisie verskyn, is hy die *attribuant* in 'n relasionele proses, en nie 'n aktiewe deel=nemer nie.

Die derde passasie

Vir die doel van die bespreking word die volgende stelle in die derde passasie onderskei:

32. *die hospitaal* is witgekalk
33. (die hospitaal is) koel
34. *die glaspypie* tap water uit my
35. *ek* voel die vrees
36. *h oog groei* ... uit elke kwas
37. *h vlermuus* gryp my dae vas
38. *h knop* het in my keel gekom
39. *Die peerboom* blom
40. *die rekenmeester* kom
41. wat sal *ek* kan wys ...?
42. *ek en my verwarde broers* kyk hoe ...
43. *elke jas* loop ...
44. Blinkpapier, mallemeul en wiel, 'n laphaas en ses honde (draai/wentel) om die dun spil van die siel.

In hierdie passasie verskyn die verteller as doener slegs drie maal in die onderwerpsposisie, naamlik in stelle 35, 42 en 43. In 42 is hy die onderwerp in 'n vraagsin, en doen hy dus nie werklik iets nie. Hy vra ook wat hy moet doen. In 42 is hy saam met sy "verwarde broers" die doener, en is hulle betrokke by 'n proses wat as *mate=rieel* en *intensioneel* beskryf kan word, maar wat nie oorgaan op 'n doelwit nie. Dit is dus nie 'n gerigte proses nie. Die werkwoord

uitkyk in hierdie stel sluit aan by die werkwoord *tuur* in die eerste stel van passasie een. Die prosesse betrokke by beide *uitkyk* en *tuur* dui op 'n onbetrokkenheid van die doeners, omdat dit nie gerigte prosesse is nie. Dit is prosesse sonder 'n doelwit. In hierdie opsig eindig die verhaal soos hy begin het, met die verteller wat die *Grysland* van buite af waarneem.

In die wêreld waarin hy nou is, wemel dit van nie-menslike en nie-lewende doeners, bv. *die glaspypie* (34), *'n oog* (36), *'n vlermuis* (37), *'n knop* (38), *die peerboom* (39), *elke jas* (43) en *blinkpapier, mallemeul* en *wiel*, *'n laphaas* en *ses honde* (44). Die enigste stel waarin hy alleen in die subjekposisie verskyn, is 35: *Ek voel die vrees*. Dit is 'n stel wat uitdrukking gee aan 'n geïnternaliseerde perseptuele proses waarin die verteller die deelnemersrol van *prosesseerder* het, en *die vrees* dié van *fenomeen*. Hy is dus in dié geval ook nie aktief betrokke nie, want persepsie behels nie 'n doelbewuste daad nie. Die verteller *doen* slegs in stel 42 iets, en hier bo is reeds daarop gewys dat dit 'n nie-gerigte doen is.

In die *Grysland* is die verteller in die eerste passasie nog aktief betrokke by die prosesse deur self as *doener* op te tree. In die tweede passasie begin dit reeds drasties anders lyk. Die "paradys" en "feëland" waarheen hy ontsnap het, is 'n wêreld waarin hy nie meer as 'n *subjek* wat dinge *doen* optree nie, maar waarin hy 'n *objek* word *aan wie die dinge gedoen word*. Verder word hy ook die objek van nie-lewende en nie-menslike doeners. In die laaste passasie doen hy niks meer nie, hy *voel* net *die vrees* en *kyk uit na die stad*. Die enigste doeners in hierdie passasie is nie-lewende en nie-menslike dinge.

Hierdie ontwikkeling wat in die semanties-grammatiese struktuur van die stelle waaruit die gedig opgebou is, aangetoon word, loop parallel met die verhaalmatige verloop van die gedig. In die eerste passasie skilder die verteller sy aankoms in die *Grysland*, sy aanvanklike swaarkry en die kans om van die swaarkry te ontvlug. Die tweede passasie bevat sy geskiedenis in die "paradys" waarheen hy ontvlug en en die ironie van sy bestaan daarin. In die derde passasie bevind hy homself in 'n gestig vir kranksinniges, waarheen hy gedryf is deur sy

vrees vir die "rekenmeester" wat gaan kom.

Hy kom van buite na die *Gryslan*d, nie uit vrye wil nie, maar word deur *ysterspore* daarheen *gestuur*. Van die begin af word hy 'n al hoe minder aktiewe deelnemer aan die prosesse waarby hy betrokke is, en al hoe meer die doelwit van die prosesse wat deur nie-menslike en nie-lewende doeners uitgevoer word.

Hier word nie te kenne gegee dat die interpretasie van die gedig van die studie van die dieptegrammatika afhanklik is nie. Die *Gryslan*d en die ontmensliking daarin word baie duidelik gestel deur die verloop van die verhaal en deur die beelde, soos byvoorbeeld die sinekdogeïese "elke jas met sy gerig" en "haar hande ... gryp en vou". Dink verder ook aan 'n beeld soos: "... in die nanag gryp 'n vlermuis/my dae soos 'n tros lukwarte vas", en talle ander. Die verteller se hulploosheid in hierdie onmenslike wêreld van die grootstad en die wyse waarop hy deur die noodlot meegevoer word, word egter baie duidelik weerspieël in die dieptegrammatika van die stelle waaruit die ballade opgebou is. In dié opsig verskaf Halliday se sistemiese model 'n waardevolle ondersteunende hulpmiddel by die lees en interpretasie van die gedig.

6.9

ANDER TOEPASSINGS VAN SISTEMIESE TAALKUNDE

Sistemiese teorie word op verskillende terreine van die taalkunde en sy buurwetenskappe toegepas. Butler (1985: 193-213) gee 'n oorsig van verskillende toepassings van sistemiese teorie. Hier word slegs van die belangrikstes daarvan genoem:

In die eerste plek kan gesê word dat sistemiese teorie 'n belangrike rol speel in die werk van Winograd (1972). Met behulp van die sintaktiese model van Hudson (1971) het hy 'n rekenaar geprogrammeer om diskoers te produseer en te interpreteer. In die eerste plek wou Winograd met sy rekenaarprogram 'n bruikbare taalinterpretasiesistiem ontwikkel. Verder wou hy ook taalkundige modelle toets en 'n dieper insig kry in die wyse waarop taal werk. Hy wou ook sy kennis van kunsmatige intelligensie verbreed en 'n groter begrip kry van die wyse waarop insigte op hierdie gebied deur die rekenaar gemodelleer kan word. Uit die aard van die saak is Winograd se werk hoogs

tegnies en uiters gespesialiseerd en kan daar nie hier verder daarop ingegaan word nie (vergelyk ook Winograd 1983). Hulpmiddels tot 'n begrip daarvan is die opsommende verduidelikings van Fawcett (1973: 7-11 en 1980: 12-18).

Op die gebied van die taalstudie en die taalonderrig is die eerste belangrike publikasie Halliday, McIntosh en Stevens (1964), gevolg deur McIntosh en Halliday (1966). Die werk van die "Schools Council Programme in Linguistics and English Teaching" (1967-1971) was ook 'n baie belangrike bydrae op die gebied van die taalstudie en onderwys. Die doelstellings van hierdie program word deur Butler (1985: 202) soos volg opgesom: "... to look into the teaching of English from a linguistic viewpoint, to make a study of modern English in terms which would be helpful to teachers, and to offer recommendations on pedagogical aims and methods".

Die "Schools Council Programme" het aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid publikasies, waarvan MacKay, Thomson en Schaub (1970); Doughty, Pearce en Thornton (1971 en 1972); Thornton, Birch en Hudson (1972) en Halliday (1974) uit 'n linguistiese oogpunt die belangrikste is. Vir 'n opsommende bespreking en waardering van die "Schools Council Programme" se werk en 'n waardering van die invloed wat Halliday se teorie daarop gehad het, kan Steiner (1982: 260-322) geraadpleeg word.

In 2.2.4.6 is genoem dat Halliday die werk van Bernstein (1971) as basis vir sy sosiosemantiese teorie gebruik het. Hierdie betrokkenheid van Halliday by die werk van Bernstein het dan ook gelei tot navorsing op die gebied van kindertaalontwikkeling, en Halliday (1975) is 'n weergawe van die resultaat daarvan (kyk ook weer 2.2.3.4).

Heelwat werk word ook binne 'n sistemiese raamwerk aan teksstudie gedoen. Van die belangrikste publikasies op hierdie terrein is Halliday en Hasan (1976), waarin die begrip van *tekstkohesie* breedvoerig uiteengesit word; Halliday (1977: 176-225); Hasan (1978: 228-246) asook Martin (1980). (Vergelyk ook weer 6.6 hier bo).

Op die gebied van die diskoersontleding is daar ook belangrike werk binne die "Skaal en kategorie"-raamwerk gedoen. Sinclair en Coulthard

se diskoersmodel maak voorsiening vir 'n rangskaal waarop die laagste eenheid die *akt* ("act") is. Die akt val ten nouste saam met die grammatiese eenheid die *stel*. Die eenheid direk bo die akt op hulle diskoersrangskaal is die *skuiף* ("move"), wat uit *dade* ("deeds") opgebou is. Op hulle beurt vul *dade* weer plekke in die struktuur van *verwisselings* ("exchanges") wat op hulle beurt *transaksies* ("transactions") vorm (vergelyk Sinclair en Coulthard 1975: 24-60). Die grootste eenheid op Sinclair en Coulthard se diskoersrangskaal is die *interaksie*. Die klaskamerles is 'n voorbeeld van 'n interaksie: "The lesson is the highest unit of classroom intercourse, made up of series of transactions" (Sinclair en Coulthard 1975: 59).

Bogenoemde diskoersmodel het as vertrekpunt gedien vir verdere ontwikkelings op die gebied van diskoersontleding. In die latere werk val die klem al hoe meer op die rangvlak van die *verwisseling*. Hierdie eenheid word dan ook die sentrale eenheid in die diskoersmodelle wat uit die werk van Sinclair en Coulthard (1975) ontwikkel het (vergelyk Butler 1985: 153).

Dit val nie binne die bestek van hierdie paragraaf om verder op die ontwikkeling van sistemies-gefundeerde diskoersanalise in te gaan nie. Vir 'n wyer agtergrond oor die werk wat op hierdie gebied gedoen is, kan Coulthard (1977), Coulthard en Montgomery (reds.) (1981) en Butler (1985: 148-163) gelees word.

Ten slotte word daarop gewys dat die opstelle van Hasan, Ventola, Butt en Weber in *The Nottingham Linguistic Circular* 13, 1984 'n indruk gee van die toepassing van meer resente sistemiese teorie op die gebied van die literêre studie, terwyl die opstel van Poynton in dieselfde tydskrif 'n toepassing van sistemiese teorie op die gebied van die naamkunde is.

6.10 FINALE OPMERKINGS

In hierdie paragraaf word finale opmerkings oor twee sake gemaak. Die eerste stel opmerkings handel oor *die sistemiese taalkunde in die algemeen*. Die tweede stel opmerkings gaan oor *die doelstellings van hierdie verhandeling*.

6.10.1 Sistemiese taalkunde in die algemeen

Die "Skaal en kategorie"-benadering tot die oppervlaktegrammatika wat in 4 gevolg is, is baie tradisioneel van aard en gaan daarom mank aan baie van die gebreke wat eie is aan tradisionele grammatika. Ten opsigte van die beskrywing van die struktuur van die verskillende eenhede op die rangskaal bied die "Skaal en kategorie"-model geen insigte wat 'n verbetering is op, of 'n verdieping van, die bestaande beskrywings van Afrikaans waarna daar in 4 verwys is nie. Eintlik kompliseer die "gleuf en vuller"-model die sintaktiese beskrywing op 'n onnodige wyse. Verder hanteer die sintaktiese model van Ponelis (1968) heelwat van die feite op 'n duideliker wyse as wat die geval is met die "Skaal en kategorie"-model. As voorbeelde kan die *komplekstransitiewe konstruksie* (kyk weer 4.6.3.2) en die *infinitiefsinne* (kyk weer 4.10.3.1.2) genoem word (vergelyk ook Ponelis (1968:114-120 en 125-126).

Ten opsigte van die beskrywing van die dieptegrammatika maak die sistemiese model egter wel 'n bydrae. Die beskrywing van hierdie dieperliggende verhoudings in terme van *transitiwiteit*, *modus* en *tema* verskaf duidelike onderliggende kenmerke waarvolgens items beskryf en vergelyk kan word. Dit kan ook ontwikkel word in 'n generatiewe basis vir 'n eksplisiete sistemiese grammatika van Afrikaans.

Om egter 'n eksplisiete grammatika van Afrikaans op hierdie wyse te ontwikkel is 'n meer gedetailleerde en delikate beskrywing van transitiwiteit, modus en tema noodsaaklik, en 'n beskrywing van die informasiesisteenetwerk. Dit sal natuurlik ook 'n studie van Afrikaanse prosodieë noodsaak asook 'n beskrywing van sisteme op groepvlak en van die leksikon. Verder sal 'n mens ook moet kies watter rigting jy wil inslaan. Jy kan, soos Halliday, verkies om taal op 'n interpersoonlike manier te benader, of jy kan soos Fawcett taal as intra-persoonlik beskou (vergelyk weer 2.2.4.3).

Halliday se model het uit verskeie oorde skerp kritiek uitgelok. Fawcett (1975: 32-36) het veral sy *gedragsemantiek* ("behavioural semantics") aangeval en gesê dat dit nie deel van die taalstudie vorm nie. Berry (1982: 64-90) kritiseer sy teorie van taal as sosiale semeotiek. Volgens haar is dit niks meer as 'n skets van 'n teorie

nie en beweer sy verder dat dit op gebrekkige data gegrond is.

Die neiging van Halliday om belangrike afleidings te maak op grond van gebrekkige data word ook deur Butler (1985: 88) genoem. Butler (1985: 17) kritiseer Halliday ook omdat hy nie sy begrippe met genoegsame taalmateriaal illustreer nie. Dit maak sy teorieë moeilik om te ver=tolk en ook moeilik om verkeerd te bewys.

Berry (1980: 1-60) lewer 'n skerp aanval op die metodologie van die sistemiese skool. Sy het dit veral teen wat sy noem "a lack of motivation", en pleit dat verskeie van hulle belangrike teoretiese aannames weer in heroorweging geneem moet word.

Ten spyte van al die teoretiese en praktiese probleme wat met siste= miese teorie ondervind word, bly dit myns insiens 'n interessante en insiggewende benadering tot die studie van taal. Ek wil daarom hier= die subparagraaf afsluit met 'n aanhaling uit Butler (1985: 230):

"What, then, are the directions which systemic linguistics may be expected to follow in the near future? It seems that there will be further developments in the analysis of discourse, and in the application of systemic models to stylistics and to work in artificial intelligence. A more penetrating analysis of the relationships between language and social context, developing the work of Hasan and Berry, seems likely. It is to be hoped that side by side with these activities there will be a radical reappraisal of the methodological bases of systemic linguistics, and a determined effort to make more rigorous the categories which are central to this fruitful approach to language".

6.10.2 Doelstellings

In 1.1 word daar vyf doelstellings genoem wat in hierdie verhandeling nagestreef word. In die eerste plek word gesê dat die herkoms en aard van sistemiese teorie geskets sal word. In 2 en 3 word daar dan ook spesifieke aandag aan uitvoer van hierdie doelstellings gegee, en word die beginsels waarvolgens 'n generatiewe sistemiese grammatika werk, geskets. Doelwit twee, naamlik die verduideliking van die hoofstroom sistemiese model, kry in 3 spesifieke aandag, asook die variasie van die model waarvolgens die beskrywing van Afrikaans in 3 en 4 gedoen word. Die kritiese opmerkings in 6 hou ook met hier= die doelstelling verband.

Die derde doelstelling, naamlik 'n kritiese blik op die sistemiese model wat hier gebruik word, en ook kritiek op sistemiese teorie in die algemeen, kom veral in 6 aan die beurt. Weens die beperkte aard van die verhandeling is die kritiek veral gerig op die "Skaal en kategorie"-model, en word die verskillende generatiewe modelle wat in 2 genoem word nie verder bespreek nie.

'n Verdere doelstelling wat in 1 genoem word, is die identifikasie van navorsing oor Afrikaans wat in 'n sistemiese raamwerk aangepak kan word. Hier het die klemtoon veral geval op werk wat oor die diepte-grammatika gedoen kan word, en is ook die rigting aangedui wat navorsing en beskrywing sal moet inslaan indien 'n mens sistemiese generatiewe grammatikas van Afrikaans wil skryf.

In die laaste plek moet hierdie werk as verslag dien van 'n navorsingsprojek oor sistemiese grammatika. Uit die aard van die saak moes die verslag in sekere opsigte ingeperk word, en plek-plek selfs kursories van aard wees. Dit is totaal onmoontlik om die hele terrein van navorsing en uiteenlopende publikasies van byna 'n kwart eeu in 'n verhandeling soos hierdie een te dek. Waar die weergawe drasties ingekort moes word, word literatuurverwysings aangegee sodat die belangstellende leser dit kan nagaan en self die hiate kan vul.

7.

LYS VAN AFKORTINGS EN SIMBOLE

α	onafhanklike sinskomponent	lw bep	lidwoord bepaald
β	afhanklike sinskomponent	lw onbep	lidwoord onbepaald
β_1	toevoeging	m	modifiseerder
β_2	toegewing	massanw	massanaamwoord
β_3	rapportering	mod prt	modale partikel
Σ	sin	mv	meervoud
$+\Sigma$	ingelyfde sin	MW	medewerkwoord
$\downarrow\Sigma$	ingelyfde sin op 'n diepte van een	Ng	naamwoordgroep
$\downarrow\downarrow\Sigma$	ingelyfde sin op 'n diepte van twee	onafh	onafhanklik
$\downarrow\downarrow\downarrow\Sigma$	ingelyfde sin op 'n diepte van drie	oortr	oortreffend
a	agterelement	P	predikator
A	adjunk	selfst adj	selfstandige adjektief
adv	adverbiaal	skw	skakelwerkwoord
afh	afhanklik	skw dir	skakelwerkwoord direk
Ag	adjektiefgroep	skw ind	skakelwerkwoord indirek
b	basis	Snw	selfstandige naamwoord
bep	bepaald	Subg	substantiefgroep
bp	bepaling	S	subjek
bndprt	bindpartikel	soortnw	soortnaamwoord
bw	bywoord	tw	telwoord
dbp	deelbepaling	tw bep	telwoord bepaald
ev	enkelvoud	v	voorelement
h	hoofwoord	vnw	voornaamwoord
hlpw	hulpwerkwoord	Vsadj	voorsetseladjektief
hlpw mod	hulpwerkwoord modaal	VsAg	voorsetseladjektiefgroep
hlpw tyd	hulpwerkwoord van tyd	verg	vergroterend
HM	hoofmoment	Vsg	voorsetselgroep
htw	hoofdelwoord	Wg	werkwoordgroep
k	kwalifiseerder	w int	intransitiewe werkwoord
K	komplement	w tr	transitiewe werkwoord
K^{ind}	komplement indirekte objek	Z	stel
K^{int}	komplement intensief	+Z	ingelyfde stel
K°	komplement direkte objek	$\downarrow Z$	ingelyfde stel op 'n diepte van een
l	leksikale werkwoord	$\downarrow\downarrow Z$	ingelyfde stel op 'n diepte van twee
lw	lidwoord	$\downarrow\downarrow\downarrow Z$	ingelyfde stel op 'n diepte van drie

8.

BIBLIOGRAFIE

- ANDERSON, J., 1969. "A note on 'rank' and 'delicacy'" in
Journal of Linguistics 5.1, pp. 101-187.
- ALLERTON, D.J., 1979. *Essentials of grammatical theory*.
Routledge & Kegan Paul, Londen, Boston en Henley.
- BARNES, A.S.V., 1948. *Afrikaanse Grammatika en Taalkunde*.
Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.
- BERNSTEIN, B., 1971. *Class, Codes and Control 1: theoretical
studies towards a sociology of language*.
Routledge & Kegan Paul, Londen.
- BERNSTEIN, B., (red.) 1973. *Class, Codes and Control. Volume 2*.
Routledge & Kegan Paul, Londen.
- BERRY, M., 1975. *Introduction to Systemic Linguistics 1*.
Batsford, Londen.
- _____, 1977. *Introduction to Systemic Linguistics 2*.
Batsford, Londen.
- _____, 1980. "They're all out of step except our Johnny:
A discussion of motivation (or the lack of it)
in systemic linguistics".
(Hersiene weergawe van 'n lesing gehou vir die
"Seventh Systemic Workshop", Sheffield,
10 September, 1980).
Afgerolde teks beskikbaar by: Department of
English Studies, Universiteit van Nottingham.
- _____, 1982. "Review of Halliday, M.A.K., *Language as a
Social Semiotic*" in
The Nottingham Linguistic Circular, 11:1, pp. 64-92.
- BLOOMFIELD, L., 1933. *Language*.
Henry Holt en Kie., New York.

- BOTHA, J.P., 1985. *Afrikaanse Sintaksis vir Voorgraadse Studente*.
McGraw-Hill, Johannesburg.
- BOTHA, R.P., 1978. *Generatiewe Taalondersoek*.
H.A.U.M., Kaapstad.
- BURTON, D., 1977. "Dialogue and Discourse: on stylistic analysis
and modern drama texts, with an illustration
from Tom Stoppard" in
The Nottingham Linguistic Circular, 5:3, pp. 41-59.
- BUTLER, C.S., 1979. "Recent Developments in Systemic Linguistics" in
Language Teaching and Linguistics: Abstracts,
No. 12, pp. 71-89.
- _____, 1985. *Systemic Linguistics: Theory and Applications*.
Batsford, Londen.
- BUTT, D., 1984. "Perceiving as making in the poetry of
Wallace Stevens" in
The Nottingham Linguistic Circular, 13, pp. 124-143.
- CALAME, P., 1977. "A poetic model: an analysis of Robert Graves'
'The Cool Web'" in
The Nottingham Linguistic Circular, 5:3, pp. 31-40.
- CAWS, P., 1967. *Scientific Method in The Encyclopedia of
Philosophy*, Volume 7.
MacMillan Publishing Company, New York, Londen.
- CHOMSKY, N., 1964. *Current issues in linguistic theory*.
Mouton, Den Haag.
- _____, 1965. *Aspects of the theory of syntax*.
The M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts.
- COMBRINK, J.G.H., 1974. *Afrikaanse semantiek*.
Nasou Beperk, Kaapstad

- COMBRINK, J.G.H., 1974 "Soek: Afrikaans se fleksie" in
Odendal, F.F. (e.a.) (reds.)
Taalkunde, 'n lewe, pp. 21-30.
Tafelberg, Kaapstad.
- CRYSTAL, D., 1972. *Linguistics*.
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- DE KLERK, G.J., 1968. "Die morfologie van Afrikaans" in
Afrikaans: sy aard en ontwikkeling.
Van der Merwe, H.J.J.M., e.a., pp. 169-208.
J.L. van Schaik Bpk., Pretoria.
- DE SAUSSURE, F., 1959. *Course in general linguistics*.
(Engelse vertaling deur Wade Baskin)
Peter Owen, Londen.
- DE VILLIERS, M., 1948. *Woordsoorte, werkwoorde en tye*.
Nasionale Pers, Kaapstad.
- _____, 1968. *Die Grammatika van Tyd en Modaliteit*.
Balkema, Kaapstad.
- _____, 1969. *Afrikaanse Klankleer*.
A.A. Balkema, Kaapstad.
- _____, 1975. *Die Semantiek van Afrikaans*.
H.A.U.M., Kaapstad.
- _____, 1983. *Afrikaanse grammatika vir Volwassenes*.
Nasou Bpk., Kaapstad.
- DE VILLIERS, M., e.a. (reds.) 1967. *Kernwoordeboek van Afrikaans*.
Nasou Beperk, Kaapstad.
- DIK, S.C., 1980. *Studies in Functional Grammar*.
Academic Press, Londen.

- DINNEEN, F.P., 1967. *An introduction to general linguistics*.
Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, San Francisco, Londen.
- DOUGHTY, P.S., PEARCE, I.J. & THORNTON, G.M., 1971. *Language in Use*.
Edward Arnold, Londen.
- _____, 1972. *Exploring Language*.
Edward Arnold, Londen.
- DRESSLER, W.U., 1978. *Current Trends in Text Linguistics, Volume 2*.
Walter de Gruyter, Berlyn
- DU PLESSIS, H., 1982. *Sintaksis vir Eerstejaars*.
Academica, Kaapstad.
- DU TOIT, P.J., 1982. *Taalleer vir Onderwyser en Student*.
Academica, Kaapstad.
- FAWCETT, R.P., 1973. *Systemic Functional Grammar in a Cognitive Model of Language*.
Department of Phonetics and Linguistics,
University College of London - afgerolde stuk.
- _____, 1974. "Some Proposals for Systemic Syntax" in
MALS Journal, 1974-6, en heruitgegee met
klein veranderinge in 1981 deur: Department
of Behavioural and Communication Studies,
Polytechnic of Wales, Treforest, Cardiff,
CF 37 1DL.
- _____, 1980. *Cognitive Linguistics and Social Interaction*.
Julius Groos Verlag, Heidelberg.
- _____, 1982. "The Current State of Play in Linguistics:
A non-Chomskyan View"
Department of Behavioural and Communication
Studies, Polytechnic of Wales, Treforest,
Cardiff, CF 37 1DL.

- FAWCETT, R.P., 1984. "System networks, codes and knowledge of the universe" in Fawcett, e.a. (reds.) *The Semiotics of Culture and Language 2*.
Frances Pinter, Londen.
- FIRTH, J.R., 1957. *Papers in Linguistics: 1934-1951*.
Oxford University Press.
- _____, 1964. *The Tongues of Men and Speech*.
Oxford University Press.
- FISH, E., 1982. "What is stylistics and why are they saying such terrible things about it" in *Essays in Modern Stylistics*.
Red.: Donald C. Freeman.
Methuen, Londen.
- FOWLER, R., (red.) 1966. *Essays on Language and Style*.
Routledge & Kegan Paul, Londen.
- FREEMAN, D.C., (red.) 1970. *Linguistics and Literary Style*.
Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, Londen.
- _____, (red.) 1982. *Essays on Modern Stylistics*.
Methuen, Londen.
- FROMKIN, V. en RODMAN, R., 1978. *An Introduction to Language*.
Holt, Rinehart en Winston, Inc. New York, Londen.
- GIVÓN, T., 1979. *On understanding grammar*.
Academic Press, New York, San Francisco, Londen.
- GREENBAUM, S., 1969. *Studies in English Adverbial Usage*.
Longman, Londen.
- HALLIDAY, M.A.K., 1961. "Categories of the Theory of Grammar" in *Word*, 17.3, pp. 241-292.

- HALLIDAY, M.A.K., 1965. "Types of Structure" afgerolde stuk vir
Programme in the Linguistic Properties of Scientific English,
 opgeneem in Halliday en Martin (1981).
- _____, 1966. "Some Notes on Deep Grammar",
Journal of Linguistics 2.1, pp. 57-67.
- _____, 1967a. "Notes on Transitivity and Theme" 1 in
Journal of Linguistics, 3:1.
- _____, 1967b. "Notes on Transitivity and Theme" 2 in
Journal of Linguistics, 3:2.
- _____, 1968. "Notes on Transitivity and Theme" 3 in
Journal of Linguistics, 4:2.
- _____, 1970. "Language Structure and Language Function" in
 Lyons (red.) *New Horizons in Linguistics*,
 pp. 140-165.
 Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- _____, 1973a. *Explorations in the functions of language*.
 Edward Arnold, Londen.
- _____, 1973b. *The functional basis of language*, in
 Bernstein (red.) (1973), pp. 343-366.
- _____, 1974. *Language and Social Man*.
 Longman for the Schools Council.
- _____, 1975. *Learning how to mean - Explorations
 in the Development of Language*.
 Edward Arnold, Londen.

- HALLIDAY, M.A.K., 1977. "Text as Semantic Choice in Social Contexts" in
T.A. van Dijk (red.) *Grammars and Descriptions*,
pp. 176-225.
Walter de Gruyter, Berlyn.
- _____, 1978. *Language as a social semiotic*.
Edward Arnold, Londen.
- _____, 1979. "Modes of Meaning and Modes of Expression" in
Allerton (e.a.) (reds.) *Function and Context
in Linguistic Analysis*.
Cambridge University Press.
- _____, 1984. "Language as Code and Language as Behaviour" in
Fawcett (e.a.) (reds.) *The Semiotics of
Culture and Language 1*.
Frances Pinter, Londen
- HALLIDAY, M.A.K. en HASAN, R., 1976. *Cohesion in English*.
Longman, Londen.
- HALLIDAY, M.A.K., McINTOSH, A., STREVEN, P., 1964. *The linguistic
sciences and language teaching*.
Longman Linguistic Library, Londen.
- HALLIDAY, M.A.K. en MARTIN, J.R., 1981. *Readings in Systemic
Linguistics*.
Batsford, Londen.
- HARRIS, Z.S., 1951. *Structural Linguistics*.
The University of Chicago Press, Chicago & Londen.
- HASAN, R., 1973. "Code, Register and Social Dialect" in
Class, Codes and Control, Vol. 2.
Bernstein, B., (red.) pp. 253-292.
Routledge & Kegan Paul, Londen.

- HASAN, R., 1978. "Text in the Systemic-Functional Model" in
W.U. Dressler (red.), *Current Trends in
Text Linguistics Vol. 2.*
Walter de Gruyter, Berlyn.
- _____, 1984. "The nursery tale as a genre" in
The Nottingham Linguistic Circular :13, pp. 71-102.
- HOLDCROFT, D., 1978. *Words and Deeds. Problems in the Theory
of Speech Acts.*
Clarendon Press, Oxford.
- HONDERICH, T. & BURNYEAT, M. (reds.), 1979. *Philosophy as it is.*
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- HUDDLESTON, R., 1965. "Rank and Depth" in
Language, 41:IV, pp. 574-586.
- HUDSON, R.A., 1967. "Constituency in a systemic description
of the English clause" in
Lingua 18:3, pp. 225-250.
(Ook opgeneem in Halliday en Martin 1981)
- _____, 1971. *English Complex Sentences.*
North-Holland, Amsterdam.
- _____, 1974. "Systemic Generative Grammar" in
Linguistics 139, pp. 5-42.
- _____, 1976. *Arguments for a Non-transformational Grammar.*
University of Chicago Press, Chicago.
- JESPERSEN, O., 1928. *A Modern English Grammar.*
George Allen & Unwin, Bpk., Londen.
- KEMPEN, W., 1969. *Samestelling, Afleiding en woordsoortlike
Meerfunksionaliteit in Afrikaans.*
Nasou Bpk., Kaapstad.

- KRESS, G., 1976. *Halliday: System and Function in Language*.
Oxford University Press
- LAMB, S., 1966. *Outline of stratificational grammar*.
Georgetown University Press, Washington D.C.
- LANGACKER, R.W., 1967. *Language and its structure*.
Harcourt Brace Jovanovich, Inc., New York, Chicago, San Francisco,
Atlanta.
- _____, 1972. *Fundamentals of Linguistic Analysis*.
Harcourt Brace Jovanovick, Inc., New York.
- LANGENDOEN, D.T., 1968. *The London School of Linguistics: A study
of the linguistic theories of B. Malencowski
and J.R. Firth*.
The M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts.
- LEECH, G.N., 1971. *Meaning and the English Verb*.
Longman, Londen.
- LYONS, J., 1968. *Introduction to theoretical Linguistics*.
Cambridge Unviversity Press.
- LYONS, J., (red.) 1970a. *New Horizons in Linguistics*.
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- _____, 1970b. *Chomsky*.
Fontana/Collins, Londen.
- _____, 1977. *Semantics 1 & 2*.
Oxford University Press, Londen & New York.
- _____, 1981. *Language and Linguistics - An
Introduction*.
Cambridge University Press.

- MacKay, D., Thompson, B. & Schaub, P., 1970. *Breakthrough to Literacy: Teacher's Manual: The Theory and Practice of Teaching Initial Reading and Writing*.
Longman for the Schools Council.
- MALENOWSKI, B., 1969. "The problem of meaning in primitive languages" in
Ogden, C.K. en Richards, I.A., *The meaning of Meaning*. (10e druk), pp. 296-336.
Routledge & Kegan Paul, Londen.
- MARTIN, J.R., 1981. *Lexical Cohesion*.
Department of Linguistics,
University of Sydney, Australië.
Afgerolde stuk.
- MATTHEWS, P.H., 1970. "Recent developments in Morphology" in
Lyons, (red.) *New Horizons in Linguistics*,
pp. 96-114.
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- _____, 1979. *Generative Grammar and Linguistic Competence*.
Allen & Unwin, Londen.
- McINTOSH, A. en HALLIDAY, M.A.K., 1966. *Patterns of Language. Papers in General Descriptive and Applied Linguistics*.
Longman Linguistic Library, Londen.
- MITCHELL, T.F., 1975. *Principles of Firthian Linguistics*.
Longman, Londen.
- MONAGHAN, J., 1979. *The Neo-Firthian Tradition and its Contribution to General Linguistics*.
Niemeyer, Tübingen.
- MOORE, T. en CARLING, C. 1982. *Understanding language: Towards a Post-Chomskyan Linguistics*.
The MacMillan Press Ltd., Londen and Basingstoke.

- ODENDAL, F.F., 1962. *Die struktuur van die Afrikaanse wortelmorfeem.*
H.A.U.M., Kaapstad.
- _____, 1976. *Aspekte van Taal.*
Nasou Bpk., Kaapstad.
- OPPERMAN, D.J., 1980. *Groot Verseboek.* (Agste druk)
Tafelberg, Kaapstad.
- PALMER, F., 1971. *Grammar.*
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- PONELIS, F., 1968. *Grondtrekke van die Afrikaanse Sintaksis.*
J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria.
- _____, 1979. *Afrikaanse Sintaksis.*
J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria.
- POSTHUMUS, M.J., 1971. "Probleme rondom die morfologie" in
Van der Merwe, H.J.J.M. e.a.
Inleiding tot die Taalkunde, pp. 90-100.
J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria.
- PRATT, V., 1978. *The philosophy of the social sciences.*
Methuen, Londen.
- PUTNAM, H., 1979. "The 'Corroboration' of theories" in
Honderich, T. en Burnyeat, M. (reds.),
Philosophy as it is.
Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, England.
- QUIRK, R. e.a. (reds.), 1972. *A Grammar of Contemporary English.*
Longman, Londen.
- ROBINSON, I., 1975. *The New Grammarian's Funeral.*
Cambridge University Press, Cambridge.

SCHONEES, P.C. e.a. (reds.) 1965. *HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.*

Voortrekkerpers, Johannesburg.

SEARLE, J.R., 1969. *Speech Acts.*

Cambridge University Press.

SENEKAL, e.a. 1972. *Die Patroon van Afrikaans.*

Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg.

SINCLAIR, J. McH., 1968. "A technique of stylistic description" in *Language and Style*, No. 1, pp. 215-242.

_____, 1972a. *A course in spoken English: Grammar.*
Oxford University Press, Londen.

_____, 1972b. "Linguistics, stylistics and candle-light" in *The Nottingham Linguistic Circular*, 11:1, pp. 8-15.

SMITH, N. en WILSON, D., 1979. *Modern Linguistics. The results of Chomsky's revolution.*

Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England

STEINER, E., 1982. *Die Entwicklung des Britischen Kontextualismus.*

Julius Groos Verlag, Heidelberg.

STOFBERG, J.A., 1985. *University Morality and Neutrality - in South Africa.*

Manuskrip van 'n monografie

Departement Filosofie

Universiteit van Natal

Durban

THORNTON, G., BIRK, D. & HUDSON, R.A., 1972. *Language at Work.*

Longman for the Schools Council.

- VAN DALE, 1950. *Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*,
bewerk deur dr. C. Kruyskamp en dr. F. de
Tollenaere.
Marthinus Nijhof, 's-Gravenhage.
- VAN DER WESTHUIZEN, P.D., 1974. *h Beskrywing van Aspekte van die
Afrikaanse Houdingsdisjunkte*.
Ongepubliseerde M.A.-verhandeling,
Universiteit van Pretoria.
- _____, 1981. "Oor leksikale aspek in Afrikaans" in
Communique, UNIN taalbuero, 6:1, pp. 50-59.
- VAN DIJK, T.A., 1977. *Research in Text Theory: Grammars and
Descriptions*.
Walter de Gruyter, Berlyn.
- VAN NIEKERK, J.G.L., 1982. *Leksikale aspek en temporele
spesifikasie in Afrikaans*.
Ongepubliseerde M.A.-verhandeling,
Universiteit van Natal
Durban.
- VENTOLA, E., 1984. "The dynamics of genre" in
The Nottingham Linguistic Circular 13, pp. 103-123.
- WEBER, J.J., 1984. "Deontic, axiological and epistemic distance
in Graham Green's 'The Honorary Council'" in
The Nottingham Linguistic Circular 13, pp. 46-156.
- WINOGRAD, T., 1972. *Understanding Natural Language*.
Edinburgh University Press, Edinburgh.
- _____, 1983. *Language as a Cognitive Process. Vol. 1:
Syntax*.
Addison-Wesley Publishing Company, Reading, Massachusetts.

WHORF, B.L., 1956. *Language, Thought and Reality*.
The M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts.

YOUNG, D., 1980. *The Structure of English Clauses*.
Hutchinson, London, Johannesburg.